Biblioteek

Saak No 267/87 (CPD)

74/90

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPèLAFDELING

In die saak tussen

ADRIAAN ALETTUS NIEUWOUDT ..... APPELLANT

en

DIE STAAT ..... RESPONDENT

CORAM : HEFER, NESTADT et VIVIER ARR.

AANGEHOOR : 2, 3, 4, 7, 8, 9, 10 en 21 MEI 1990.

GELEWER : 6 JUNIE 1990.

UITSPRAAK

J J F HEFER AR /

HEFER AR :

Op verskeie geleenthede gedurende die tydperk van-af ongeveer Desember 1979 tot Desember 1981 het drie werk-nemers van Consolidated Diamond Mines (Edms) Beperk ("C.D.M") by name Van Zyl, Cilliers en Otto ongeslypte diamante by die maatskappy se myn op Oranjemund gesteel. Die dief-stal het gedurende Julie 1982 op die lappe gekom toe Van Zyl deur die polisie in 'n diamant lokval betrap is en hy dit genoem het aan Majoor Meintjies, die Kaaplandse bevel-voerder van die Diamant- en Goudtak. Hy het Majoor Mein-tjies vertel dat die huidige appellant, 'n boer van die plaas Rondawel naby Garies, die stelery aangestig het en dat hy die diamante na elke diefstal aan appellant verkoop het. As gevolg van hierdie inligting is besluit om 'n

lokval met Van Zyl se medewerking vir die appellant te stel.

Die aand van 23 Julie 1982 is Van Zyl per motor na Rondawel met 17 ongeslypte diamante wat hy opgedra was om aan die appellant te gaan verkoop terwyl die polisie by die Geloftefeesterrein ongeveer 9 kilometers vanaf die plaas gewag het. Wat daardie aand in die huis op Rondawel tussen Van Zyl en die appellant plaasgevind het, is in geskil maar toe Van Zyl weer by die Geloftefeesterrein opgedaag het, was hy sonder die diamante en was daar R5 400 in sy motor. Saam met die polisie is hy terug na Rondawel waar hy in appellant se teenwoordigheid te kenne gegee het dat hy die diamante vir R5 400 aan laasgenoemde verkoop het. Appellant het die bewering ontken. 'n Soektog in die huis

na die diamante was vrugteloos: eers veel later is dit buite op die grasperk gevind.

Hoewel die appellant die aand van 23 Julie 1982 gearresteer is op 'n aanklag van onwettige diamanthandel is hy, weens redes waarna later verwys sal word, nie aangehou nie. Op 29 Julie 1982 het hy sy opwagting by die kantore van die Diamant- en Goudtak in Kaapstad gemaak waar hy aanvanklik vir Kaptein Pool en later vir Majoor Meintjies in Kaptein Pool se teenwoordigheid gespreek het. Hoe hierdie gesprekke verloop het, is grotendeels ook in geskil. Dit is egter gemene saak dat die naam van ene De Beer te berde gebring is en dat appellant ingewillig

het om behulpsaam te wees met 'n diamant lokval wat vir De Beer gestel sou word. Ten einde Majoor Meintjies in staat te stel om magtiging vir so 'n lokval te kry, het appellant daarop 'n sg beriggewers-verklaring afgelê wat op band opgeneem is. Daarin het hy o a beweer dat hy op verskeie geleenthede oor 'n tydperk van twee jaar ongeslypte diamante aan De Beer verkoop het.

Nadat appellant hierdie verklaring afgelê het, het hy deelgeneem aan die beplanning van De Beer se lokval wat daartoe gelei het dat laasgenoemde op 31 Augustus 1982 betrap is toe hy ongeslypte diamante in appellant se teenwoordigheid in 'n hotel in Kaapstad van Luitenant Van Dyk gekoop het, en gearresteer is. Voor dié transaksie het

appellant met sy motor vir De Beer na die hotel geneem. De Beer het R100 000 in sy besit gehad. Hoewel die ooreengekome prys van die diamante R90 000 was, is dit onderweg besluit om die verkoper slegs R28 000 aan te bied. Hierdie bedrag is verwyder uit die koffer waarin die R100 000 was en na die hotelkamer geneem waar dit aan luitenant Van Dyk betaal is vir die diamante. Die oorblywende R72 000 is in die koffer in appellant se motor gelaat. Volgens ooreenkoms met Majoor Meintjies en ten einde te verhoed dat De Beer bewus word van appellant se rol in die lokval, is laasgenoemde saam met De Beer gearresteer dog kort daarna weer vrygelaat. Na sy vrylating is hy terug na sy plaas met die R72 000 tot sy wete, maar sonder dat die polisie of De Beer

daarvan geweet het, nog steeds in sy kar.

Die klagtes waarop appellant later in die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling voor FRIEDMAN R en assessore teregge-staan het, was -

EERSTENS : Diefstal gedurende die tydperk vanaf Desember 1979 tot Desember 1981 van ongeveer 25 vuurhoutjiedosies vol ruwe of ongeslypte diamante die eiendom van of in die regmatige besit van C D M;

TWEEDENS : Oortreding van art 84(1)(b) gelees met arts 1, 84(3) en 106 van Wet 73 van 1964 soos gewysig, deurdat hy gedurende die tydperk van Desember 1979 tot Maart 1982 te of naby die plaas Rondawel en te of naby Margate wederregtelik ruwe of ongeslypte diamante met 'n massa van ongeveer

/7

5 000 karaat verkoop het of vir handelsdoeleindes van die hand gesit of afgelewer het (hierdie aanklag verwys na diamante wat appellant na bewering aan De Beer verkoop het);

DERDENS: Oortreding van art 84(1)(a) gelees met art 1, 84(3) en 106 van Wet 73 van 1964 soos gewysig, deurdat hy op of omtrent 23 Julie 1982 en te of naby die plaas Rondawel wederregtelik 17 ruwe of ongeslypte diamante met 'n massa van 27,51 karaat gekoop of in verband daarmee sake gedoen het of dit by wyse van ruil, pand of andersins ontvang het (hierdie aanklag het betrekking op die lokval op Rondawel);

VIERDENS: Diefstal op of omtrent 31 Augustus 1982 te Kaapstad van R72 000 in kontant, die eiendom van Hendrik Petrus Smuts, Anna Cecelia Smuts en Sarel Johannes Snyman en in die regmatige besit van Frederick Coenraad De Beer.

(Dit is onnodig om te verwys na sekere alternatiewe klagtes tot klagtes 1 en 3.)

By die verhoor het appellant onskuldig gepleit, maar is skuldig bevind, op al die klagtes. Wat klagte 1 betref het die verhoorhof bevind dat die appellant gesteelde diamante waarvan die presiese hoeveelheid nie bepaal kon word nie van Van Zyl ontvang het welwetende dat dit gesteel was; dat hy dit vir eie voordeel wou aanwend en dat hy

derhalwe skuldig is aan diefstal. Met verlof van die verhoorregter het hy nou in hoër beroep gekom teen die skuldigbevindings op al die klagtes maar nie teen die vonnisse van gevangenisstraf wat hom op elkeen daarvan opgelê is en wat effektief 11 jaar in totaal beloop nie.

Afgesien van 'n spesiale verweer wat hy ten opsigte van die tweede klagte geopper het (wat tereg deur die verhoorhof verwerp is en geen verdere vermelding verdien nie aangesien daarmee nie volhard is in hierdie hof nie) het appellant se verweer op klagtes 1, 2 en 3 'n ontkenning van al die wesenlike feitebewerings teen hom behels. Wat die vierde aanklag betref,

het hy erken dat hy wetens met die R72 000 weggery het. Hy het egter ontken dat hy bedoel het om die geld te steel en beweer dat hy dit later aan De Beer teruggegee het. De Beer het hierdie bewering ontken. Hoewel regsvrae ten aansien van die toelaatbaarheid van sekere getuienis tydens die verhoor ontstaan het, was appellant se skuld op elke aanklag geheel afhanklik van die aanvaarbaarheid van die staatsgetuienis in die lig van die weerspreking daarvan in belangrike opsigte deur die appellant en sy getuies. Die verhoorhof het die getuienis van die vernaamste staatsgetuies aanvaar en dié van die appellant en die verdedigingsgetuies in elke wesenlike opsig as ongeloofwaardig verwerp. In

hierdie hof is die aanval op die skuldigbevindings hoofsaaklik toegespits op die geloofwaardigheidsbevindings. In die lig hiervan is dit onvermydelik dat in hierdie uitspraak betreklik breedvoerig verwys sal word na die getuienis. Dit moet egter bygevoeg word dat die getuienis 'n groot aantal insidente dek wat oor 'n tydperk van meer as twee jaar gestrek het en in die fynste besonderhede uitgepluis is. Die verhoor het 150 hofdae in beslag geneem en die oorkonde beslaan bykans 12 000 bladsye. Ten einde die uitspraak binne redelike perke te hou, sal derhalwe gepoog word om niks meer as die kern-aangeleenthede op te haal nie. Gerieflikerwys word

klagtes 1 en 3 eers behandel en daarna klagtes 2 en 4. (In die behandeling van die betoog op sommige van die klagtes sal opgemerk word dat daar soms na die appellant en soms na sy advokaat verwys word. Die rede is dat appellant die betoog in hierdie hof aanvanklik persoonlik behartig het en dat Mnr De Villiers eers vanaf die vierde dag as sy advokaat verskyn het.)

Die belangrikste staatsgetuie ten opsigte van klagtes 1 en 3 was Van Zyl, die werknemer van CDM na wie vroeër verwys is. Ten tyde van appellant se verhoor was hy in die gevangenis na sy skuldigbevinding aan die diefstal van die diamante by CDM. Die verhoorregter het die relevante gedeelte van sy getuienis soos volg opgesom:

> "Van Zyl het getuig dat hy teen die einde van 1979, tydens 'n biduur op sy pa se plaas, Rooiheuwel, deur beskuldigde genader was, deur hom gevra was om ongeslypte diamante van CDM te steel en aan hom te lewer en hy het ingewillig. Van Zyl het egter nie in sy hoedanigheid as sekuriteitsbeampte direkte kontak met diamante gehad nie. Hy het derhalwe sy vriend Cilliers, wat in die finale herwinningsaanleg waar die diamante finaal van die

konsentraat geskei word, gewerk het en wat gevolglik toegang tot diamante gehad het, oorreed om hom behulpsaam te wees. Die reëling wat tussen hulle getref was,was dat Cilliers diamante sou steel en dit in vuurhoutjiedosies vir Van Zyl op voorafbespreekte plekke binne die myngebied sou laat. In sy hoedanigheid as sekuriteitsbeampte het Van Zyl vrye toegang tot die myngebied gehad en kon hy derhalwe die vuurhoutjiedosies wat aldus deur Cilliers vir hom gelaat was, verwyder. Van Zyl het die vuurhoutjiedosies met die diamante daarin inderdaad so verwyder en hulle aan beskuldigde op Rondawel gelewer. Beskuldigde het hom per gewig vir die diamante betaal en Van Zyl het op sy beurt deel van die geld wat hy ontvang het, aan Cilliers betaal vir sy dienste.

Aan die einde van April 1981 het Van Zyl as sekuriteitsbeampte bedank en na Kaapstad verhuis. Hy het egter vir Otto gekry om sy plek in te neem maar hy het nog 'n skakel in die skema gebly en het voortgegaan om steeds alleen die diamante na beskuldigde te neem. Otto was dan ook deur hom vir sy dienste vergoed ----------

Aan die einde van Februarie 1982 het Cilliers uit die diens van CDM bedank en na die Strand

verhuis. Daar was toe niemand om diamante in die myngebied te bekom nie.

Volgens die gevalle wat Van Zyl kan onthou, het hy --- by nege geleenthede altesame 22 vuurhoutjiedosies met diamante plus 'n aantal los diamante in 'n sokkie van Cilliers en Otto ontvang, wat hy alles aan beskuldigde gelewer het. Die inhoud van die drie dosies wat hy in Januarie 1981 ontvang het, het hy egter in twee dosies gegooi; gevolglik het hy al altesaam 21 dosies plus 'n aantal los diamante in 'n sokkie aan die beskuldigde gelewer. Aangesien hy die diamante wat hy die laaste keer voor sy vertrek uit Oranjemund in twee verdeel het en afsonderlik aan beskuldigde gelewer het, het Van Zyl inderdaad van 10 geleenthede getuig waarop hy 'n totaal van 25 vuurhoutjiedosies diamante plus 'n aantal los diamante in 'n sokkie aan beskuldigde gelewer het gedurende die tydperk vanaf Desember 1979 tot Desember 1981-----

Op 11 Julie 1982 is Van Zyl gearresteer as gevolg van 'n lokval wat op hom uitgevoer was deur ene Mike Grace. Grace het sewe diamante aan Van Zyl oorhandig wat hy op sy beurt na sy swaer, Johan Robertson, van Oudtshoorn, geneem het. Robertson sou die diamante aan 'n koper te Victoria Wes verkoop het. Onmiddellik na sy arrestasie het Van Zyl

'n bekentenis ten opsigte van die aangeleentheid, voor 'n landdros afgelê. Hy het die polisie toe na Oudtshoorn en Victoria Wes vergesel, waar verdere ondersoek ingestel is. Daarvandaan het hy na sy huis te Bellville teruggekeer. Met sy arrestasie het kaptein Pool vir Van Zyl gevra waarom hy nie die diamante aan beskuldigde verkoop het nie, maar Van Zyl het in daardie stadium ontken dat hy vantevore enige diamante aan beskuldigde verkoop het.

Op 19 Julie 1982 het Van Zyl na die kantore van die Goud- en Diamanttak van die Suid-Afrikaanse Polisie gegaan, waar hy 'n gesprek met kolonel Meintjies gehad het. Daar het hy vir Meintjies vertel van die diamante wat van CDM gesteel is, van die rol wat Cilliers en Otto gespeel het en van sy transaksies met beskuldigde. Van Zyl het ook 'n verklaring te dien effekte voor Meintjies afgelê wat as 'n beriggewersverklaring ten opsigte van beskuldigde sou dien en wat deur die polisie gebruik sou word om verlof van hulle hoofkantoor te verkry om 'n lokval vir beskuldigde te stel. Van Zyl was versoek en het homself bereid verklaar om in 'n polisie-optrede teen beskuldigde op te tree.

Op 22 Julie 1982 het Van Zyl beskuldigde vanaf die kantore van die Goud- en Diamanttak te Kaapstad geskakel.

Die transkripsie van hulle telefoongesprek wat deur Pool op band opgeneem was en wat as deel van Bewysstuk D.1 dien, toon dat Van Zyl deur beskuldigde gevra was of hy 'n 'slagding' wou hê, waarop Van Zyl bevestigend geantwoord het. Die verwysing na 'n 'slagding' was die kode wat hulle gebruik het om na 'n diamanttransaksie te verwys. Die 22ste Julie 1982 was 'n Donderdag en hulle het gereël dat Van Zyl beskuldigde oor die naweek sou besoek. Die volgende dag, dit wil sê Vrydag, 23 Julie 1982, het Van Zyl met sy eie motor na Vredendal gery, vergesel van luitenant Joubert. Generaal Neethling, brigadier Erasmus, Meintjies, Pool en adjudant-offisier Spamer het met polisievoertuie gery.

By die kantore van die Goud- en Diamanttak te Vredendal het Neethling 'n vuurhoutjiedosie met 17 diamante daarin aan hom oorhandig. Hy het later verneem dat die diamante met 'n vloeistof behandel was. Die diamante was tussen watte verpak met vuurhoutjies bo-op. Die polisie het hom opdrag gegee om die diamante aan beskuldigde te gaan verkoop. Voordat die diamante aan hom oorhandig was, was hy en sy motor deursoek om vas te stel of hy nie enige ander ongeslypte diamante in sy besit gehad het nie. Hy het toe met sy eie motor in

die rigting van beskuldigde se plaas gery, weer eens vergesel van Joubert. Die ander polisie-amptenare het hom in twee motors gevolg. Omtrent agt km vanaf beskuldigde se plaas het die konvooi van die pad afgedraai en by 'n plek genoem die Geloftefeesterrein, stilgehou. Van Zyl het toe verder alleen na Rondawel gery.

Voor sy vertrek het Pool 'n bandmasjien op sy persoon geplaas. Die bandmasjien as sulks was onder sy hemp en onder sy lyfband versteek, terwyl 'n mikrofoon wat daaraan verbonde was onder die band van sy horlosie aan sy linkerarm, geplaas was. Die mikrofoon was deur middel van 'n draad wat onder die mou van sy hemp deurgeloop het, aan die bandmasjien verbind. Pool het die bandmasjien aangeskakel en Van Zyl is toe alleen in sy motor weg na beskuldigde se plaas waar hy tussen 10.30 en 10.45 nm aangekom het. Daar het hy aan die deur geklop en beskuldigde het dit oopgemaak en hom ingelaat.

Nadat hulle 'n drankie in die kombuis geniet het, is hulle deur beskuldigde se slaapkamer, waar beskuldigde se vrou in die bed was, na die studeerkamer waar die diamante met beskuldigde se skaal geweeg is. Hulle het op 'n prys van R5 4000 vir die diamante ooreengekom, wat beskuldigde in banknote

aan Van Zyl betaal het. Beskuldigde het die diamante in 'n sokkie in die sak van sy slaapbaadjie geplaas. Van Zyl het die geld wat hy ontvang het in 'n plastiese sak verpak en agter in sy motor geplaas.

Van Zyl het toe weer in sy motor geklim en na die Geloftefeesterrein teruggery waar die bandmasjien deur Pool van sy persoon verwyder was. Van Zyl het aan die polisie verslag gedoen en hulle het toe weer teruggery na beskuldigde se plaas. Van Zyl, Pool en Joubert het in Van Zyl se motor gery en het eerste op die plaas aangekom. Van Zyl het aan die deur geklop en beskuldigde versoek om hom brandstof te gee sodat hy kon terugry Kaap toe, maar beskuldigde wou nie die deur oopsluit nie en wou hom ook nie brandstof gee nie. Nadat Pool homself geïdentifiseer het en hom versoek het om die deur oop te maak, het beskuldigde die deur oopgemaak. Die polisie het die huis deursoek en geen diamante gevind nie. Later egter het beskuldigde en Pool van buite-af met die sokkie met diamante daarin, aangekom. "

Hierdie opsomming bied 'n betreklik volledige uiteensetting van die Staat se saak op klagtes 1 en 3. Sekere

byvoegings sal egter gemaak moet word ten einde die omvang van die getuienis teen die appellant vollediger te beskryf. Klagte 3 word eers behandel.

Klagte 3.

In die opsomming is verwys na Generaal Neethling en Brigadier Erasmus. Eersgenoemde was ten tyde van die lokval die bevelvoerder van die polisie se Forensiese Wetenskaplaboratorium in Pretoria en laasgenoemde die landwye bevelvoerder van die Diamant- en Goudtak. Voordat die diamante wat in die lokval gebruik is aan Van Zyl oorhandig is, het Generaal Neethling dit met 'n stof bekend as Calcofluoor behandel. Die stof vertoon 'n kenmerkende blouwit fluoressensie in ultra violet lig en versprei maklik

van een voorwerp na 'n ander. Word 'n voorwerp wat daarmee behandel is bv hanteer, versprei dit na die hanteerder se hand en vertoon die hand dieselfde fluoressensie in ultra violet lig. Op hierdie manier het Generaal Neethling verwag om later te bepaal of die appellant die diamante hanteer het. Brigadier Erasmus het die generaal vergesel aangesien dit die eerste keer was wat Calcofluoor in 'n diamant lokval gebruik sou word en hy persoonlik wou sien hoe effektief dit was.

Nadat Majoor Meintjies, Kaptein Pool en Adjudant-offisier Joubert die huis binnegegaan het is hulle reguit na appellant se slaapkamer waar Mev Nieuwoudt nog in die bed was. Van Zyl is ook na die slaapkamer gebring.

Daar het hy op Majoor Meintjies se navraag beweer dat hy die diamante in die studeerkamer vir R5 400 aan die appellant verkoop het en dat laasgenoemde dit in 'n sokkie in sy slaapbaadjiesak gesteek het. Appellant het die bewering ontken maar Majoor Meintjies het hom gearresteer op 'n klag van onwettige diamanthandel. Daarna is al die aanwesiges na Van Zyl se motor waar Van Zyl 'n plastiese drasak met geld uitgewys het. Almal is weer terug die huis in. Terwyl Kaptein Pool besig was om die geld in die kombuis te tel, het Generaal Neethling en Brigadier Erasmus opgedaag. Pool het aan hulle verslag gedoen van wat tot dusver gebeur het. Daarna is die geselskap na die studeerkamer waar Van Zyl 'n wyndoos uit-

gewys het waarin 'n skaal gevind is waarop diamante geweeg kon word. Appellant is na die spens geneem en Generaal Neethling het sy hande onder 'n ultra violet lamp onder-soek. Duidelike fluoressensies is aan sy regterhand gevind en aan hom uitgewys. Een van die pannetjies van die skaal het dergelike tekens getoon. Appellant het nog-tans volhard met sy ontkenning dat hy die aand enigiets met diamante te doen gehad het. Intussen is vrugteloos in die huis na die diamante gesoek. Tydens die soektog is op 'n aansienlike bedrag kontantgeld afgekom en, ofskoon appellant heftig geprotesteer het, is beslag daarop gelê. Majoor Meintjies het hom laat verstaan dat dit gedoen word omdat die diamante nog soek was. Om dieselfde rede het

die polisie op 'n stadium gedreig om Mev Nieuwoudt ook te arresteer; maar die diamante het daarna nog lank soek gebly. Oor hoe dit gekom het dat dit uiteindelik op die grasperk gevind is, bestaan daar 'n hewige geskil. Kaptein Pool se weergawe - wat grotendeels deur Meintjies ondersteun word - is dat, toe dit geblyk het dat nòg die beslaglegging op die geld nòg die dreigement om Mev Nieuwoudt te arresteer voldoende was om die appellant te oorreed om te openbaar waar die diamante was, grepe uit die bandopname van appellant en Van Zyl se gesprek vroeër die aand aan hom voorgespeel is en dat hy daarna weer versoek is om saam te werk. Na 'n ruk het hy gesê dat hy sou gaan wys waar hy sou soek as hy 'n speurder was. Hy het Pool

gevra om saam met hom na buite te gaan. Terwyl hulle uitstap, het hy gesê dat hy sou gaan wys waar die diamante was mits Pool nie in die hof oor die uitwysing getuig nie. Majoor Meintjies het die opmerking gehoor en gesê dat hulle (verwysende na homself en Kaptein Pool) net die waarheid sou vertel. Pool is toe met 'n flits in die hand saam met appellant buitetoe. Appellant het koers gekies na die grasperk en vir Pool beduie waar om te lig. Daar het appellant die gras weggekrap en die diamante blootgelê met die woorde: "Daar is dit. Vat jy dit self. Ek wil nie daaraan raak nie." Dit was toegeknoop in die beengedeelte van 'n manskous waarvan die afgesnyde voetgedeelte vroeër in die studeerkamer aangetref

was.

Ten einde die appellant se weergawe van die terug-vind van die diamante te begryp, is dit nodig om sy getuienis oor die gebeure vroeër die aand te beskryf. Volgens hom het hy by geleentheid vleis aan Van Zyl verskaf en was hy, na die telefoongesprek van 22 Julie 1982, onder die indruk dat Van Zyl die komende naweek weer vleis op die plaas sou kom haal. Toe laasgenoemde die Vrydagaand (d w s die aand van 23 Julie) op Rondawel opgedaag het, het hy die appellant egter om 'n lening van R5 400 gevra om 'n tydelike geldtekort te oorbrug. Appellant het ingewillig om hom die geld te leen en hulle is saam na die studeerkamer waar die geld aan Van Zyl oorhandig is. Toe

hy 'n rukkie later die huis daarmee verlaat het, het Van Zyl nie dadelik gery nie; deur die kombuisvenster het appellant gesien dat sy kar nog op die werf staan en dat 'n persoon wat hy aangeneem het Van Zyl was van die grasperk in die rigting van die motor beweeg, inklim en wegry. Appellant het weer gaan lê maar nie lank daarna nie het iemand weer aan die kombuisdeur geklop. Dit was Van Zyl wat brandstof wou hê. Appellant het die versoek vreemd gevind aangesien hy onder die indruk was dat Van Zyl, toe hy kort tevore vertrek het, op pad was na sy pa se plaas enkele kilometers van Rondawel af. Hy het gevolglik geweier om Van Zyl met brandstof te help of om die deur oop te maak. Op daardie stadium het hy nie geweet dat daar

polisiemanne saam met Van Zyl was nie maar toe Kaptein Pool hom versoek het om oop te maak, het hy dit gedoen en die polisie binnegelaat. Wat daarna gebeur het is reeds beskryf. Wat die terugvind van die diamante betref, erken appellant dat grepe uit 'n bandopname later aan hom voorgespeel is wat na bewering sy gesprek met Van Zyl bevat het. Hy kon hoor dat twee persone op die band oor diamante redeneer maar volgens hom het hy geweet dat hy en Van Zyl nie oor so-iets gepraat het nie en het hy vermoed dat laasgenoemde die diamante wat hy kwansuis aan hom sou verkoop het, iewers op die grasperk gelaat het en besig was om die polisie 'n rat voor die oë te draai. Hy

het egter niks gesê nie omdat hy van Van Zyl verwag het om self met die waarheid vorendag te kom. Later het hy gehoor dat Van Zyl dronk was. Sy getuienis oor wat daarna gebeur het, is soos volg opgesom in die verhoorhof se uitspraak :

> "Hy het op 'n stadium aangedui dat hy alleen met Pool wou praat. Op hierdie stadium het hy besef dat Van Zyl te dronk was om na vore te kom en hy het derhalwe besluit om Pool eenkant toe te neem en hom te sê wat hy vermoed. Hy en Pool het toe by die agterdeur uitgestap en hy het toe aan Pool gesê waar hy Van Zyl gesien beweeg het en wat sy vermoedens was. Pool het voorgestel dat hulle saam gaan kyk en hulle het toe in die rigting van die swembad gestap. Beskuldigde het 'n flits in sy hand gehad en het in die rigting van die swembad gelig. Pool het egter met sy hand beduie en gesê: 'Lig nou net gou weer hier' en toe beskuldigde lig waar Pool aangedui het, het hy 'n sokkie op die gras sien lê; dit het los bo-op die gras

gelê en was nie versteek nie. Pool het dit opgetel, dit gedruk en gesê: 'Dit is die diamante'. Hulle is toe reguit terug na die kombuis waar Meintjies aan Pool gevra het waar hy dit gekry het waarop Pool geantwoord het: 'Ek het dit buite op die gras opgetel'."

Vervolgens moet kortliks verwys word na die getuienis oor die bandopname wat na bewering gemaak is van die gesprek tussen Van Zyl en die appellant. In die getuienis word na die band as bew 10 verwys. Die een kant (waarna voortaan as bew 10A verwys word) bevat volgens die Staat se bewering die gesprek tussen appellant en Van Zyl en die ander kant (die sg B kant) 'n gedeelte van die gebeure vandat die polisie later met Van Zyl by appellant se huis opgedaag het. Die egtheid van die B kant (waarna in die

getuienis en hierinlater verwys word as die arrestasie-band) is nie betwis nie. Oor die egtheid van bew 10A het daar egter 'n geskil ontwikkel wat die verhoor en die betoë in hierdie hof oorheers het en wat blykbaar sy oorsprong gehad het in 'n gesprek wat die appellant en sy broer Gert na bewering kort na 23 Julie 1982 met Van Zyl gehad het. Volgens appellant wou hy by Van Zyl uitvind wat aan die gang was. Van Zyl het op daardie stadium in 'n uitbreiding van Bellville gewoon en daarom het appellant en sy broer soontoe gery waar hulle hom in 'n hotel ontmoet het. Daar het Van Zyl toe verduidelik dat hy in 'n diamantlokval betrap was en dat die polisie beloof het om hom nie aan te kla nie indien hy sou saamwerk om die appellant in 'n dergelike

lokval te betrap. Hy het erken dat hy die diamante die betrokke aand op die grasperk gegooi en vir die polisie vertel het dat hy dit aan appellant verkoop het. Voorts het hy vir appellant vertel dat hy vooraf 'n bandopname van 'n sg smokkeltransaksie gemaak het wat hy die aand van die lokval met die bandmasjien in sy motor oorgeklank het op die band in die polisie se masjien terwyl hy by appellant in die huis was. Hy het appellant egter gerusgestel dat die band nie as eg bewys sou kon word nie. Appellant se getuienis in hierdie verband lui soos volg:

> "Maar hy het gesê in die begin van daardie opname wat aan die polisie oorhandig is, het hy met homself sit en praat, reg aan die begin toe hy weggetrek het, en daar het hy met homself sit en praat en hy het dinge gesê- hy het nie vir my

gesê wat hy gesê het nie - wat vir my - ek kan net luister na die begin van daardie band, dit sal my oortuig van die posisie waaronder hy dit gedoen het en hoe hy dit gedoen het en dit sal my hele saak vir my reg stel, die woorde wat hy gebruik het."

Gerieflikerwys kan op hierdie stadium aangedui word dat bew 10A begin met 'n stilte wat ongeveer 3 minute duur. Die eerste identifiseerbare geluid is dié van 'n motor wat reeds aan die ry is. Volgens Kaptein Pool het hy die eerste gedeelte van die opname uitgewis omdat dit 'n gesel-sery bevat het tussen die polisiemanne op die Geloftefees-terrein voordat Van Zyl vertrek het, wat nie ter sake was nie. In die proses is die gedeelte waarop gehoor kon word hoedat Van Zyl se motor wegtrek per abuis ook uitgewis.

Die hoorbare geluid van die motor wat ry duur ongeveer 5 1/2 minute waartydens die stem van 'n sanger duidelik hoorbaar is. (Die Staat se bewering is dat Van Zyl na 'n liedjie op die kassetspeler in sy motor geluister het.) By tye is die praatstem van 'n manspersoon ook vaagweg hoorbaar maar dit is weens die agtergrondklanke van die bewegende voertuig en die musiek uiters moeilik om meer as 'n enkele woord hier en daar uit te maak. (Hoewel die Staat beweer dat hierdie stem dié van Van Zyl is wat met homself sit en praat het, is daar niks te hore van enigiets wat enigsins ooreenstem met sy beweerde mededeling aan appellant en sy broer nie.) Op een plek word die geluid van die bewegende voertuig opmerklik sagter en kort daarna

weer harder. In die getuienis word na hierdie plek as DOP verwys en wat dit beteken sal later verduidelik word. Die res van die band is volgens die Staat 'n opname van Van Zyl se aankoms op Rondawel, sy gesprek met die appellant, sy latere vertrek en 'n gedeelte van sy rit terug na die plek waar die polisie gewag het. Wat die gesprek betref, is dit voldoende om te sê dat dit gemene saak is dat, indien dit inderdaad tussen Van Zyl en die appellant gevoer is, daar geen twyfel bestaan dat Van Zyl diamante vir 'n bedrag van R5 400 aan appellant verkoop het nie.

Majoor Meintjies, Kaptein Pool en Adjudant-offisier Joubert het getuig dat hulle geluister het

na grepe uit die band op die opnamemasjien waarmee Van Zyl na Rondawel gestuur is, toe hy weer daarmee by die Geloftefeesterrein opgedaag het. Later die aand in die huis op Rondawel het hulle weer saam met Generaal Neethling en Brigadier Erasmus na dele van die band geluister en 'n paar dae later het Meintjies en Pool na die hele opname geluister. Daarna het Pool bew 10 aan Kolonel Jansen in Pretoria gestuur waar dit getranskribeer is. Meintjies, Pool, Joubert en Brigadier Erasmus het getuig dat die band waarna hulle die aand van 23 Julie geluister het

bew 10A was. (Generaal Neethling kon by die verhoor nie veelonthou van wat hy op die band gehoor het nie.) Appellant daarenteen het getuig dat daar in die grepe wat die aand aan hom voorgespeel is sekere woorde was wat nie in bew 10A voorkom nie. Volgens hom was die opname waarna daardie aand geluister is nie bew 10A nie.

Afgesien van hierdie getuies was daar vier deskundiges wat oor die egtheid van die band getuig het. Kolonel Jansen is verbonde aan die polisie se Forensiese Wetenskaplaboratorium. Hy het hom uitgespreek ten gunste van die egtheid van die opname.

Vir die verdediging het drie deskundiges getuig. Hulle was Mnr Atkinson, 'n elektriese ingenieur verbonde

aan 'n maatskappy in Kaapstad wat oudiovisuele- en televisieprogramme vir die handel vervaardig; Mnr Pretorius, hoof van die Departement Drama aan die Universiteit van Stellenbosch, en Mej Keen, die hoof van die Departement Spraakterapie aan die Universiteit van Kaapstad. Atkinson het aanvanklik getuig dat geen gedeelte van bew 10A eg is nie. Later het hy sy getuienis oor die rygedeelte aansienlik afgewater maar volgehou dat die gedeelte daarna nie 'n egte opname is nie. Pretorius het dieselfde mening gehuldig oor die opname van die gesprek. Mej Keen se getuienis was daarop toegespits om aan te toon dat die persoon wat voorgegee het Van Zyl in die opname te wees, nie aan 'n stemaandoening ly soos Kolonel Jansen beweer het

nie. (Hierdie aspek van die getuienis het niks bygedra tot die oplossing van die geskil oor die egtheid van die band nie en word nie verder in hierdie uitspraak bespreek nie.)

Soos vantevore aangedui, het die verhoorhof die getuienis van die vernaamste Staatsgetuies aanvaar en dié van die appellant en sy getuies verwerp. Wat die derde aanklag in besonder betref het die hof -

EERSTENS die getuienis verwerp van dié drie deskundiges wat vir die verdediging getuig het oor die egtheid van die bandopname; en so ook die getuienis van die appellant en sy broer oor die beweerde gesprek met Van Zyl in die hotel

in Bellville;

TWEEDENS Kolonel Jansen se getuienis oor die egtheid van die bandopname aanvaar;

DERDENS Van Zyl se getuienis dat hy die diamante aan appellant verkoop het aanvaar en appellant se weergawe van wat tussen hom en Van Zyl plaasgevind het, verwerp;

VIERDENS geen spesifieke bevinding genotuleer met betrekking tot appellant se geloofwaardigheid teenoor dié van Kaptein Pool en Kolonel Meintjies ten opsigte van die terugvind van die diamante nie maar te kenne gegee dat die twee offisiere bevredigende en geloofwaardige getuies

was en dat

> "waar ook al deur die loop van die hele saak, die getuienis van Pool en/of Meintjies teenstrydig is met dié van die beskuldigde, word hulle weergawe aanvaar en dié van die beskuldigde verwerp."

Die hof se algemene benadering was dat Van Zyl se getuienis, hoewel dit weens verskeie redes wat later genoem sal word, met "buitengewone versigtigheid" beoordeel moes word, nogtans aanvaarbaar was waar dit deur aanvaarbare getuienis gestaaf word, en dat daar voldoende stawing daarvoor in bew 10A was. In die lig van die geskil oor die egtheid van die band is die hof se uitspraak, wat die derde aanklag betref, hoofsaaklik aan daardie geskilpunt en in besonder aan die deskundige getuienis gewy. Hoewel

hiermee nie fout te vind is nie verkies ek om minder prominensie aan die deskundige getuienis te verleen, en om die aandag liewer op die getuienis as geheel toe te spits, omdat, nie die egtheid van die band as sulks nie, maar die aard van die transaksie tussen Van Zyl en appellant die primêre geskilpunt is. Wat hierdie geskilpunt betref, is dit, afgesien van die band, Van Zyl se woord teenoor dié van die appellant en hulle getuienis moet op sigself behoorlik ondersoek word. Ek behandel eers die appellant s'n.

Die verhoorregter het hom soos volg uitgelaat oor die appellant as getuie:

> "Die beskuldigde was altesame 22 dae in die getuiebank en die Hof het dus die geleentheid gehad om hom oor 'n betreklike lang tydperk onder observasie te hê. Hy is 'n intelligente persoon wat in staat

> is om die wese van 'n vraag wat aan hom gestel word en die gevare wat dit vir hom inhou, vinnig te snap. Waar dit vir hom nodig was om reddingspogings aan te wend, het hul egter geheel en al misluk. Hy het nie gehuiwer om moeilike vrae te probeer ontwyk nie, of 'n lang monoloog te lewer wat op die ou end nie die vraag beantwoord nie en wat niksseggend en soms selfs onsinnig was. 'n Verdere merkbare eienskap van sy getuienis, was die tendensie wat hy deurgaans getoon het om sy antwoorde op vrae so in te klee dat hy daardeur die agterdeur ooplaat om hom in staat te stel om uit moontlike moeilike situasies te probeer ontsnap. Kortom bevind die Hof dat die beskuldigde 'n geslepe, maar nogtans deursigtige leuenaar is, wie se getuienis so onbetroubaar is dat geen peil daarop getrek kan word nie."

Hierdie opmerkings oor die appellant en die aard van sy getuienis en die sterk taal waarin die hof se finale oordeel uitgedruk is, was myns insiens volkome geregverdig.

Ter illustrasie van sy neiging om vrae te probeer ontwyk,

kan verwys word na die manier waarop hy gereageer het toe hy in kruisondervraging gevra is of hy, nadat hy die aand van die lokval na dele van die bandopname geluister het, aan die polisie te kenne gegee het dat dit nie sy stem op die band was nie. Die ondervraging en sy antwoorde op hierdie eenvoudige vraag het soos volg verloop:

> "Maar het u vir hulle daar gesê dit is nie ek wat hier praat nie? -- U Edele, ek het my nie gesteur aan die band nie. My houding was dat ek het wel daardie een stuk geluister en dit is net heel moontlik dat ek vir hulle sou - ek kan nou nie presies onthou wat my woorde was nie, maar dit is tog logies dat ek nie vir hulle gesê het dit is ek wat daar praat nie.
>
> Nee, ek vra nie dit vir u nie. Ek vra vir u, het u vir generaal Neethling en Erasmus daar gesê, maar dit is nie ek wat hier praat nie, man? -- U Edele, hoe ek dit uitgedruk het, maar dit is tog baie duidelik dat ek ook nie

gesê het dit is nie ek nie u Edele.

Het u vir hulle te kenne gegee dat dit op een of ander manier, mondeling of skriftelik, datdit nie u is wat op die band praat nie. Daar in die sitkamer? -- U Edele, wat ek baie duidelik iewers daardie aand gesê het, dat dit is julle band. Dit is woorde wat ek gebruik het en my houding was baie duidelik dat ek nie sê dat dit ek is wat daar praat nie. .....

Het u vir brigadier Erasmus of vir generaal Neethling gesê en laat verstaan toe hulle die band vir u gespeel het, dat dit nie u stem is dié nie? -- U Edele, hoe ek dit gestel het, kan ek nie vandag onthou nie, maar dat ek dit beslis vir hulle sou laat verstaan het, dit is baie seker.

Dat u dit beslis sou vir hulle laat verstaan het? -- Dat dit nie ek is nie.

Dit is baie seker? -- Dat ek niks met hulle band uit te waai het nie, dit is hulle band.

Nou vra ek vir u, het u pertinent vir hulle gesê dit is nie u stem nie? -- U Edele, ek kan nie...

Dit is tog so maklik soos dit om te antwoord mnr Nieuwoudt? -- U Edele, woorde wat ek daar gebruik het, kan ek nie presies onthou nie, maar dat

ek dit heel moontlik vir hulle gesê het, dit kan so wees."

Ek gaan na slegs een verdere voorbeeld verwys van die talle wat aangehaal kan word om die manier te illustreer waarop die appellant vrae hanteer het wat hy klaarblyklik nie na ware kon beantwoord sonder om in die moeilikheid te beland nie. Aangesien die betrokke getuienis ook betrekking het op die waarskynlikhede wat later behandel word, haal ek dit volledig aan.

Dit is reeds genoem dat die diamante uiteindelik gevind is toe appellant vir Kaptein Pool na buite geneem het. Volgens die appellant het hy van die begin af vermoed dat Van Zyl dit by die swembad gelaat het. Sy versuim om Pool vroeër in te lig oor sy vermoede sal aanstons behandel word. Waarna ek nou verwys; is sy ondervraging oor 'n insident kort nadat die soektog na die

diamante vroeër die aand in die studeerkamer begin het. Terwyl die polisie daarmee besig was, het die appellant met Pool begin gesels en, nadat Pool beaam het dat die diamante aan Van Zyl oorhandig is, aan hom gesê: "Dan kan julle maar bietjie gaan kyk waar hy dit gelaat val het --- Ek noem dit net vir jou. Jy kan dit vat vir wat dit werd is----." Pool het met 'n bondige "Ja" geantwoord waarop een van die ander polisiemanne opgemerk het: "Jy moet net onthou alles wat jy nou sê kan teen jou in die hof gebruik word." In kruisondervraging is hy gevra wat hy met "gelaat val het" bedoel het. Sy antwoord was:

> "Nee, Edele, wat ek daarby bedoel het, is soos wat ek toe in my gedagte gehad het. Dat Van Zyl het daardie diamante definitief iewers net iets mee

gemaak in daardie tyd nadat hy uit die huis uit is."

Die volgende vraag en antwoord het soos volg gelui:

" Ek sien, so wat u hierby bedoel het is dat Van Zyl het iewers met daardie diamante iets gemaak nadat hy uit die huis uit is? --- Ja Edele, ek het tog toe al die gedagte gehad wat ek later die aand aan kaptein Pool oorgedra het, dat wat ek eintlik hier op 'n stadium wou aan hom oordra, maar ek vermoed maar hoekom ek nie enduit gegaan het nie, was omdat ek gedink het ek moet maar 'n bietjie wag.

(Aandag word gevestig op die gedeelte van die antwoord wat ek beklemtoon het en op die beklemtoonde gedeeltes van die latere vrae en antwoorde wat nou volg):

Ja en as dit dan nou so was dat u suspisieus was dat hy dit moontlik in die swembad gegooi het of agter die swembad versteek het, hoekom het u dit nie so gesê nie? ---Maar Edele, ek het dit vir kaptein Pool gesê later.

Nie hier by hierdie oomblik nie. Hier toe u gesê het kyk waar hy dit laat val het. Hoekom het u nie toe gesê maar julle moet gaan kyk daar by die swembad? ---U Edele, soos wat ek dit onthou, was dit maar 'n situasie waar ek en kaptein Pool vir 'n kort oomblik, wat hy persoonlik my - want ek het al die tyd 'n - ek het duidelik gesien kaptein Pool is in beheer van die ding en ek het dit vroeër in die aand toe probeer kyk, of ek nie met hom - sy gedagte in daardie rig-ting kan laat gaan nie. Ek sien mos die mense wil nou my huis hier omkeer en ek weet mos wat ek waargeneem het en ek wou dit aan hom oordra en ek het op daardie oomblik besluit ek los dit maar eers. Netnou kan die man tog maar eerder self dit sê. Dit was wat my gedagte was u Edelê. Dit was my houding deur daardie hele tyd.

Ek vra vir u hoekom het u nie hier gesê gaan kyk by die swembad of hy dit nie in die swembad gegooi het of agter die swembad weggesteek het nie. Hoekom het u dit nie so gesê nie? --- Maar u Edele, ek het dit nie daar so gesê nie. Ek wou mos eers my vermoede aan kaptein Pool oordra. Ek wou mos eers gehad het hy moet vir Van Zyl konfronteer daarmee. Ek wou gehad het Van Zyl moet, as hy iets daar

gedoen het wat hy nie eerlik vir die polisie gesê het nie, wou ek vir Van Zyl die geleentheid gegee het om dit self vir die polisie te sê. Dit is hoekom ek maar bereid was om daardie bietjie ongerief uit te staan, want ek het geweet ek het nie diamante nie en wat ook al kon ontstaan het, dit was nie in my gedagte dat ek skuldig bevind kon word oor daardie diamante nie, want ek het hulle nie gekoop nie en dit is my houding tot vandag toe u Edele.

Ek verstaan, u wou eintlik soort van nie vir Van Zyl betrek het nie. Hy moet self uitgekom het met die ding? --- Wat ek vermoed het ook al, wou ek redelik eers wag, om te sien of die man nie wil self later, as hy nou sien wat hier aangaan, of hy nie wil self uitkom en sê vir die kaptein nie of iemand.

Nou hoekom wag u dan toe nie. Hoekom wag u dan toe nie. Hoekom sê u dan toe hier reg aan die begin, kyk 'n bietjie waar hy dit laat val het? -- U Edele, soos ek dit vermoed het, was dit 'n passasie in daardie band, as die Hof daarna luister, sal dit 'n passasie wees waar die ander polisie begin geraas maak en waar ek met kaptein Pool - dit is soos ek dit naastenby onthou. Dat ek met kaptein

Pool daar omtrent alleen gepraat het.

Ja, maar kaptein Pool is tog deel van die polisie. --- Ja Edele, maar dit is tog my houding, soos ek mos later die aand dit duidelik laat verstaan het. Ek wil met kaptein Pool, want ek was duidelik bewus daarvan dat hy in beheer van die situasie is en ek het gevoel hy moet eers vir Van Zyl loop konfronteer met wat ek waargeneem het en dit kon dalk vir Van Zyl oorreed het om self na die diamante, dan nou uit te wys, want hy het mos geweet waar hulle is.

HOF : Hoe sou kaptein Pool daarvan geweet het, as u nie vir hom gesê het nie? --- Nee, ek moes hom eers sê u Edele.

Maar het u vir hom gesê? --- Ek het begin, hier op daardie passasie wat - wou ek dit tot 'n mate - het ek begin om dit vir hom te wil deurskemer, maar ek het nie enduit daarmee gehaal nie. Edele sal dit duidelik sien, dat hy nie vir hom veel gesteur het daaraan wat ek sê nie en toe het ek gedink nee wag, laat ek maar eers wag. Dit was my eerlike opinie.

MNR VAN ZYL : Mnr Nieuwoudt, u wou hê kaptein Pool moet vir Bernard van Zyl gaan konfronteer, reg? --- Ja Edele.

Dat Van Zyl kan uitkom met die ding en dan is u mos nou heeltemal uit die transaksie uit, is dit reg? --- Ja Edele en kon dit nou doen voor die polisie nou heeltemal my huis nou omkeer of ek kon maar 'n bietjie wag.

Nou vra ek vir u, hier begin die ding op u eie storie, om dit vir kaptein Pool te sê? --- Ja u Edele.

Hier impliseer u nou eintlik alreeds vir Van Zyl, want u sê kyk 'n bietjie waar hy dit laat val het. 'Ek noem dit vir jou, jy kan dit vat vir wat dit werd is'? --- Dit is reg u Edele en ...

Hoekom op hierdie stadium, sê u nie vir kaptein Pool, man ek het nie die diamante gekoop nie, maar ek het die man hier sien beweeg en ek vermoed sterk dat hy dit in die swembad gegooi het of agter die swembadjie neergesit het. Voor julle nou my hele huis hier omkeer, julle tyd mors, my tyd mors, my vrou ontstig, my kinders ontstig, gaan konfronteer Van Zyl hiermee? --- U Edele ...

Hoekom doen u dit nie hier nie? --- Die situasie daar by my huis, is 'n hemelsbreë verskil as die situasie wat ons by hierdie hof ontstaan. Dit is nie dieselfde polisie as ek dit so kan uitdruk, wat in hierdie hof nou sit, wat daar by my

huis was nie. Wat jy sê steur hulle hulle nie aan nie. U kan oplet op hierdie band en as die band gespeel word, sal u agterkom dat wat ek daar gesê het, hulle hulle omtrent nie aan gesteur het nie. Hulle idee was, man jou woord beteken niks nie. Ek dink dit staan iewers op hierdie dinges.

Ja, u woord wat geld aanbetref beteken niks, heeltemal korrek, maar ek vind dit eienaardig en ek sal later vir die Hof so betoog, dat u nie op hierdie stadium waar u nou vir Bernard van Zyl duidelik impliseer volgens u, dat u nie toe vir kaptein Pool gesê het. Hom selfs eenkant toe gevat het en vir hom gesê het kyk man, dit is die posisie. Los nou my huis uit, los my vrou en my kinders uit. Dit is die posisie. Hoekom het u dit nie gedoen nie? --- U Edele, maar dit is mos baie duidelik op die band, dat ek op daardie stadium hom net 'n floue aanduiding wou gegee het. Dat ek wou net gehad het hulle moet - ek wil net sy gedagte in 'n ander rigting gestuur het. Ek was nog nie op daardie stadium bereid om heeltemal nou standpunt in te neem en vir hom presies - ek wou net sy gedagte in 'n ander rigting ook stuur; dat hy self van sy offisiere moet sê ons moet 'n

bietjie kyk waar van Zyl dit ook kon laat val het. Dit was maar my gedagte daar Edele.

Ek sien, so u wou nou maar die klein bietjie inligting soort van aan die polisie...? --- Dit is reg Edele.

Behèer wil ek amper sê? --- Ja Edele.

Dit is wat u gedagte is? --- Ek wou darem net gehad het hulle moet in 'n ander rigting - ek wou gehad het hy moet van Zyl konfronteer.

Maar u nek is op die lyn hier. U is die man wat in die moeilikhied is, maar u speel hier met die polisie rond. Gee vir hulle sulke bietjie inligting en kyk of hulle goeie speurders is om dit op te volg? --- U Edele, my nek kan op die lyn gewees het, maar in my gedagte was hy nie op die lyn nie, want ek het nie diamante by Bernard gekoop nie. Ek het nie diamante by Bernard gekoop nie. Daarom sou ek dit nie so dodelik beskrywe soos u nou nie.

So u het vir kaptein Pool hierdie klein bietjie inligting gegee en nou gaan u terugsit en kyk wat maak hy daarmee? --- U Edele, hy het hom nie gesteur aan my nie.

Maar u wouy dit was u idee gewees. Om te kyk wat hy daarmee gaan maak? --- U Edele, dit was

my idee om te kyk of ek hom nie kan oorreed, maar toe ek begin praat met die man, toe sien ek hy steur hom nie aan my nie. Toe dink ek nou maar dan steur ek my ook nie aan jou nie. Dit was my gedagte. Dit was my houding gewees deur die aand Edele. Ek het my gedistansieer van al hierdie goed U Edele.

Nee, ek wil aan u stel dat as u 'n vermoede gehad het dat Bernard van Zyl daardie diamante by die swembad gegooi het of agter die swembadjie versteek het, u dit, indien nie veel vroeër nie, maar reeds hier aan kaptein Pool sou oorgedra het? --- U Edele, nee dit is hoegenaamd nie, elke mens tree verskillend op en dit is soos ek daar opgetree het, so is dit. Ek sal onder enige omstandighede so optree Edele.

Ek wil verder aan u stel dat indien u storie waar moes gewees het, dat u geld net geleen het en dat hy die goed geplant het op u en dat u dit ook vermoed het, dan sou u hier vir kaptein Pool gesê het, nie dat hy moet kyk waar hy dit laat val het nie. U sou vir hom gesê het, kyk 'n bietjie waar hy dit geplant het. Hy was hier alleen en hy was daar alleen, hy was daar alleen en moontlik sou u ook in die proses gesë het, kyk hy was buite-

kant ook alleen? --- U Edele, ek het later die aand duidelik vir kaptein Pool gesê wat my suspisie was en wat ek vermoed het. Ek het nie op daardie stadium vir hom duidelik gesê nie.

Ja? --- Ek het begin om te praat en toe het ek dit gelos.

Nou goed, die polisie keer nou u huis om. Hulle soek in die vleis, in die vrieskas? ---Ja Edele.

En in die kombuis neem ek aan. In die slaapkamer en orals soek hulle nou. 'n Hele horde polisiemanne? --- Ja Edele.

Hulle ontstig u vrou en hulle ontstig u kinders? --- Hulle het nie op daardie stadium die kinders ontstig nie, Edele, hulle was net van voorneme om dit te doen. Hulle het nie 'n kind uit die bed uitgehaal nie.

Ek sien, maar die potensiaal was daar. Dit is ontwrigting vir die huishouding, die klomp polisie wat hier in die huis rondgrawe?--- Ja Edele, dit is reg.

En boonop nog in al u persoonlike goed ook? --- Ja Edele, ek was daaroor ontsteld gewees.

Hulle was seker in die hangkaste en goed gewees, neem ek aan? --- Ja wat Edele, hulle het orals

gesoek.

Ook in u vrou s'n? --- Ja Edele, hulle het orals gesoek.

Wat was u vrou se reaksie op hierdie optrede? --- Nee, sy was ontevrede u Edele.

Sy was hoogs ontevrede sou ek aanneem? --- Ja Edele.

Ontsteld? --- Ja Edele.

En u laat hulle aangaan vir hoe lank? Voor u vir kaptein Pool uitvat? --- U Edele, ek het nie duidelik herinneringe daaraan nie, maar dit is darem seker die beste part van twee en 'n half ure of twee ure. Ek is nie nou baie seker nie.

En in daardie twee en 'n half ure, behalwe vir hierdie stukkie wat u aanvanklik gesê het, julle moet kyk waar hy dit laat val het, sê u niks verder vir kaptein Pool van u vermoedens nie? --- Nee Edele, ek het nou gereken goed, laat die water oor die akker loop. Laat hulle self hulle diamante kry. Ek het dit nie. Dit was my houding.

U sien ook hierdie saadjie wat u geplant het, soos u nou sê hier by kaptein Pool om te kyk of hy nie dan sal slim word en vir Bernard gaan konfronteer nie, dié saadjie wil nie opkom nie? --- Edele, ek het sommer vroeg, toe ek daar begin praat

het, toe sien ek maar die man steur hom nie aan my nie. Toe dink ek nou maar goed, soek jou diamante."

In herondervraging is sy aandag gevestig op die opmerking dat hy moes onthou dat wat hy sê in die hof gebruik sal word, en gevra of hy daarop wou kommentaar lewer. Sy antwoord was die volgende:

"U Edele, dit bevestig net wat ek - toe ek nou wil - op daardie stadium was dit 'n stadium wat ek en kaptein Pool, soos ek dit onthou, 'n bietjie eenkant gesels het. Die manne soek nou daar, U Edele, en daar het dit toe gekom dat ek vir hom wou begin 'n aanduiding van my vermoede gee, maar toe ek nou met hom begin praat, U Edele, toe kom ek agter maar die man stel nie belang in wat ek van Van Zyl wil sê nie, hy het dit nog altyd net met my te doen ek toe het ek dit gelos, U Edele. Hy het daar ook toe net weer begin om my te beskuldig en my te konfronteer, toe het ek hom gelos, U Edele, want ek sê nou - soos dit nou hier op die band ook staan -

> dat hy dan toe nou sê vir my dat ek moet nou weet wat ek nou sê kan nou teen my gebruik word, en toe het ek gedink wag, ek los dit nou, U Edele. Hy het duidelik nie belang gestel dat die ding na Van Zyl se kant toe moet gaan nie, hy het in my belang gestel en op daardie stadium het ek dit toe eers gelos, U Edele."

Sy advokaat was blykbaar nie tevrede met die antwoord nie. Hy het aangehaal uit appellant se vroeëre getuienis dat die ander polisiemanne altyd sarkastiese opmerkings gemaak het. Appellant het toe soos volg geantwoord:

> "Dit is so, U Edele. Dit het so gewerk. As 'n mens - hulle - jy probeer om nou eenkant met iemand tussen hulle te praat, dan is daar altyd een wat iets - soos ek nou sal sê intjip U Edele. Dit is so. Ek het nou nie die presiese woorde wat my die indruk gegee het nou daardie tyd onthou nie, maar hier staan dit mos nou op die band. Dit is die tipe ding wat my nou verhinder het om verder te praat daar, U Edele."

Van groter belang as die blote manier waarop appellant getuig het, is egter die inherente waarde van sy ontkenning dat hy die diamante gekoop het en sy bewering dat hy die R5 400 aan Van Zyl geleen het, gemeet op die waarskynlikhede aan die hand van sy gedrag nadat die polisie die aand op die toneel verskyn het. Ek verwys in hierdie verband na die volgende:

1. Appellant se optrede toe Van Zyl hom gevra het om hom met brandstof te help.

Wat gebeur het toe Van Zyl met die polisie by die agterdeur opgedaag en geklop het, is voorheen kortliks beskryf. Die volle verhaal word vertel deur die arrestasie-band waarop gehoor kan

word hoe die appellant van agter die toe deur soos volg met Van Zyl praat:

Appellant: Wie's daar

Van Zyl: Dis ek.

Appellant: Wat is dit? .....Wie's ek?

Van Zyl: Bernard

Appellant: Wat is dit?

Van Zyl : Man ek het nie genoeg petrol om Van Rhynsdorp te haal nie. Ek sien nou my kar is leeg.

(Stilte)

Appellant: Jong maar dis mos nou nag en ek slaap nou

Van Zyl : Hê?

Appellant: Dis nou nag en ek slaap nou jong

Van Zyl : Jesus maar het jy nie net 'n paar liters vir my nie?

(Lang stilte)

Van Zyl : Hê?

(Stilte)

Appellant: Jong nee maar mens mag mos seker nie petrol verkoop nie.

(Stilte)

Van Zyl : Nou dan sal ek maar ry en kyk hoe ver ek kom.

Appellant: Ja-nee. Jy moet maar so maak.

(Lang stilte)

Van Zyl : O K

Appellant: O K

Hierdie gesprek, moet onthou word, was tussen vriende wat mekaar van kindsbeen af geken het en gewoond was om oor en weer te kuier. Van Zyl was trouens 'n persoon wat, volgens appellant self, daardie naweek 'n "slagding" by hom sou kom haal het en minder as 'n uur vantevore die huis uit is met R5 400 wat appellant hom met groot vrymoedigheid geleen het. Daarom kan gevra word: Vanwaar nou appellant se skielike kilheid en vanwaar sy deursigtige verskonings? Waarom word hierdie vriend in nood nie gehelp nie? Appellant se antwoord by die verhoor dat hy onder die indruk was dat Van Zyl van hom af na sy pa se nabygeleë plaas sou ry

en dat hy nie kon verstaan waarom Van Zyl na hom gekom het vir petrol nie , is eenvoudig nie aanvaarbaar nie. Selfs al het appellant die versoek vreemd gevind, waarom maak hy dan nie minstens die deur oop om met sy vriend te praat en uit te vind wat aan die gang is nie? Wat meer is : Van Zyl het gesê dat hy nie genoeg petrol het om Van Rhynsdorp - meer as 'n honderd kilometer daarvandaan - te haal nie. Waarom vra appellant nie vir hom nie : Maar wat praat jy nou van Van Rhynsdorp, ek dag dan jy ry na jou pa toe? Of : Waarom wil jy nou hierdie tyd van die nag terugry Van Rhynsdorp toe; wat nou van jou vleis? So onnatuurlik

was sy reaksie en so onaanvaarbaar is sy verduide-
liking daarvoor dat dit op sigself reeds 'n groot
vraagteken oor sy geloofwaardigheid plaas. Selfs
hy moes dit besef het want, hoewel hy aanvanklik
te kenne gegee het dat hy "op die aarde" nie ver-
moed het dat Van Zyl dalk saam met die polisie was
nie, het hy later getuig:

> "Daardie polisie het nie doodstil daar ander-
> kant die deur gestaan nie. Dit is heel moont-
> lik dat ek, alhoewel ek dit nie nou kan onthou nie,
> dat onder daardie omstandighede wat werklik
> plaasgevind het, dat daar toe al iets was wat
> ek verder nie kon verstaan as net die petrol."

Op Van Zyl se weergawe is die hele insident ver-
staanbaar. Volgens hom het hy die appellant in

hulle vroeëre gesprek gesê dat hy nog Van Rhynsdorptoe moes ry waar die persoon van wie diamante kom, vir hom gewag het. Op sy weergawe is dit dus verstaanbaar dat appellant sy bewering dat hy te min petrol gehad het om daardie dorp te haal, nie bevraagteken het nie. En, indien Van Zyl se bewering korrek is dat appellant vroeër die aand diamante by hom gekoop het, is appellant se lugtigheid om die deur oop te maak ook te begrype veral omdat die polisie vantevore probeer het om hom in 'n diamant lokval te betrap. (Volgens bew 10A was appellant deurgaans bedag op 'n lokval - op een stadium praat hy selfs van wat hy vir "dié magistraat"

sal sê "as dit nou 'n 'trap' is.")

2. Appellant se optrede toe Majoor Meintjies beweer het dat hy 17 diamante vir R5 400 gekoop het.

Nadat die polisie die huis binnegegaan het, het Majoor Meintjies die appellant gevra of hy die 17 diamante wat hy vir R5 400 gekoop het, wou oorhandig. Appellant het dit nie betwis nie dat sy reaksie volgens die arrestasie-band soos volg was:

> "Daar bestaan nie so 'n bedrag nie. Nee wat, daar bestaan nie so.....Nee man daar bestaan nie so 'n bedrag. Ek het nie diamante gekoop nie."

Wat opsigtelik afwesig is, is 'n mededeling dat die R5 400 aan Van Zyl geleen het en die vraag is: waarom het appellant nie onmiddellik toe die polisie

met Van Zyl by die huis opgedaag en beweer het dat hy diamante vir daardie bedrag gekoop het, openbaar dat hy die geld aan Van Zyl geleen het nie? Sy versuim gaan nog verder. Kort daarna het Van Zyl in appellant se teenwoordigheid beweer dat hy die diamante aan hom verkoop het en dat appellant die R5 400 waarop hulle ooreengekom het, aan hom gegee het. Ongevraag was appellant se reaksie weereens: "Daar bestaan nie so 'n ding nie." Toe Van Zyl daarna getalm het om te antwoord op 'n vraag oor wat appellant met die diamante gemaak het, het laasgenoemde, weereens ongevraagd, tussenbei gekom met 'n opmerking: "Ou maat las hulle 'n saak teen jou

ondersoek, moet jy jou bek hou, dis al." Weereens ontstaan die vraag: waarom het appellant nie onmiddellik vir Van Zyl gesê dat hy lieg en dat hy die R5 400 geleen het nie? En waarom het hy hom probeer verhoed om te vertel wat van die diamante geword het?

By die verhoor het appellant ongetwyfeld besef dat sy versuim om die polisie in te lig oor die lening teen hom sou tel, en het hy getuig dat hy dit inderdaad gedoen het. Hy moes egter ook besef het dat so 'n mededeling nêrens in die opname wat van 'n deel van die verrigtinge gemaak is, verskyn nie. Sy getuienis was aanvanklik dat hy nie

kon onthou op watter stadium hy dit gesê het nie. Sy aandag is toe daarop gevestig dat Majoor Meintjies se verslag aan Generaal Neethling en Brigadier Erasmus oor wat voor hulle aankoms gebeur het, opgeneem is en dat dit uit die opname blyk dat hy Meintjies se verslag aangevul het deur oa by te voeg dat hy niks erken of ontken het nie omdat 'n saak teen hom ondersoek word; en dat Pool hom in die rede geval het toe hy verder bygevoeg het: "Wat die geld aanbetref------" (Hy het die sin nooit voltooi nie.) Nadat hy herinner is aan sy onvoltooide verwysing na die geld het hy aanvanklik te kenne

gegee dat dit die geleentheid was waarop hy die generaal van die lening vertel het. Sy getuienis op hierdie stadium was dat

> "..... ek (het) daar beslis gesê wat die geld aanbetref, is geld wat ek aan Van Zyl geleen het. Dit is soos ek dit onthou. Ons kan die band speel. As dit my stem daar is wat daar praat, moet hy op daardie omstandighede, moet hy dit sê, want vir die generaal het ek gesê dat dit geld is wat ek vir Van Zyl geleen het."

Die bewering dat hy sou gesê het"is geld wat ek aan Van Zyl geleen het" word deur die arrestasie-band weerlê; daarvolgens het hy net gesê "wat die geld aanbetref" en het hy stilgebly toe Pool hom in die

rede geval het. Of die appellant besef het dat sy getuienis nie staande sou bly nie en of hy weer - in die woorde van die verhoorregter - vir homself 'n agterdeur wou ooplaat, is moeilik om te sê maar hoe hy daarna gereageer het op vrae oor die stadium waarop hy die generaal van die lening sou vertel het, blyk uit die volgende passasies:

> "U sê op hierdie punt het u gesê wat die geld aanbetref? --- Op daardie punt u Edele, het - ek het dit vir die generaal gesê. Ek kan miskien verkeerd wees dat dit dalk op 'n ander stadium - maar vir generaal Neethling het ek dit daar gesê. Dit is seker dat ek dit ontken, die diamante en in daardie omstandighede daar in daardie tyd, het ek definitief op die laaste, het ek gesê."
>
> " U Edele, ek het 'n vermoede dat dit die stadium is waar ek gesê het wat die geld aanbe-

tref, het ek die geld vir Van Zyl geleen. Ek het 'n vermoede dat dit is - want ek weet ek het dit iewers gesê en ek het dit gesê in die tyd wat generaal Neethling daar was, u Edele. Aan hom is dit gesê. So, ek het 'n vermoede dat dit daar in dié omstandighede is, u Edele, maar ek kan nie met sekerheid vir die Hof sê nie. Maar wat ek wel toe al mos geweet het is dat hulle nou teen my nou die saak ondersoek, dat dit nie ... Dat Bernard ... Ek het toe al 'n duidelike aanduiding gekry van wat nou hier aan die gang is. Bernard het toe al mos nou rapporte gemaak, toe weet ek, kyk, hulle dink nou ek het diamante gekoop, u Edele."

(Die laaste gedeelte van die tweede passasie is een van vele dergelike onsinnige afwykings wat in sy getuienis voorkom.)

Voorafgaande is nie die enigste punte van kritiek wat ingebring kan word teen appellant se bewering dat hy die polisie van die lening vertel

het nie; die verhoorregter het as volg na verdere aspekte verwys en aangedui wat die hof se bevinding was :

"Beskuldigde se getuienis of hy ooit vir die polisie die aand van die lokval van die beweerde lening aan Van Zyl gesê, is totaal onbevredigend. In sy getuienis in hoof het hy geen melding daarvan gemaak nie. Onder kruisondervraging begin hy deur te sê dat hy dit 'iewers daardie aand' gesê het (4312) Dan sê hy op bladsy 4314 dat hy dit vir Neethling gesê het en op 4318 getuig hy dat hy dit ook vir sy regsverteenwoordigers gesê het. Later egter, op bladsy 4765, getuig hy dat hy het vroeër die aand 'vir van die polisie gesê en ek dink dit was die generaal.' In antwoord op 'n vraag deur die Hof, het hy gesê dat hy feitlik seker is dat hy dit aan die generaal gesê het. Kort daarna het hy getuig dat dit kon tot Pool se ore gekom het. In antwoord op die direkte vraag:

'Het u aan kaptein Pool daardie aand gesê

/ 74

dat u die geld geleen het aan die getuie van hulle en dat dit is waar die geld vandaan kom? '

getuig beskuldigde soos volg:

'U Edele, ek het net baie duidelik vir kaptein Pool gesê, hy het dit baie duidelik geweet dat ek nie die diamante gekoop het nie. Dit het ek aan hom gesê Edele.'

Beskuldigde se getuienis oor hierdie aangeleentheid is klaarblyklik leuenagtig. Die Hof bevind dat beskuldigde nooit op die aand van die lokval aan enigeen van die polisie gesê het dat Van Zyl by hom geld geleen het nie."

Hiermee is ek dit volkome eens. Dit is opmerklik dat dit aan geeneen van die staatsgetuies gestel is dat appellant enigeen van hulle van die beweerde lening vertel het nie, en dat hy in sy laaste aantwoord erken het dat hy nie eens vir Pool - die persoon wat in beheer van die ondersoek was en wat hy blykbaar deurgaans

beskou het as iemand met wie hy vertroulik kon gesels - daarvan gesê het nie. In ag genome die erns van die saak, die situasie waarin hy homself bevind het en die afwesigheid van 'n verklaring van sy kant, is dit moeilik om tot 'n ander gevolgtrekking te kom as dat daar eenvoudig nie 'n lening was waarvan hy die polisie kon vertel nie.

3. Appellant se versuim om die polisie in te lig oor sy vermoede dat Van Zyl die diamante op die grasperk gelaat het.

Dit is gemene saak dat die soektog na die diamante ure lank geduur het en dat appellant aanvanklik niks gedoen het om die polisie daarmee te help

nie ten spyte van die dreigement om sy vrou te arresteer en die beslaglegging op sy geld, waarmee hy alles behalwe tevrede was. Op sy eie weergawe het hy nie voordat hy en Pool uiteindelik buite na die grasperk is sy vermoede dat Van Zyl die diamante daar gelaat het, openbaar nie. Sy onbevredigende getuienis oor sy opmerking in die studeerkamer dat die polisie maar moes kyk waar Van Zyl dit laat val het, is reeds aangehaal en dit is onnodig om uit te wei oor sy wisselende verduidelikings vir sy versuim om Pool volledig in te lig. Hierdie getuienis sluit aan by 'n ander bewering van hom nl dat hy deurgaans 'n "neutrale houding" ingeneem

het wat hy soos volg beskryf het:

"....my houding daar was, die mense ondersoek 'n saak op my. Daar nou, kon ek dit tog duidelik agterkom. Ek het dit dan gesê ook en ek wou nie in 'n konfrontasie met die polisie betrokke raak oor enigiets nie. Ek het 'n neutrale houding daar ingeneem Edele. Dit is die Staat se diamante. Dit is die Staat se polisie-offisiere wat deur die Staat betaal word. Dit is die Staat se bande wat hulle daar mee in my huis ingekom het en my hele houding was, ek het met julle niks te doen nie, maar ek kan hulle mos nou nie uit my huis uitjaag nie, hulle is dan daar."

Later het hy getuig:

"Ek het vroeër vir die Hof gesê ek wou nie met 'n redenasie met die polisie betrokke raak nie en ek het nie belanggestel in - my houding was dit is húlle diamante, dit is húlle band, dit is húlle saak, hulle moet maar kyk wat hulle kan regkry. Ek het nie belanggestel nie."

Hierdie neutrale houding en gebrek aan belangstelling (wat, volgens appellant, ook die rede was waarom hy nie eens behoorlik geluister het toe grepe uit die bandopname aan hom voorgespeel is nie) is nie te rym met sy heftige beswaar toe die polisie beslag gelê het op sy geld nie. Hy het nie geskroom om hieroor in 'n hewige konfrontasie met Meintjies en Pool betrokke te raak nie. Nog minder is dit verstaanbaar waarom hy na ure van belangelose swye terwyl die polisie besig was om sy huis deur te snuffel, eindelik besluit het om sy vermoede oor waar die diamante was, te openbaar. Volgens hom het hy dit gedoen omdat hy gehoor het dat Van Zyl

dronk en nie in staat was om die polisie die waarheid te vertel nie. Hierdie verduideliking is egter 'n klaarblyklike nagedagte. Dit is nog aan Van Zyl nog aan enige van die ander staatsgetuies gesuggereer dat eersgenoemde hom aan drank te buite gegaan het, en boonop het appellant self sy mond verby gepraat toe hy op een stadium van sy getuienis te kenne gegee het dat hy verwag het dat Pool vir Van Zyl sou gaan konfronteer toe appellant hom vertel het vanwaar hy Van Zyl vroeër die aand sien kom het en die diamante op die grasperk gevind is. Later moes hy selfs erken dat Van Zyl nadergeroep is om die diamante te identifiseer toe

dit gevind is. Ek stem saam met die verhoorhof dat

> " beskuldigde se getuienis in verband met wat hy gesê het of nie gesê het nie terwyl die polisie vir die diamante in sy huis gesoek het, asook sy getuienis oor sy beweerde houding van neutraliteit, distansiëring en gebrek aan belangstelling, ... so onwaarskynlik en onindrukwekkend is....."

dat dit as onwaar verwerp moes word.

Wanneer die appellant se optrede vandat die polisie sy huis die aand van die lokval binnegegaan het totdat die diamante uiteindelik gevind is, beoordeel word in die lig van die opmerkings in paragrawe 1,2 en 3 hierbo, is die verhoorhof se gevolgtrekking dat hy "besig was om homself te beskerm"; dat hy"klaarblyklik onverhoeds gevang (is)

toe die polisie opgedaag het" en dat hy nie geweet het "watter kant toe om te spring nie", ongetwyfeld korrek.

Wat die waarskynlikhede rakende die gebeure die betrokke aand betref, wil ek kortliks na enkele verdere aangeleenthede verwys. Die eerste het betrekking op appellant se opmerking in die studeerkamer dat die polisie moes gaan kyk waar Van Zyl die diamante "gelaat val het." In hierdie hof het appellant aangevoer dat hierdie opmerking in ooreenstemming is met die feit dat die diamante later oop en bloot bo-op die gras gevind is. Ek weet nie wat hy met hierdie argument beoog het nie. Afgesien daarvan dat die diamante volgens Pool weggesteek gevind is <u>onder</u> die gras, het appellant oor die hoof gesien dat

hy getuig het dat sy bedoeling met "gelaat val het" bloot was dat Van Zyl iets daarmee gedoen het buite die huis. En hy kon beswaarlik iets anders bedoel het sonder om te openbaar dat hy vooraf geweet het dat die diamante buite op die gras gelê het - wat natuurlik verdoemend vir hom sou gewees het.

Die tweede aangeleentheid het betrekking op appellant se bewering dat hy na die telefoongesprek van 22 Julie onder die indruk was dat Van Zyl vleis op Rondawel sou kom haal. Van Zyl was die eerste staatsgetuie. Dit is opvallend dat daar niks in kruisondervraging aan hom gestel is oor enige verwysing in die gesprek die aand van 23 Julie na vleis nie soos wat mens sou verwag indien appellant se

beweerde indruk inderdaad bestaan het. Appellant het egter getuig dat sy vrou(wat nie 'n getuie was nie) hom sedert Van Zyl se kruisondervraging daaraan herinner het dat sy daardie aand kort na Van Zyl se aankoms in die kombuis was en vir Van Zyl gevra het of sy die vleis moes inpak, en dat hy gesê het dat dit nie nodig was nie. In kruisondervraging het appellant te kenne gegee dat, hoewel hy kon onthou dat sy vrou in die kombuis was, hy nie die gesprek oor die vleis kon onhou nie. Dit was, volgens hom, die rede waarom Van Zyl nie daaroor gekruisvra is nie. Dit is onverstaanbaar, indien hierdie getuienis waar is,(wat moeilik is om te aanvaar) waarom die verdediging nie aansoek gedoen het vir Van Zyl se herroeping nie. Die resultaat is dat die enigste getuienis dat daar

die aand van 23 Julie enigsins na vleis verwys is, appellant se bewering is oor wat sy vrou hom vertel het van 'n gesprek wat hy self nie kon onthou nie.

Die derde aangeleentheid is die feit dat appellant en Van Zyl die aand van die 23ste, nadat hulle 'n drankie in die kombuis geniet het, saam na die studeerkamer is waar die R5 400 aan Van Zyl oorhandig is. Om in die studeerkaner te kom, is hulle eers deur 'n slaapkamer waar een van die kinders geslaap het en toe deur appellant en sy vrou se kamer waar laasgenoemde in die bed was. Volgens Van Zyl is hierdie optrede verstaanbaar omdat die skaal waarop die diamante geweeg moes word, in die studeerkamer was. (Word na bew 10A geluister is dit

dan ook hoorbaar hoe Van Zyl vra waar die skaal is en, toe appellant vir hom sê dat dit in die "kantoor - van alle ..... plekke" is, opmerk dat hulle darem seker by appellant se vrou sal verbykom.) In appellant se weergawe kan egter geen rede gevind word waarom Van Zyl saam is na die studeerkamer nie. Volgens appellant het hy kom geld leen en waarom hy - deur Mev Nieuwoudt se slaapkamer nogal - saam is om die geld te gaan haal weet nugter alleen. In kruisondervraging is appellant hieroor gevra. Die vraag was :

> "Maar op u verhaal verstaan ek dit was 'n ietwat ongewone stap van hom gewees om saam met u deur te loop, deur die vrou se kamer?"

En sy antwoord:

> "Dit is reg u Edele. Ek het nie verwag hy kom

Saam nie. Ek het nie opgelet die man kom saam."

Dit moet onthou word dat die afgesnyde stuk sokkie in die studeerkamer gevind is. Volgens appellant moes Van Zyl dit daar gelaat het. Daarom, soos die Staat se advokaat tereg aan appellant uitgewys het, was dit belangrik vir sy saak dat Van Zyl in die studeerkamer moes gewees het, selfs al sou dit beteken dat hy hom moes gedra het op 'n manier waarop appellant self nie van hom verwag het nie.

Die vierde aangeleentheid het betrekking op die gebeure in appellant se huis die aand van die 23ste nadat die diamante gevind is. Dit is gemene saak dat die polisiemanne daarna 'n drankie saam met appellant gedrink het en heel

gemoedelik met hom verkeer het. In hierdie hof het appellant aangevoer dat dit was omdat almal besef het dat die lokval misluk het; anders, het hy aangevoer, sou hy neerslagtig gewees het en, instede daarvan om saam met die polisie te drink, voorbereidings begin tref het vir sy aanhouding. Daar steek niks in hierdie betoog nie. Dit is ondenkbaar dat enigeen van die aanwesiges, insluitende appellant self, onder die indruk kon gewees het dat die lokval misluk het nadat die Calcofluoor aan appellant se hand en in die een skaalbakkie gevind is en nadat gedeeltes uit die bandopname voorgespeel is waaruit almal kon hoor hoe 'n diamant transaksie beklink is. Selfs al het die appellant, soos hy beweer, vir Pool vertel van sy vermoede oor

Van Zyl en selfs al was die diamante gevind soos hy beweer dit gevind is, volg dit geensins dat die polisie daardeur oortuig moes gewees het van sy onskuld en Van Zyl se dubbelhartigheid nie. Appellant was nog steeds die persoon wat Pool gelei het na die omgewing waar die diamante gevind is en Pool sou net sy woord gehad het dat dit Van Zyl was wat dit daar gelaat het. In die lig van die ander inkriminerende getuienis teen hom en Generaal Neethling se duidelik uitgesproke mening dat hy die diamante moes hanteer het, is dit nouliks denkbaar dat sy bewering enigiemand sou beïndruk het. Gedagtig hieraan, is appellant se gasvryheid teenoor die polisie en sy gemoedelikheid nie vatbaar vir die vertolking wat hy daaraan geheg wil hê nie.

Die vyfde aangeleentheid het betrekking op die terugvind van die diamante. Dit is gemene saak dat Kaptein Pool nie die gebeure buite die huis op die band opgeneem het nie hoewel hy vroeër die aand minder belangrike uitwysings opgeneem het, soos die geld in Van Zyl se motor en die wyndoos waarin die skaal was. Dit is ook gemene saak dat hy nie die plek waar die diamante gevind is aan sy kollegas uitgewys het of appellant gevra het om dit te doen nie. Appellant het betoog dat Pool se versuim om enigiets van die voorafgaande te doen sterk daarop dui dat hy nie die waarheid praat nie. Ek kan appellant nie gelyk gee nie. Die strekking van Pool se getuienis is duidelik dat hy nie bedag was op die belangrikheid van die uitwysing van die

diamante nie en dat hy op daardie stadium angstig was om dit terug te vind eerder as om met verdere verdoemende getuienis teen die appellant vorendag te kom. Appellant het self getuig dat "die hoofdoel van die polisie daar was om die diamante te vind".

Sesdens is daar die stuk kous waarin die diamante gevind is. Dit sal onthou word dat dit in die beengedeelte was en dat die voetgedeelte in die studeerkamer aangetref is. Die beengedeelte was aan die een punt toegeknoop terwyl die ander punt - waarskynlik omdat dit te kort was vir nog 'n knoop - met 'n stukkie wol vasgemaak was. Appellant het aangevoer dat dit Van Zyl se werk moes gewees het en dat

hy die ander stuk in die studeerkamer gelaat het. Volgens hom sou dit onsinnig vir hom (appellant) gewees het om nie die voetgedeelte te gebruik nie en nog meer onsinnig om daardie stuk in sy studeerkamer te laat lê . Hy het aan die hand gedoen dat Van Zyl die diamante buite die huis in die beengedeelte toegeknoop het toe hy besef het dat hy die verkeerde stuk in die studeerkamer laat lê het,en dat hy 'n stukkie wol moes gebruik het omdat hy niks anders by hom gehad het nie. Appellant se vindingrykheid beïndruk my wel, maar nie sy argument nie. Indien dit vir hom onsinnig sou wees om nie die voetgedeelte te gebruik nie, sou dit ewe onsinnig vir Van Zyl gewees het. Dit is veels te vergesog om te vermoed dat Van Zyl 'n fout gemaak het

deur die verkeerde stuk saam te neem buitetoe omdat dit eenvoudig nie aanvaar kan word dat hy in die donker in staat sou wees om 'n string wol uit die kous te rafel en dit dan daarmee vas te bind nie. Boonop is dit onverklaarbaar waarom Van Zyl die diamante sou verwyder het uit die vuurhoutjiedosie en dit in die stuk kous sou gesit het. Hiervoor is appellant se verklaring dat Van Zyl geweet het dat hy op een of ander manier moes bewerkstellig dat die Calcofluoor aan appellant se hande kom; daarom moes hy eers sy eie vingers daarmee besmet deur dit op die watte in die dosie te druk en die stof dan oordra na 'n glas waaraan appellant ook sou vat; maar die dosie het intussen weens die klammigheid gedisintegreer; daarom moes Van Zyl

die stuk kous gebruik. Dat daar perke is aan appellant se vindingrykheid blyk uit hierdie suggestie. Dit is waar dat dit by die verhoor geblyk het dat die Calcufluoor inderdaad vanaf Van Zyl se hand oorgedra kon gewees het na die glas waaruit hy gedrink het en vandaar weer na appellant se hand, maar appellant se suggestie veronderstel dat Van Zyl vooraf bewus moes gewees het van so 'n moontlikheid - wat geheel onaanvaarbaar is. Boonop veronderstel dit dat Van Zyl vooraf moes geweet het dat die dosie sou disintegreer (waarom anders sou hy die kous saamgebring het?). So 'n mate van versiendheid aan Van Zyl se kant is nog meer onaanvaarbaar. Die waarskynlikhede voortspruitende uit die feit dat die diamante gevind is in die stuk kous, toe-

geknoop en vasgebind soos dit was, dui veel eerder daarop dat dit nie Van Zyl kon gewees het wat dit daarin geplaas het nie. En indien dit nie hy was nie, wie anders as die appellant kon dit gewees het?

Laastens is daar die Calcofluoor wat aan appellant se hand gevind is. Generaal Neethling het toegegee dat die stof moontlik aan sy hand kon gekom toe hy 'n glas hanteer het waaraan Van Zyl reeds met besmette vingers gevat het. Die verhoorhof het gevolglik bevind dat die aanwesigheid daarvan aan sy hand nie as enigste redelike aflei-ding die gevolgtrekking regverdig dat hy die diamante hanteer het nie. Boonop het die generaal getuig dat die stof wat in die een skaalpannetjie gevind is, nie genoeg was

vir chemiese analise nie (hoewel hy oortuig was dat dit tog Calcofluoor was). Daarom is die aanwesigheid van 'n fluoressensie in die pannetjie tereg nie eens in die uitspraak genoem nie. Appellant het egter aangevoer dat die verhoorhof fouteer het deur nie te bevind nie dat daar 'n groter mate van besmetting aan sy hand moes gewees het indien hy die diamante hanteer het. Hierdie betoog hou ook nie steek nie. Appellant se bespiegelings in die loop van sy argument oor hoe hy die diamante sou moes hanteer het, bly inderdaad niks meer as blote bespiegeling nie; en in die afwesigheid van iets meer tasbaars kan geen aflei-

ding gemaak word oor die graad van besmetting wat aan sy hand moes gewees het nie. Dieselfde geld vir sy betoog

dat die feit dat die stof in die pannetjies nie genoeg was vir 'n analise nie, daarop dui dat die besmette diamante nie daarin was nie. Sy bespiegeling ook in hierdie opsig dra geen gewig nie.

In die lig van die voorafgaande is dit reeds duidelik dat appellant se weergawe van die gebeure die aand van 23 Julie beswaarlik waar kan wees. Soos voorheen gemeld, is sy getuienis en dié van sy broer Gert oor Van Zyl se beweerde mededelings in die hotel in Bellville 'n paar dae na die lokval ook verwerp. Ek vind dit nie nodig om breedvoerig in te gaan op al die redes vir die verwerping daarvan nie en volstaan met die belangrikstes. Dit sal onthou word dat die bewering was dat Van Zyl te

kenne gegee het dat hy 'n voorafvervaardigde opname van wat voorgegee het 'n diamanttransaksie tussen hom en die appellant te gewees het, met die kassetspeler in sy motor oorgeklank het op die polisie se band terwyl hy en die appellant in die huis was. Die verhoorhof het egter daarop gewys (en hierdie aspek sal later meer volledig behandel word) dat die moontlikheid dat Van Zyl so 'n opname kon voorberei het, vir alle praktiese doeleindes uitgeskakel is. Soos later sal blyk, was hierdie gevolgtrekking onvermydelik. Dit beteken dat, indien appellant se bewering die waarheid is, Van Zyl om die een of ander rede vir hom 'n leuen vertel het. Waarom hy dit sou doen, val

moeilik te begryp. En dit sou boonop nie die enigste leuen gewees het nie. Dit is ondenkbaar dat Van Zyl - aan die begin van die opname nogal waar dit onmiddellik gehoor sou word - iets sou sê wat daarop opgeneem sou word en waaruit die onegtheid daarvan sou blyk. Hy was juis die persoon wat bereid was, nie alleen om 'n vals opname voor te berei nie, maar om die stuk kous en die diamante in en buite die huis te plant en om te bewerkstelling dat die Calcofluoor aan appellant se hand kom. Volgens appellant se eie weergawe was hy dus daarop uit om te alle koste die skyn te skep dat die lokval geslaag het. Waarom sou hy dan alles ongedaan maak met 'n paar selfverdoemende

woorde op die band? Meer nog: waarom sou hy aan appellant vertel het dat hy dit gedoen het en hom met so 'n deursigtige leuen probeer gerusstel? Ek vind dit nie verbasend nie dat appellant toe hy oor Van Zyl se mededelings getuig het, herhaaldelik beklemtoon het dat hy nie self kon instaan vir die waarheid daarvan nie. Wat wel verbasend is, is dat hy te kenne gegee het dat hy Van Zyl hoegenaamd nie uitgevra het nie weens dieselfde gebrek aan belangstelling wat hy die aand van 23 Julie teenoor die polisie openbaar het.

Wat die tweede rede betref, moet gemeld word dat

appellant en Van Zyl na die lokval aanvanklik saam aangekla is van die diefstal van diamante by CDM. Hulle het saam 'n prokureur op Citrusdal (Mnr Burger) geraadpleeg en die verklaring wat Van Zyl met die oog op hulle verdediging in appellant se teenwoordigheid aan Mnr Burger gemaak het, is aan die verhoorhof voorgelê. Daarin beweer Van Zyl wel dat hy die diamante waarmee hy na die appellant gestuur is, op die grasperk neergegooi het en nie aan appellant verkoop het nie, maar daar is geen melding in die verklaring van die beweerde voorafvervaardigde bandopname nie. Die verswyging op daardie stadium van so 'n belangrike aangeleentheid het die verhoorhof tot die gevolgtrekking genoop dat appellant toe nog nie "aan hierdie storie gedink het nie".

/101

Die gevolgtrekking dat dit 'n nagedagte was, word versterk deur twee verdere faktore. Die eerste is dat appellant se getuienis oor wat Van Zyl vir hom sou gesê het, verskil van stellings wat hy hoeër in kruisondervraging aan Van Zyl gemaak is, en die tweede, dat appellant niks gesê het van Van Zyl se beweerde openbaring in die gesprekke wat hy op 29 Julie 1982 met Majoor Meintjies en Kaptein Pool gehad het nie. Volgens hom het hy Pool op die 29ste gevra oor die R5 400 en het laasgenoemde gesê dat Van Zyl volhou dat hy die diamante aan appellant verkoop het. Maar hy erken dat hy Pool niks vertel het van Van Zyl se onthulling aan hom oor die vervalste band nie en ook nie dat die opname as oneg bewys kon word deur bloot na die eerste gedeelte daarvan

te luister nie. Hy het goed besef dat dit Van Zyl se volgehoue bewering was wat in die weg gestaan het van die terugbetaling van die R5 400, en dat hy boonop moontlik nog aangekla sou word. Nogtans het hy verkies om Pool nie in te lig oor Van Zyl se verraderlike optrede nie. Dit is nie onvanpas nie om aan te dui hoe hy gereageer het toe hy gekruisvrá is oor sy versuim deur die volgende vraag en antword aan te haal:

> "Mnr Nieuwoudt, ek sê vir - ek wil aan u stel dat enige mens sou onder daardie omstandighede, waar hy nou gekonfronteer word met 'n situasie dat hier nog 'n saak teen hom kan kom vir onwettige diamanthandel, duidelik gebaseer, volgens hom, op valse inligting en selfs op 'n nagemaakte band, hy sou duidelik daar onmiddellik gesê het: 'Nou man, hoe kan Van Zyl volhou? Hierdie band is 'n nagemaakte band.' --- U Edele, ek het dit nie so gedoen nie.

As die advokaat wil stel dat enige mens dit sou gedoen het, dan is ek nie enige mens nie. Ek het dit nie gedoen nie, U Edele.

U het ook nie vir hom gesê: 'Die man het by my kom geld leen, dis hoekom hy daar was en dit is waar die R5 400,00 vandaan kom' nie. --- U Edele, ek het darem aangeneem dat kaptein Pool dit toe al geweet het, want ek het dit daardie aand iewers in die huis, het ek dit gesê. En ek het aangeneem kaptein Pool weet dat dit dit is wat ek sê.

Kan u onthou dat u dit pertinent vir Pool gesê het? --- Nee, ek kan nie dit getuig in die hof, dat ...

Nou hoekom neem u aan dat hy daarvan weet, as u dit êrens in die huis vir iemand sou gesê het? --- Maar U Edele, die polisie praat tog seker met mekaar en ek het aangeneem - en hy kon dit ook gehoor het. Dis nie - maar ek het dit nooit vir kaptein Pool gesê nie."

Sy verduideliking elders dat hy nie wou inmeng met moontlike optrede teen Van Zyl nie oortuig my net so min as wat dit die verhoorhof oortuig het. Daar bestaan myns

insiens geen gronde vir inmenging met die hof se verwerping van sy getuienis oor die beweerde gesprek met Van Zyl nie. Die redes vir die verwerping daarvan geld ten dele ook vir die getuienis van Gert Nieuwoudt. Laasgenoemde was boonop 'n getuie met so 'n totaal gebrekkige geheue dat hy van die hele gesprek weinig meer kon vertel as die essensie van die gedeelte wat appellant ten goede gestrek het. Volgens hom het hy sy eie "hof gehou", waarmee hy te kenne wou gee dat hy inderdaad self wou vasstel of appellant betrokke was by 'n diamant transaksie met Van Zyl. Nogtans het hy sy swak herinnering en versuim om Van Zyl uit te vra op punte waaroor daar nie helderheid was nie probeer verskoon met 'n

bewering dat hy nie in die gesprek wou inmeng nie. Hy was klaarblyklik so 'n onindrukwekkende getuie dat sy getuienis tereg verwerp is.

Voortspruitende uit die beweerde gesprek met Van Zyl is daar nog 'n aspek van appellant se getuienis wat vermelding verdien. Volgens hom het hy sy prokureur ingelig oor die gesprek en die gevolg was dat laasgenoemde saam met hom in Kaptein Pool se kantoor gaan luister het na bew 10A waar hy daarop aangedring het om die begin van die opname te hoor. Dat hy dit gedoen het, is gemene saak. Appellant het aangevoer dat sy aandrang om na die begin van die opname te luister steun bied vir sy bewering oor wat Van Zyl aan hom gesê het. Die verhoorregter het

daarop gewys dat Van Zyl getuig het dat hy nie voordat hy op Rondawel aangekom het, geweet het dat die opnemer reeds aangeskakel was nie, en dat hy inderdaad op pad soontoe met homself sit en praat het. Soos vantevore aangedui, kan dit nie vasgestel word wat hy gesê het nie maar 'n skelwoord is tog hoorbaar waarmee hy bes moontlik sy misnoeë te kenne gegee het oor die feit dat hy op pad was om 'n vriend te verraai. Toe hy en die appellant later saam aangekla is, het hulle mekaar dikwels gesien en gesamentlike konsultasies bygewoon. (Appellant het selfs 'n bedrag van R20 000 beskikbaar gestel vir Van Zyl se verdediging.) Volgens appellant het Van Zyl hom by een van hierdie geleenthede ingelig oor die Calcofluoor wat in die

lokval gebruik is en dit is waarskynlik dat hy ook ingelig is oor die inhoud van die bandopname, insluitende Van Zyl se alleenspraak op pad na Rondawel. In die lig hiervan dra sy belangstelling in die begin van die opname nie die gewig wat hy daaraan geheg wil hê nie.

Ek wend my vervolgens tot Van Zyl se getuienis. Dit is nie nodig om veel hieroor te sê nie aangesien, soos vantevore aangedui, die verhoorhof slegs bereid was om dit te aanvaar tot die mate wat dit deur ander aanvaarbare inkriminerende getuienis gestaaf is. Vir hierdie benadering was daar verskeie redes. In die eerste plek was daar Van Zyl se bewering in sy verklaring aan prokureur Burger waarna vroeër verwys is, dat hy die diamante op die gras-

perk gelaat het en dat sy mededeling aan die polisie dat hy dit aan appellant verkoop het nie die waarheid was nie. In die tweede plek het Van Zyl onskuldig gepleit by sy eie verhoor waarin hy aangekla is van die diefstal van diamante by CDM en onder eed getuig dat hy, na sy eie lokval, bewerings van Majoor Meintjies en Kaptein Pool dat hy diamante aan die appellant verkoop het, aanvanklik ontken maar later erken het omdat die polisie gedreig het om hom aan te klä weens sy optrede in die lokval indien hy nie saamwerk nie. By appellant se verhoor het hy getuig dat sy getuienis by sy eie verhoor vals was in 'n poging om homself te verskoon. In die derde plek het Kaptein Pool erken dat hy spesiale gunste aan Van Zyl bewys het

deur hom op verskeie geleenthede sg onder polisie bewaking uit die gevangenis te neem en hom dan toe te laat om die nag by sy vrou deur te bring. Dit is gedoen, het Pool erken, om Van Zyl se medewerking te behou.

Beide by die verhoor en in hierdie hof het die verdediging tereg sterk gesteun op die fundamentele verskille tussen Van Zyl se getuienis en wat hy vantevore getuig of verklaar het, en op die wesenlike moontlikheid dat hy sy seile na die wind gespan het deur die appellant te inkrimineer in 'n poging om homself te bevoordeel. Maar dit is juis die rede waarom die verhoorhof aangedring het op stawing. Indien daar bevredigende stawende getuienis is, verval die gevaar wat andersins aan sy alleen-

staande bewerings verbonde sou gewees het. Op grond hiervan het die appellant toegegee dat die skuldigbevinding op die derde aanklag gehandhaaf moet word indien die verhoorhof se bevinding oor die egtheid van bew 10A korrek was. Daarby moet natuurlik gevoeg word dat Van Zyl se bewerings oor die aard van die transaksie wat die aand van 23 Julie beklink is, sterk gesteun word deur appellant se optrede soos hierbo beskryf.

Dit bring my by bew 10A.

By die verhoor en in die skriftelike betoogpunte wat in hierdie hof ingehandig is, is gewag gemaak van die verskil in benadering tussen die beslissings in S v Singh and Another 1975(1) S A 330 (N) en S v Ramgobin and Others

1986(4) S A 117 (N) aan die een kant, en S v Baleka and Others (1) 1986(4) S A 192 (T) en S v Baleka and Others (3) 1986(4) S A 1005 (T) aan die ander kant. Kortliks kom die verskil daarop neer dat in die twee Natalse beslissings vereistes gestel is vir die toelaatbaarheid van 'n bandopname wat uitdruklik verwerp is in die Baleka sake. Wesenlik gaan dit oor die vraag of bewys van die egtheid van so 'n opname wat as getuienis aangebied word, voorvereiste is vir die toelaatbaarheid daarvan. In Natal is die vraag bevestigend beantwoord; in Transvaal ontkennend omdat, volgens VAN DIJKHORST R in die Baleka sake, onderskei moet word tussen die oorspronklikheid van 'n opname en die egtheid daarvan - oorspronklikheid affekteer

wel toelaatbaarheid maar egtheid nie aangesien laasgenoemde slegs die bewyswaarde van die band beïnvloed (Baleka (1) op 195H).

In die huidige saak het die verhoorhof die Singh benadering gevolg. Hoewel die egtheid van bewy 10A dus beoordeel is met die oog op die toelaatbaarheid daarvan, is daar nie 'n binneverhoor gehou nie: die Staat het, met instemming van die verdediging, voortgegaan om al sy getuienis op die meriete - insluitende getuienis oor die egtheid van die band - voor te lê, waarna die verdediging dieselfde gedoen het. Die egtheid van bew 10A is eers in die slotbetoë beredeneer en in die hof se finale uitspraak behandel. Hierdie prosedure was

ongetwyfeld die mees praktiese omdat die egtheid van die band ten nouste verbonde was aan die geloofwaardigheid van 'n hele aantal getuies wat ten beste geoordeel kon word na aanhoor van al die getuienis.

Vir huidige doeleindes is dit onnodig om te besluit of bewys van die egtheid van bew 10A inderdaad voorvereiste was vir die toelaatbaarheid daarvan - hoewel ek moet sê dat die benadering in die Baleka sake vir my meer aanneemlik lyk. Daar is nietemin sekere uitlatings in die Natalse beslissings wat van belang is by die beoordeling van die egtheid van bew 10A en waaraan gevolglik aandag gegee moet word. In die Singh saak het LEON R gesê (op 333 F et seq) :

/114

"As pointed out by Hoffman, supra, the use of tape recordings has given rise to some difficulties. One of these is that

'tapes can be easily edited or altered, so as to make the person whose voice has been recorded seem to say something quite different'.

In R.v. Stevenson and Others, (1971) I All E.R. 678, where the issue of a possible fabrication was raised, the following rules were laid down:

1. Before the Court would admit them in evidence it had to be established that they were the original recordings; if sufficient doubt was raised by the defence to indicate that it was likely that they were not the originals, and so not the primary and best evidence, the Court had no alternative but to reject them.
2. Accordingly if there is evidence that some interference with the tape recordings might have taken place they are not admissible in evidence. (My beklemtoning.)

With regard to 2 above I would prefer to say that, if on the evidence as a whole there exists a reasonable possibility of such interference, then the tape recordings would not be admissible in evidence."

Hoewel MILNE RP (soos hy toe was) in die Ramgobin saak getwyfel het of dit in alle gevalle slegs die oorspronklike opname is wat toelaatbaar is, het hy homself gebonde geag aan die beslissing in Singh wat deur twee regters beslis is. Gevolglik, het hy op 135 C-D gesê:

> "..... for these recordings, to be admissible, it must be proved that the exhibits sought to be put in (a) are the original recordings and (b) that, on the evidence as a whole, there exists no reasonable possibility of 'some interference'. "

Hieraan het hy egter bygevoeg (op 135 G-I) :

> "The requirements laid down in Singh's case are not the only requirements for admissibility because, as I have already stated, I do not think that in that case the Court intended to lay down

an exhaustive set of rules for admissibility. In my view, the State must also prove that the tape recordings do relate to the occasion to which it is alleged they relate, and that they are faithful, and prove the identity of the speakers. These requirements overlap to some extent but they are not identical. There may be proof that the tape has not been altered, added to, edited or in any way interfered with, but the tape may not be accurate because it fails to reflect faithfully what it purports to reflect. For example, it may fail to reflect material portions of what it purports to record by reason of deliberate or inadvertent conduct on the part of the person or persons involved in the recording process, or because of some malfunction in the recording apparatus."

Afgesien daarvan dat ek MILNE RP se bedenkings oor die korrektheid van die eerste reël - nl dat slegs 'n oorspronklike opname toelaatbaar is - onderskryf, is daar 'n ander aspek van hierdie uitlatings wat kommentaar

verg.

Volgens die tweede "reël" soos deur LEON R geformuleer, is 'n opname ontoelaatbaar indien daar 'n redelike moontlikheid bestaan van "some interference" daarmee. Met "interference" het die belese regter klaarblyklik steurings soos die uitwissing of vervanging van bestaande gedeeltes en die invoeging van nuwe gedeeltes in gedagte gehad. Ongelukkig het hy egter nie uitgewei oor die begrip "some interference" nie. Letterlik slaan sy woorde op enige steuring, ongeag die wesenlikheid en oorsaak daarvan sodat bv die onopsetlike uitwissing van 'n enkele woord, of dit van wesenlike belang is of nie, die ontoelaatbaarheid van die opname tot gevolg

sal hê. Dat dit blykbaar is hoe MILNE RP dit verstaan het, blyk uit sy slotopmerking in Ramgobin op 179 C-E dat -

> " ..... the issues I have been concerned with are whether the State has proved, and, what is more, proved beyond reasonable doubt:
>
> (1) .....
>
> (2) .....
>
> (3) that the tapes are the original recordings and have not been interfered with in any way - whether by mistake or otherwise - since the original recordings were made."

(Nogtans verwys hy in die vorige aanhaling uit sy uitspraak na die weglatings van "material portions of what it purports to record.")

Selfs al sou aanvaar word dat bewys van egtheid 'n voorvereiste is vir die toelaatbaarheid van 'n opname

meen ek nie dat dit uitgesluit kan word van die getuienis bloot op grond daarvan dat steurings daarin voorkom nie. Inteendeel, wanneer in gedagte gehou word dat die gevaar waarteen gewaak moet word, die toelating is van 'n opname ten opsigte waarvan daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat dit 'n verwronge weergawe van die werklikheid is, is dit vanselfsprekend dat elke steuring nagegaan moet word ten einde te bepaal of daar inderdaad so 'n moontlikheid bestaan. Enige steuring dui immers nie noodwendig - of selfs waarskynlikerwys - op onegtheid nie: dit sal onsinnig wees om bv 'n opname waarin 'n gedeelte van 'n gesprek per ongeluk uitgewis is, bloot weens hierdie gebrek uit te sluit. Natuurlik

mag die getuieniswaarde daarvan, afhangende van die wesenlikheid van die vermiste gedeelte, geaffekteer wees maar ek kan my nie voorstel wat die beswaar teen die toelaatbaarheid van die opname kan wees waar daar geen sweem van onegtheid is nie. Dieselfde geld vir opsetlike steurings. Hoewel ek uit die aard van die saak aanvaar dat sulke steurings met die eerste blik agterdogwekkend is, kan ek my weereens nie voorstel wat die beswaar kan wees teen die toelaatbaarheid bv van 'n opname waarvan 'n gedeelte doelbewus uitgewis is sonder om daardeur die oorblywende gedeelte te verwring nie. In so 'n geval bly laasgenoemde nog steeds toelaatbare getuienis (tensy dit op ander

gronde ontoelaatbaar is) hoewel die getuieniswaarde daarvan minder mag wees as wat dit andersins sou gewees het. Die probleem sal natuurlik wees dat die verhoorhof nie eerstehandse kennis dra van wat presies uitgewis is nie en nie met die mate van sekerheid wat sulke kennis meebring, kan oordeel of die oorblywende gedeelte nie 'n verwronge beeld skep nie. Maar hierdie probleem is nie onoorkomelik nie aangesien die inhoud van die vermiste gedeelte op die gewone manier deur aanvaarbare getuienis bewys kan word.

Ek het pertinent na opsetlike uitwissings verwys in die lig van Kaptein Pool se opsetlike uitwissing van die eerste gedeelte van bew 10A. Die vraag is:

wat presies was daar op die band voordat hy dit uitgewis het? Gedagtig aan appellant se getuienis oor Van Zyl se beweerde mededeling dat die onegtheid van die opname sou blyk uit sy opmerkings in die motor aan die begin van sy rit na Rondawel, is dit te verstane dat Pool se getuienis dat hy slegs die irrelevante geselsery tussen die polisiemanne voor en tydens Van Zyl se vertrek en die aanvangsgedeelte van die rit uitgewis het, 'n hewige geskil by die verhoor en in hierdie hof ontlok het. Pool het getuig dat hy die opnemer by die Geloftefeesterrein onder Van Zyl se klere versteek het terwyl sy kollegas naby hulle gestaan en gesels en skerts het. Nadat hy die opnemer getoets het,

het hy dit aangeskakel waarop Van Zyl in sy kar geklim en vertrek het. Ek het reeds aangedui dat grepe uit die opname later die aand by Van Zyl se terugkoms en weer in die huis op Rondawel gespeel is en dat Pool weer na die hele opname geluister het voordat hy dit aan Kolonel Jansen gestuur het vir transkribering. Volgens Pool het hy by laasgenoemde geleentheid gehoor dat die geselsery en geskerts opgeneem is. Hy het oa gehoor hoe Majoor Meintjies vir Generaal Neethling 'n "coffee royal" - blykbaar koffie waarby sterk drank gevoeg is - aanbied. Omdat hy gemeen het dat hierdie aanbod verleentheid kon skep en dat die gedeelte van die opname voor Van Zyl se vertrek in elk

/124

geval nie ter sake was nie, het hy Majoor Meintjies geraadpleeg en daardie gedeelte uitgewis. In die proses het hy egter te ver gegaan sodat die eerste gedeelte van Van Zyl se rit ook verlore gegaan het. Hy het die Hof verseker dat Van Zyl nie in die uitgewiste gedeelte gepraat het nie. (Volledigheidshalwe moet gemeld word dat, hoewel die totale uitgewiste gedeelte ongeveer 3 minute beloop, dit gemene saak is dat die gedeelte waarin die aanbod van die "coffee royal" en die aanvang van die rit volgens Pool hoorbaar was, op die uiterste 18 sekondes kon geduur het.)

Hoewel Pool en Meintjies in kruisondervraging erg gekapittel is oor die uitwissing het die verhoorhof

Pool se getuienis oor wat presies hy uitgewis het, aanvaar en die verdediging se suggestie verwerp dat "daar iets sinister steek in die feit dat Pool 'n stukkie van die bandopname uitgewis het". In hierdie hof het die appellant en sy advokaat in 'n striemende aanval op Pool (en Meintjies) se getuienis oor die uitwissing en die verhoorhof se aanvaarding daarvan, gepoog om aan te toon dat Meintjies nie vir Generaal Neethling 'n "coffee royal" aangebied het nie, of selfs al sou hy dit gedoen het, dat sy aanbod nie opgeneem sou gewees het nie. Ek is nie van voorneme om hierdie betoog in besonderhede te behandel nie. Niks wat appellant of sy advokaat gesê het, het my oortuig dat daar enigiets skort met Pool se

verduideliking van die uitwissing of die aanvaarding daarvan nie. Ek aanvaar derhalwe nie die betoog dat Pool se optrede meebring dat die res van die opname met agterdog bejeën moet word nie.

By die verhoor en in hierdie hof is verder aangevoer dat die egtheid van bew 10A nie bewys is nie op grond, eerstens, van appellant se getuienis dat sekere grepe uit die opname wat die aand van die lokval aan hom voorgespeel is, nie in bew 10A voorkom nie en, tweedens, op grond van die deskundige getuienis van Atkinson en Pretorius. Wat appellant se getuienis betref, hoef slegs verwys te word na sy eie bewering dat hy nie belang gestel het in wat aan hom voorgespeel is nie en nie eens behoorlik geluister

het nie. Hoe ongelooflik hierdie bewering ook al mag wees, kan hy in die lig daarvan nie verwag dat peil getrek moet word op sy bewering oor wat daar toe op die band was nie.

Voordat Atkinson en Pretorius se getuienis behandel word, is daar eers 'n paar inleidende opmerkings wat ek wil maak.

Ek het vroeër aangedui dat die geskil oor die egtheid van bew 10A blykbaar sy oorsprong gehad het in Van Zyl se beweerde onthulling aan appellant en sy broer dat hy vooraf 'n vals opname voorberei het. Ek het ook aangedui dat die verhoorhof bevind het dat die moontlikheid dat bew 10A vooraf voorberei kon gewees het vir alle praktiese

doeleindes uitgeskakel is. Hierdie bevinding was onvermydelik. Van Zyl was op 22 Julie 1982 in Kaapstad toe die moontlikheid van 'n lokval vir die appellant die eerste maal geopper is. Die volgende middag het hy die polisie op Malmesbury ontmoet vanwaar die geselskap eers na Vredendal en later na Rondawel is. Indien hy vooraf 'n verval-ste opname gemaak het, moes hy dit op Malmesbury reeds gereed gehad het. In ag genome, afgesien van die tyd wat die vervaardiging van die opname self in beslag sou geneem het, dat Van Zyl eers 'n geskikte persoon sou moes vind om die appellant se rol te vertolk en boonop iets in die vorm van 'n draaiboek met gepaste byklanke sou moes voorberei, is dit, om die minste te sê, hoogs te betwyfel

/129

of hy betyds 'n opname gereed kon gehad het. (Atkinson het self getuig dat dit ongeveer twee dae sou neem om die opname in sy huidige vorm voor te berei en dat twee of drie dae nodig sou gewees het vir die vooraf beplanning daarvan. Hy het toegegee dat die grootste deel van die vervalsing voor die lokval moes gereed gewees het.) Boonop is daar geen getuienis, en is dit ook nie in kruisondervraging aan Van Zyl gesuggereer nie, dat hy vooraf geweet het dat hy met 'n opnamemasjien na appellant gestuur sou word nie. Dit laat die vraag ontstaan hoe dit dan gekom het dat hy enigsins daaraan gedink het om 'n vals opname voor te berei. En selfs al sou dit, strydig met al die waarskynlikhede, nogtans aanvaar word dat hy betyds 'n opname gereed kon gekry het, kon dit onmoontlik bew 10A gewees het aangesien daar dinge in bew 10A voorkom waarvan hy nie vooraf geweet het nie. So bv was die geld waarmee hy by die Geloftefeesterrein opgedaag het presies saamgestel soos die bedrag waarvan op die band gepraat word;

/130

en was die totale gewig van die diamante,en die afsonderlike gewig van een besondere steen wat in die lokval gebruik is, feitlik identies aan dié van die stene waarna op die band verwys word. Van Zyl het die diamante eers op Vredendal ontvang toe hy reeds sy beweerde vals opname gereed moes gehad het. En dan is daar nog Van Zyl se verwysing op twee geleenthede in bew 10A na die tyd: eers sê hy:"Dit is nou kwart voor elf" en later weer: "Dit is nou elfuur." Hy kon onmoontlik vooraf geweet het dat dit juis die tyd sou wees waarop hy inderdaad by appellant op Rondawel sou wees.

Die probleem wat hierdie gevolgtrekking vir die verdediging geskep het, lê voor die hand. Dit is gemene saak

dat die polisie die aand van 23 Julie met 'n opname op Rondawel opgedaag het waaruit grepe voorgespeel is en wat op daardie stadium reeds van so 'n aard was dat dit almal behalwe appellant (volgens hom) oortuig het dat daar 'n diamant transaksie plaasgevind het. Waar het daardie opname dan vandaan gekom indien dit nie, soos die staatsgetuies beweer, die een was waarmee Van Zyl by die Geloftefeesterrein opgedaag het nie? Appellant se saak is dat dit nie bew 10A was nie maar Van Zyl se voorafvervaardigde vals opname waarin toe nie alles voorgekom het wat tans in bew 10A voorkom nie, en dat bew 10A die resultaat is van 'n verdere vervalsing. Die suggestie is dat die opname na die lokval óf in die geheel vervang is met 'n ander

vervalsing óf verbeter én aangesuiwer is, met of sonder Van Zyl se medewerking en moontlik selfs met behulp van ander opnames van appellant se stem. Laasgenoemde moontlikheid is geopper in die lig van appellant se toegewing by die verhoor dat dié Nieuwoudt-stem op bew 10A soveel na syne klink dat dit besonder goed nagemaak moes gewees het deur iemand wat bekend is met sy stem en sy manier van praat en vloek en selfs met uitdrukkings wat hy dikwels gebruik, en dat hy een opmerking wat in die opname voorkom inderdaad op 'n geleentheid wat hy nie kon onthou nie gemaak het .

Een oomblik van nadenke openbaar egter hoe onrealisties hierdie suggestie is. Dit veronderstel as basiese

beginpunt dat daar 'n voorafvervaardigde vals opname was wat, soos reeds aangetoon, hoogs onwaarskynlik is bloot weens 'n gebrek aan tyd en van kennis aan Van Zyl se kant dat die polisie beplan het om 'n baandopnemer in die lokval te gebruik. Maar dit is nie al nie. Dit moet verder oorweeg word waarom Van Zyl enigsins met 'n vals opname na appellant sou gegaan het. Die enigste denkbare verklaring is dat hy beoog het om die polisie 'n rat voor die oë te draai. Maar indien dit so was, is sy optrede teenoor die appellant onverklaarbaar. Op appellant se weergawe het Van Zyl by sy aankoms op Rondawel geweet dat hy vrylik kon praat. Waarom het hy appellant dan nie gewaarsku en nie vertel wat aan die gang was nie? Waarom het hy met die voor-

wendsel gekom dat hy geld wou leen? En waarom het hy sy niksvermoedende vriend nog verder betrek met die Calcofluoor en die stuk kous en die diamante op die gras? Natuurlik moes hy teenoor die polisie die skyn skep dat hy die diamante verkoop het maar waarom hy die appellant ook sou bedrieg het in stede van sy optrede in oorleg met appellant in te rig, is onverstaanbaar.

Boonop veronderstel die verdediging se suggestie 'n tweede vervalsing wat alleenlik kon geskied het, hetsy met of sonder Pool en Meintjies se aktiewe samewerking, maar minstens met hulle medewete. Die eerste onbeantwoorde vraag is: waarom sou so 'n vervalsing enigsins nodig gewees het indien die eerste een reeds voldoende was om almal te

oortuig? En die tweede een is: is dit enigsins denkbaar dat hierdie twee offisiere dit sou waag om die opname te vervals nadat Generaal Neethling en Brigadier Erasmus reeds na die belangrikste dele daarvan geluister het? In die besef dat so-iets te vergesog is om te aanvaar, was die appellant verplig om te betoog dat al die polisiemanne - van die hoogste tot die laagste rang - saam in 'n "span getrek het" as partye tot 'n gruwelike komplot om hom te inkrimineer. So-iets is nog meer onaanvaarbaar. Dat daar 'n basis is vir so 'n suggestie teen Pool en Meintjies wat klaarblyklik ten nouste saamgewerk het en vertrouelinge was wat vantevore onsuksesvol was in 'n poging om appellant in 'n lokval te betrap, kan argumentshalwe aanvaar word.

Daar is egter geen rede om te vermoed dat die twee offisiere wat van Pretoria af gekom het, tot so 'n peil sou daal nie. (Brigadier Erasmus, mag ek meld, het ten tyde van die verhoor reeds afgetree en daar was geen verklaring van hom in die polisiedossier nie.)

Ek vind die betoog oor die vervalsing van bew 10A en 'n komplot tussen die belangrike staatsgetuies nog meer verbasend in die volkome afwesigheid van gepaste stellings aan enige van hulle in kruisondervraging. Van Zyl is boonop nie eens gekruisvra oor sy bewegings nadat hy die polisie op 22 Junie 1982 verlaat het ten einde vas te stel of dit moontlik vir hom was om 'n vals opname voor te berei nie. Mnr de Villiers se verduideliking dat die verdediging op

die stadium toe hulle getuig het nog nie oor volledige inligting oor 'n vervalsing van Atkinson beskik het nie, gaan nie op nie. Die getuies kon herroep word en geen poging is aangewend om dit te doen nie.

Dit bring my by Atkinson en Pretorius se getuienis.

Die hoofredes waarom Atkinson die opname as oneg bestempel het, is eerstens dat sekere handelinge wat in bew 10A voorkom nie binne die tyd of op die manier verrig kon gewees het waarbinne en waarop dit volgens die opname verrig is nie; tweedens dat daar tekens is van sg "edits" - d i plekke waar daar met die band gepeuter is en wat aanduidend is van invoegings of weglatings; en derdens dat geluide of woorde daarin voorkom wat óf oneg klink óf nie

daarin hoort nie, en dat geluide of woorde wat daarin behoort te gewees het, nie daarin voorkom nie. Sy derde rede is deur Pretorius ondersteun. Ek is nie van voorneme om hulle getuienis in besonderhede te bespreek nie. Die verhoorregter het elke punt van kritiek wat hulle teen bewys10A gehad het, in die uitspraak behandel en sommige daarvan was so klaarblyklik ongegrond dat dit nie verdere vermelding verdien nie. Atkinson was boonop daarop uit om elke plek waar die geluide of woorde in die opname nie volkome hoorbaar of verstaanbaar is nie, uit te buit deur allerlei denkbeeldige moontlikhede te opper waardeur hy, so kom dit my voor, 'n atmosfeer van agterdog en twyfel probeer skep het. Heelwat van die bewerings wat hy aan-

vanklik met groot vertroue gemaak het, het egter in die slag gebly toe hy onder kruisondervraging moes toegee dat dit ongegrond was.

Een van die geskilpunte wat wel uitgesonder kan word vir bespreking is Atkinson en Pretorius se bewering dat daar op vier plekke 'n stem in bew 10A voorkom wat nie dié van enigeen van die "akteurs" kan wees nie. (Hierdie bewering moet gesien word in die lig van hulle getuienis dat bew 10A 'n opname van 'n toneelspel tussen twee akteurs is.) Die woorde wat op vier plekke voorkom, is kort, moeilik hoorbare sinsnedes. Daar was nie eenstemmigheid tussen die getuies oor wat dit is wat daar gesê is en oor wie dit was wat dit gesê het nie; selfs Atkinson en Pretorius was dit nie altyd met mekaar eens nie. Die probleem is vererger deurdat beide Atkinson en Jansen getuig het dat hulle nie elke keer wanneer

hulle na die opname geluister het, dieselfde woorde gehoor het nie. Dit was die verhoorhof se ondervinding ook; toe die lede van die hof daarna geluister het, het hulle, dan die een getuie se weergawe, dan die ander getuie s'n gehoor, en soms was hulle ook nie eensgesind nie. Uiteindelik is Jansen se weergawe aanvaar en op grond daarvan het die hof tot die gevolgtrekking gekom dat daar nie 'n vreemde stem op die band was nie.

In hierdie hof het Mnr De Villiers weer die moontlikheid van 'n vreemde stem geopper en aangevoer dat die egtheid van die opname nie bewys is nie omdat hierdie moontlikheid nie uitgeskakel is nie. Sy betoog het daarop neergekom dat Jansen se getuienis verwerp, en dié van Pretorius en Atkinson

aanvaar moes gewees het. Laasgenoemde het, net soos Atkinson, getuig dat daar op al vier plekke 'n vreemde stem hoorbaar is maar wat sy getuienis besonders maak, is dat hy twee uitdrukkings gehoor het op plekke waar Atkinson en Jansen slegs een kon hoor. So bv het die persoon met die Nieuwoudt-stem op een stadium oor geld gepraat. Jansen het een van sy opmerkings aanvanklik getranskribeer as "die geld is in die melkerykamer" maar, nadat hy weer na die opname geluister het, het hy getuig dat die opmerking "die geld is in die bankrekening" is. Atkinson het saamgestem dat die betrokke woord "bankrekening" is maar beweer dat dit vir hom geklink het asof daardie woord oor iets anders gesê is. Volgens Pretorius sê die Nieuwoudt-stem "die geld is in die bank-

rekening" maar onmiddellik voor "bankrekening" sê iemand anders in 'n fluisterstem "melkerykamer". Die gefluisterde woord is volgens hom nóg in die Van Zyl-stem nóg in die Nieuwoudt-stem. Die ander plek waar Pretorius twee uitdrukkings hoor, is teen die einde van die dialoog. Hier, het hy getuig, hoor hy "Ou Attie" of "Attie" in 'n vreemde stam agter die woorde "so alleen-alleen" wat in die Nieuwoudt-stem hoorbaar is. Aan die einde van die verhoor was dit gemene saak dat "alleen-alleen" wel daar voorkom maar dit was net Pretorius wat die vreemde stem daaragter kon hoor (hoewel Atkinson ook hierdie gedeelte van die opname betwyfel het en lede van die hof aanvanklik "Oi Attie dankie" gehoor het waar hulle later oortuig was "so alleen-alleen" voorkom).

Mnr De Villiers het aangevoer dat die blote feit dat verskeie luisteraars, waaronder lede van die hof, minstens

op een stadium die woorde gehoor het wat volgens Pretorius op die betrokke plekke voorkom, sterk steun vir laasgenoemde bied en, word dit aanvaar dat daardie woorde inderdaad daar voorkom, kon dit nie deur een van die"akteurs"gebruik gewees het nie.

Wat die ander twee plekke betref waar die vreemde stem volgens Atkinson en Pretorius hoorbaar is, is dit bloot 'n geval waar daar 'n geskil is oor wat die woorde werklik is en deur wie dit geuiter is. Waar Atkinson op die een plek in 'n vreemde stem "Sersant-majoor" of "majoor" hoor en Pretorius "kan jy my hoor", is die woorde volgens Jansen "ja nee wat" in die Nieuwoudt-stem; en waar Atkinson op die ander plek in 'n vreemde stem "wag julle is te gou" en

/144

Pretorius "wag dis te gou" hoor, is die woorde volgens Jansen "wag die geld is te goed" in die Nieuwoudt-stem. In beide gevalle het die verhoorhof voorkeur verleen aan Jansen se weergawe.

Die geskil oor wat op hierdie vier plekke in die opname voorkom, bring twee vrae na vore. Die eerste is hoe die verhoorhof die geskil moes besleg en hoe hierdie hof dit nou moet beoordeel; die tweede is wat die effek is indien dit nie bevredigend ten gunste van een van die partye kon , en tans kan besleg word nie. Wat beide vrae betref, is dit van belang dat die betrokke woorde en die identiteit van die persoon wat dit gebruik het, nieteenstaande Pretorius se aanspraak dat hy dit sonder moeite kon

vasstel, uiters moeilik bepaalbaar is. Nadat ek herhaaldelik aandagtig na die opname geluister het, kan ek met redelike beslistheid sê dat ek op drie plekke van Pretorius en op die vierde plek van Jansen verskil, maar daar is nie eenstemmigheid tussen my en my kollegas oor al vier punte nie. Soos vantevore aangedui, was dit ook die geval met die lede van die verhoorhof: dit blyk duidelik uit die oorkonde dat hulle nie altyd eenstemmig was toe die opname in die hof gespeel is nie en dat die uiteindelike bevinding - wat nie in alle opsigte ooreenkom met lede se vroeëre waarnemings nie - grootliks op Jansen se getuienis gebaseer is. Daarom is die huidige nie 'n geval waar die geskil deur eie waarneming deur die verhoorhof kon, en tans deur hierdie hof, kan besleg

word nie.

Daarenteen is ek nie bereid om 'n submissie wat Mnr De Villiers op een stadium gemaak het (klaarblyklik sonder dat hy self veel geloof daarin gehad het) te aanvaar nie nl dat daar slegs gelet moet word op wat die deskundige getuies se waarnemings was. Om te hoor watter woorde in hierdie soort opname voorkom, verg geen deskundigheid nie en 'n geregshof kan in elk geval nie sy funksie aan die getuies delegeer nie. Natuurlik moet ag geslaan word op die getuienis; maar uiteindelik is dit die hof se taak om te bepaal wat die woorde is en deur wie hulle gebruik is.

Ek stem ook nie saam met Mnr De Villiers se verdere submissie dat bew 10A verwerp moet word indien dit sou blyk

dat die moontlikheid van 'n vreemde stem nie uitgeskakel kan word bloot deur daarna te luister, en bloot deur oorweging van die deskundige getuienis nie. Indien die opname volkome duidelik was, sou die verhoorhof se persoonlike waarnemings natuurlik afdoende gewees het en gevalle mag denkbaar voorkom waar, hoewel die opname nie dermate duidelik is nie, die deskundige getuienis van so 'n aard is dat die inhoud daarvan met redelike sekerheid bepaal kan word. Maar waar, soos in die onderhawige geval, die opname onduidelik is en die deskundiges niks meer kan bydra as hulle persoonlike waarnemings nie, neem hulle getuienis die saak eintlik nie veel verder nie omdat hulle waarnemings vanselfsprekend mank gaan aan dieselfde gebrek as dié wat aan die

verhoorhof s'n kleef. Dit beteken egter nie noodwendig dat daar in so 'n geval nie tot 'n bevinding geraak kan word oor die egtheid van die opname nie. Die rede hiervoor is dat die ondersoek na die egtheid daarvan nie beperk is tot die verhoorhof se eie waarnemings en die getuienis van deskundiges oor die inhoud daarvan nie. Klaarblyklik moet alle ander faktore wat enersyds op egtheid en andersyds op onegtheid dui ook in aanmerking geneem word en uiteindelik moet 'n besluit oor die egtheid geneem word aan die hand van die getuienis as geheel. Die kernvraag is of die Staat die redelike moontlikheid van 'n vals opname uitgeskakel het. Daardie vraag moet aan die hand van die kumulatiewe effek van al die beskikbare aanduidings beantwoord word sonder

dat dit van die Staat verwag word om elke afsonderlike faktor wat in appellant se guns mag tel, uit te skakel (Rex v De Villiers 1944 A D 493 op 508-509; S v Shabalala 1986(4) S A 734 (A) op 750 E-F). Daarom moet die hof se onvermoë om deur eie waarneming en met behulp van die deskundige getuienis te bepaal of daar 'n vreemde stem in bew 10A voorkom, tesame met alle ander relevante faktore, as deel van die totaliteit van die getuienis oorweeg word ten einde te bepaal of die redelike moontlikheid van 'n vals opname uitgeskakel is.

In die lig van hierdie opmerkings kan ek die verhoorhof se bevinding dat daar nie 'n vreemde stem is nie, nie ondersteun op die basis waarop dit uitgebring is nie. Ek

meen nie dat Jansen se getuienis oor hierdie aspek van die egtheid van bew 10A meer oorredend is as dié van Pretorius nie; en selfs al sou dit wees, bly daar altyd die probleem met die swak hoorbaarheid van die betrokke gedeeltes wat 'n vanselfsprekende nadelige effek op die waarde van sy getuienis het. Dieselfde geld natuurlik vir Pretorius se getuienis. Daarom kan dit ook nie bloot op sy getuienis aanvaar word dat daar inderdaad 'n vreemde stem in die opname is of dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat dit daarin voorkom nie. Dit sal later aangedui word waarom Atkinson se getuienis oor hierdie aspek en oor ander aspekte nie aanvaarbaar is nie.

Vervolgens word gelet op die getuies se algemene

geloofwaardigheid oor die egtheid van die band. Dit is duidelik, soos die verhoorregter tereg opgemerk het, dat Kolonel Jansen nie behoorlik aandag gegee het aan die egtheid en inhoud van bew 10A toe hy dit die eerste maal getranskribeer het nie. Sy versuim is moontlik te wyte aan die feit dat hy op daardie stadium nie geweet het dat die egtheid van die opname in geskil sou wees nie en waarskynlik het hy die transkribering as blote roetine beskou. Dit verskoon hom egter nie. Die gevolg van sy aanvanklike versuim was dat hy nie voorbereid was om die vrae wat aan hom gevra is toe hy die eerste maal getuig het nie en moes teruggaan na sy laboratorium vir verdere ondersoekwerk. Dat sy getuienis van gans 'n ander gehalte was toe hy later herroep is, kom

duidelik na voré by die nalees van die oorkonde. Die ver-

hoorregter het die volgende oor hom gesê:

> "Jansen kan gekritiseer word vir sy versuim om sy opdrag met betrekking tot egtheid aanvanklik met die nodige deeglikheid aan te pak. Namate hy egter die verdere ondersoeke ingestel het, het sy gestalte as 'n deskundige gegroei en het sy bedrewenheid duidelik geword. Aan die einde van die dag het hy die indruk by die hof gelaat van 'n suiwer wetenskaplike met jare ondervinding agter die rug, op wie se menings-peil getrek kan word."

Dit is ook my indruk ten spyte van die aanval wat in hier-

die hof teen sy getuienis geloods is. Hy is oa gekritiseer

oor die feit dat hy die band weer ondersoek het na sy aan-

vanklike onbevredigende getuienis en dit is betoog dat sy

getuienis partydigheid en 'n gebrek aan deskundigheid open-

baar. Ek stem nie saam nie. Daar is nie fout te vind

/153

met sy herondersoek van die band nie (wat waarskynlik op aandrang van die aanklaer geskied het); trouens, Atkinson het self reekse nuwe toetse uitgevoer namate sy kruisondervraging gevorder het en sy herondervraging is selfs onderbreek ten einde hom in staat te stel om nog verdere ondersoekwerk te doen. Optrede van hierdie aard is geensins vreemd nie. En wat betref Jansen se beweerde partydigheid en sy gebrek aan deskundigheid hoef ek slegs te sê dat dít nie is hoe hy die verhoorhof beïndruk het nie, en ook nie hoe sy getuienis my beïndruk nie. Word sy getuienis vergelyk met dié van Atkinson kan dit sonder die minste twyfel gesê word dat hy verreweg die beste getuie was.

Wat Atkinson betref, het ek reeds 'n aanduiding ge-

gee van die gehalte van die getuienis wat hy afgelê het. As voorbeeld van sy neiging om denkbeeldige situasies op te tower en daardeur agterdog te saai, kan verwys word na sy scenario betreffende die woord "sersant-majoor" of "majoor" waarna hierbo verwys is. Dit het hom aan die moontlikheid laat dink (wat hy ook aan die hof gesuggereer het) dat iemand die vertrek waar die vervalsing gemaak is, binnegekom het en die woord gebruik het toe hy een van die aanwesiges aangespreek het. Dit was een van vele subtiele suggesties van die polisie se betrokkenheid by die beweerde vervalsing. 'n Ander sprekende voorbeeld is sy vertolking van die geluide wat appellant se drankskinkery heet te wees. Afgesien van sy totaal ongegronde bewering dat die drank wat geskink is te-

veel sou gewees het vir die drinkers se glase (en vir die hoeveelheid urine wat Van Zyl later buite die huis gelaat het!) het hy die hof met 'n redenasie waarvan die logika my ontglip, probeer oortuig dat daar drie glase moes gewees het en nie net die twee wat die polisie gevind het nie.

Nog 'n voorbeeld is sy bewering dat Van Zyl nie alleen in die motor was nie en dat hy iemand by die punt DOP waarna vroeër verwys is, afgelaai het. Hierdie bewering is soos volg in die verhoorhof se uitspraak behandel:

> "Hy het aanvanklik met betrekking tot die plek gedurende die rygedeelte aan die begin van die bandopname waar die musiek en die geraas van die motor vir 'n paar oomblikke heelwat stiller word, die mening met volle vertroue uitgespreek dat Van Zyl op daardie plek stilgehou het om 'n passasier af te laai. Hy het die plek derhalwe DOP genoem as 'n verkorting

/156

van 'Drop off point'. Hierdie fantastiese teorie het hy probeer versterk deur te sê dat hy daar hoor dat Van Zyl besig was om met iemand te praat. Jansen het daarop gewys dat waar die agtergrondgeraas en musiek op hierdie plek stiller geword het, dit toe te skryf is aan die inwerkingtreding van OWB. Atkinson het hierdie proposisie aanvanklik sonder meer verwerp, maar later moes hy toegee dat hy nie genoegsame toetse gedoen het om OWB op hierdie plek uit te skakel nie en dat dit heel moontlik was dat Van Zyl met homself gepraat het en dat hy nie stilgehou het om iemand af te laai nie."

(OWB verwys na die outomatiese winsreëlaar van die opnamemasjien wat die klankpeil outomaties reguleer.)

Wat egter veral onrusbarend is van sy getuienis is dat hy volgens eie erkenning nie geskroom het om die hof te probeer mislei nie. Dit blyk uit sy kruisondervraging oor sy bewering dat die akteur wat Van Zyl se rol vertolk

het by die vervaardiging van die vals opname geleidelik dronk geword het. Om die hof te oortuig, het hy 'n opname (bew 26) gemaak van gedeeltes van bew 10A wat volgens hom verskillende Van Zyl-stemme bevat. In die eerste snit op bew 26 word Van Zyl se stem terwyl hy met 'n swaar sug 'n opmerking gemaak het oor sy broer wat geneig was om te veel te drink, gekontrasteer met die veel ligter stem waarmee hy kort daarna by sy vertrek gegroet het. In kruisondervraging het Atkinson toegegee dat Van Zyl nie noodwendig in dieselfde stemtoon sou gegroet het nie maar, het hy bygevoeg, "it's not that kind of difference that I'm looking at here - that's what worries me." Daarna volg die volgende stukkie getuienis:

"COURT: I just wanted to know - I'm not sure that I understand what you say the difference is that you can hear. --- M'Lud, this is the second time in which I have stood here, unable to explain something which to me, is very obvious and very apparent. I just feel inadequate because I obviously haven't set up in my original basis, the background to why I stand here and say this and I obviously haven't put together the kind of demonstrations which would make it apparent of why I'm saying it. I can't do any better - I'm sorry. I can't. I feel it very strongly and I hear it very strongly."

Na hierdie openbaring van sy onvermoë om te verduidelik wat die werklike verskil was wat hy so duidelik kon hoor, is hy later weer uitgevra oor dieselfde onderwerp en hy het toe erken dat hy die hof mislei het. Die betrokke passasie in die oorkonde lui soos volg:

"------ but you have constructed that tape to show the difference in speech between the line on page

18: 'Attie, goed gaan ou maat'? --- Yes.

Where he is saying goodbye to his friend and the line after the water passing business: 'Ja wat, fok hom, ek het oor hom nie stories nie'? --- Correct.

Is it true, Mr Atkinson, that in that line: 'Ja wat, fok hom, ek het oor hom nie stories nie', there is a deep sigh by Van Zyl? --- There is.

Now the manner in which he is speaking at that point, on page 17, : 'Ja wat, fok hom, ek het oor hom nie stories nie', it is spoken slowly with a sigh? Would you agree with that? --- Yes, I agree with that and of course I could have used other lines, but carry on.

You have used this line, Mr Atkinson? --- Yes.

I would like to take this up with you? ---Right.

Now if you speak slower with a sigh in your voice, and maybe about a topic that you are not too happy about,? --- Yes.

And on the other hand you are saying goodbye to a friend in a good mood, you have just made your deal, you are now on your way, and you put these two pieces of speech together, wouldn't you get the same kind of difference, Mr Atkinson? That we hear on EXHIBIT 26, the first cut? --- You might

well and what I am doing here is exactly what has been done to me for the last two weeks here. I am going into a teeny weeny bit of this tape and I am building a magnificent construction upon it and I am violating a natural law when I do so, I am violating a natural law of time and as such, the evidence itself is suspect. You don't have to cross-examine me on it. I am prepared to admit that evidence is not correct. The reason it is not correct, is because it has been prepared on a false basis. I have inverted the time and I have compressed the time. And a lot of that has been done in raising questions with me and getting answers and I feel that this is something which worries me, because you are likely to get answers, you are likely to get impressions which are not necessarily true. Now I was forced into doing this exercise because I have made a claim that said, I listened to the man and I get the impression things are going gradually over a period of time in a certain way and I realise that you can't say that to a lawyer. What you have got to say is, it is black or it is white. You have got to be specific. So I get into it and I am specific. But in the business of getting into it and being specific, I may very

well naturally mislead the Court. Thank you.

COURT: Now I am not quite clear why you think that you might be misleading the Court? --- Well, My Lord, had it not been for - even by the State Prosecutor here, that piece of evidence might have slipped through in the form in which it was and the construction which I had placed on it, might have continued to be unquestioned and just accepted and I am really playing this trick on myself to make a point which I feel quite strongly about, some of the evidence which I have heard, led in this court. But I will accept the Public Prosecutor's argument that I have used a bad or a potentially worse line than some of the others that I could have used."

Die bewering dat sy misleiding 'n toertjie was wat hy op homself uitgehaal het, is 'n swak verbloemde poging tot verdere misleiding van die hof; terwyl die manier waarop hy homself probeer verontskuldig het deur die aard van die kruisondervraging op te haal, tipies is van sy houding deur--

gaans. Hy het sy kruisondervraging blykbaar beskou as 'n spel waarin die aanklaer, die polisiegetuies en veral Kolonel Jansen teikens was van onverdiende snedigheid en neerhalende sarkasme. Wat Atkinson blykbaar nie kon sluk nie, was dat die aanklaer nie bereid was om al sy stellings en aannames goedskiks te aanvaar nie hoewel sommige daarvan (bv dat hy kwansuis in staat is om van 'n klankopname van 'n persoon se voetstappe te hoor of hy 'n ligte voorwerp soos 'n mikrofoon in sy een hand het omdat sy balans daardeur versteur sou wees) so vergesog was dat dit as niks minder as belaglik bestempel kan word nie. Sy getuienis laat my met die indruk van 'n verwaande, hardkoppige getuie wat geneig was tot bespiegeling en wat sy partydigheid en ondeskundige benadering en optrede

/163

onsuksesvol probeer verdoesel het in 'n waas van pedagogiese breedsprakigheid. Die verhoorregter het hom tereg beskryf as-

> "'n deskundige wat bevooroordeeld ten gunste van sy kliënt was en wat bereid was om enige stelling wat vir sy kliënt gunstig was, aan te voer, hoe vergesogd en oordrewe dit ook al mag wees."

Aangesien ek besef dat die verhoorregter en ekself ons in sterk taal uitgedruk het oor 'n deskundige getuie se geloofwaardigheid, ag ek dit gerade om nog 'n passasie uit sy kruisondervraging aan te haal. Dit het voortgespruit uit sy poging in hoofondervraging om die egtheid van wat die geluid heet te gewees het van diamante wat in 'n skaal-

/164

pannetjie gegooi is, te betwyfel. Hy het erken dat hy nóg die diamante nóg die pannetjie beskikbaar gehad het om die klank te toets en dat hy lood windbuks-koeëltjies en 'n piering vir dié doel gebruik het. Sy kruisondervraging het soos volg verloop:

" ------ Am I to understand you, Mr Atkinson, that what you are saying is that the 'ratelgeluide' on Exhibit 10 is not the sound of rough and uncut diamonds being thrown into a weighing glass of the scale? --- I don't think I'd go so far as to say it's definitely not. What I'm calling attention to here is that I would have expected the sound to sound different. I would have expected it to be sharper, more tinny, and perhaps a little softer than it is on the actual Exhibit 10.

Have you ever heard rough and uncut diamonds being thrown into a weighing glass of a scale? ------ Well, it's not important whether I've heard it or not. It's important whether the microphone has

heard it or not and we can perhaps test it right here in the court with a microphone and pouring some glasses into a scale and then we can have a listen to the recording and see what it actually sounds like.
COURT: That doesn't answer the question. ---That's right.
MR VAN ZYL: I've asked you, Mr Atkinson, whether you have ever heard a recording of diamonds, rough and uncut diamonds being poured from a matchbox into a weighing glass of a scale? --- No, I haven't but if I had the opportunity I would have done it and then I would have compared it with the recording I've got and the recording that is on Exhibit 10 .....
Would it help you to do a test using these weighing glasses with the diamonds? --- I think it would be helpful at least because we would know what sort of impact on the reflector surface was for the kind of weight that these things weigh. You see, I don't really understand how many carats these things are. I understand they are quite small. So that we might have been in error with the size of our fake diamonds, if I can call them that. It would certainly be a help to me to be able to carry out such a test and to compare it, yes.

And on how - the sound on the recording of course

will depend again on who was the man who poured the diamonds into the scale - the weighing pan and if it was AN where was the position of Van Zyl at that particular point in time? -- Yes, one would like not to do just one test, to do a series of tests with different microphones, different microphone positions, different methods of pouring and different people doing the pourings and to see whether any of them agreed in any way with the sort of sounds that we have on Exhibit 10.

But you haven't done any of these tests? -- Well, I haven't had any diamonds.

Mmm. Yet you come to court quite prepared, as I understood your evidence, to say that the sound you hear to you it sounds wrong, you would have expected to hear something else? -- That's quite correct. The sound I hear sounds wrong to what I would expect to hean and I call attention to it.

But not having done these tests, Mr Atkinson, and not having the information as to the exact weighing glass and the exact position of Van Zyl in relation to the scale, you are really in no position as you are standing in that witness box now to tell the Court what it should sound like, are

you? -- I can't tell them what it should sound like because I haven't actually used those diamonds in that tray and that recording but I can give you a fairly good indication of what they might expect it to sound like and I would expect it to sound less basey, slightly softer and a little sharper.

You expect them to sound like pellets in a saucer if the saucer is standing on a table? -- Well, that's a reference to give you an indication of something that one might be looking towards hearing. I don't say it's going to sound like pellets into a saucer.

Mr Atkinson, aren't we - or aren't you guessing at the moment what it should sound like? -- I have been listening to a lot of sound effects for a long time particularly on this tape and I'm quite certain as I stand here that if I'm given the diamonds and the glass one evening and have somebody there to make sure your R34 000, 00's worth of diamonds don't go missing I would prepare recordings in all kinds of conditions and all kinds of ways and I reckon that when I bring them back just as I have been bringing back other original recordings made by me they will sound different from what the State's recording sounds.

Are you saying that it will not be possible to get the exact same sound effect? -- I would do what I have always done in my investigaiton, is to try and follow the State's allegations as far as possible until I find a discrepancy, then I would say it doesn't agree with what the State says it should be and therefore I bring it.

My Lord, at this stage we have on our demonstration tape, Exhibit 25, prepared a copy of the actual 'ratelgeluide' and if I have the Court's permission would like to play that for the witness at this stage. It's just a matter of the 'ratelgeluide' and I would like you to listen to that.

MACHINE SWITCHED OFF

MACHINE SWITCHED ON

CROSS EXAMINATION BY MR VAN ZYL CONTINUED: Mr Atkinson, are you in any position as you stand in that witness box now at this stage to dispute that what you've just listened to was the sound of diamonds, rough and uncut diamonds being poured into the weighing glass of the scale? -- Look, it's really not important to me whether it is or isn't the sound effect. If you want to carry on trying to illustrate that this is the sound effect of the diamonds please go ahead."

Hierdie getuienis spreek boekdele vir 'n getuie wat in betoog in hierdie hof opgehemel is vir die deskundige manier waarop hy te werk gegaan het.

Oor Mnr Pretorius het die verhoorregter hom nie spesifiek uitgelaat nie. My indruk van hom is dié van 'n toegewyde drama-dosent cum toneelspeler/regisseur wat die egtheid van bew 10A oorweeg het aan die hand van professionele standaarde waaraan selfs die werklikheid nie altyd voldoen nie. Hiervan spreek bv sy onwilligheid om te aanvaar dat 'n siek kind in die nag na sy ma om hulp sal roep - iets wat op bew 10A voorkom - en sy verwysing na 'n effense stilte in die gesprek tussen Van Zyl en die appellant net voordat die geskree van die kind hoorbaar word,

as 'n aanduiding dat die "akteurs" op 'n byklank gewag het. Opgeweeg teen Jansen het hy baie duidelik die slegste daarvan afgekom.

Ten slotte moet kortliks verwys word na die algemene waarskynlikhede betreffende die egtheid van bew 10A.

Aanvanklik wil ek opmerk dat die aanhoor van die opname by my die onuitwisbare indruk van egtheid skep. Die manier waarop die sprekers mekaarin die rede val, gelyktydig praat, halwe sinne gebruik, grappies maak, tussen-in oor alledaagse dinge gesels en natuurlike funksies uitvoer (Van Zyl wat 'n wind opbreek en later urineer) skep alles die indruk dat so-iets nie toneelspelery kan wees nie. Op een plek waar drankies geskink word, maak appellant 'n fout

/171

deur vir Van Zyl whiskey in stede van brandewyn te skink; dan gooi hy dit blykbaar in sy eie glas met 'n onhoorbare opmerking wat Van Zyl laat antwoord: "Jy loop slaap tog nou man." Op 'n ander plek vra Van Zyl: "Hoe sit jy nou die bliksem aan?" En appellant antwoord: "Nee daardie ding is ------"(met 'n vloekwoord wat gereeld in die gesprek gebruik word). Eers later word dit duidelik dat hulle waarskynlik hier oor 'n rekenaar gepraat het. Dit is dinge soos hierdie wat Atkinson tot die erkenning genoop het dat die "akteurs" nie vanaf 'n draaiboek kon "gespeel" het nie maar grotendeels gesê en gedoen het wat hulle wou. Op een stadium het hy selfs so ver gegaan as om feitlik in soveel woorde te kenne te gee dat die opname

nie eg kon wees nie omdat dit te eg klink! Pretorius het soos volg getuig:

"Ek sal vir u sê, op geen stadium hier in die teks in sy geheel sou ek kon sê dat hier van 'n geskrewe teks af gewerk word nie. 'n Mens kry die indruk van onmiddellikheid in die woorde. Dinge wat oormekaar vloei soos u aangedui het, dit kry 'n mens beslis. Wat ek wel probleme daar mee gehad het, U Edele, is dat op 'n paar plekke het ek gesê dat iets vir my effens - ek het een keer die woord gedwonge geklink asof 'n reël moedswillig op 'n bepaalde tyd vir inligting gegee word. Dit het ek wel genoem. Maar ek het nooit die spontaniëteit, die onmiddellikheid van die woorde in die opsig betwis nie....

In elk geval mnr Pretorius, een ding is ons het nie hier te make met 'n tekssituasie waar die mense van 'n teks af werk nie? --- Nee.

Dan sal hulle mekaar nie so baie in die rede geval het nie? ---------- Op 'n heel blatante voorbeeld sou 'n mens heelwat papier-geluid gehoor het ook in die proses as 'n mens van 'n teks af werk. En as dit van 'n teks af gewerk sou wees, dan sou 'n mens die situasie

gehad het waar minder herhalings byvoorbeeld voorkom omdat 'n mens dialoog altyd - dialoog is altyd kunsmatig in die sin van dit is kunstig gemaak. Dit is ekonomies. Dit sê die regte ding op die regte tyd. Terwyl, hier kry 'n mens die indruk dit is in breë patrone, maar improvisatories in die sin dat dit herhaal en dit kom terug en dit spring weg en dit kom weer terug tot die punt ensovoorts.

Aan die ander kant, is dit nie maar soos mense normaalweg ook sou praat in so 'n situasie nie? --- Ja, dit is graag waarom ek dit improvisatories noem want normaalweg weet 'n mens ook nie presies vooruit wat jy gaan sê nie. Jy begin praat en dan dink jy weer aan iets en jy kom terug."

Toe Pretorius gevra is oor wat alles in ag geneem moet word wanneer 'n toneelspeler iemand anders namaak, het hy gesê:

"HOF: Hy sal ook die stem van die persone wat hy namaak goed moet ken, nie waar nie? --- U Edele, dit sou ek sê is baie belangrik. Indien 'n mens iemand se stem wil naboots is daar 'n geweldige klomp dinge waarop 'n mens dan sal moet konsentreer

in 'n poging om dit aanvaarbaar na te boots. Dit is toonhoogtes, spraakritmes, klankvorming, al die dinge. In so 'n .....

Sowel as die uitdrukkings wat die persoon sou gebruik het? ---- Ek dink beslis so, U Edele."

Appellant het toegegee dat, indien bew 10A 'n vervalsing is, die persoon wat die Nieuwoudt-rol gespeel het, dit uiters bekwaam gedoen het. Een opmerking het hy selfs herken as een wat hy inderdaad op 'n geleentheid gemaak het hoewel hy hom nie kon herinner waar en wanneer dit was nie. Boonop het die "akteur" dieselfde vloekwoorde met feitlik dieselfde reëlmaat as hy gebruik en in die gesprek daarop aangedring dat 'n diamant transaksie nie "complicated" moet wees nie, presies net soos appellant in sy gesprek met Majoor Meintjies en Kaptein Pool op 29 Julie 1982 die reëling tussen

hom en De Beer beskryf het. Word dit, benewens al die voorafgaande, in ag geneem dat Atkinson verder toegegee het dat bew 10A heel moontlik in die huis op Rondawel opgeneem is, is dit, om die minste te sê, uiters moeilik om enigsins aan bew 10A as 'n vervalsing te dink.

Die indruk van egtheid word versterk deur die feit dat daar verskynsels in die opname is waarvan 'n vervalser nie redelikerwys kon geweet het nie. So bv is daar 'n aantal plekke waar 'n gerekte piepgeluid hoorbaar is wat later geblyk het die geluid was van die sifdeur aan die agterdeur op Rondawel. Selfs Atkinson moes toegee dat hierdie geluid nie nagemaak kon gewees het nie. In sy betoog het Mnr De Villiers aangevoer dat 'n vervalser die geluid van die sifdeur

van die arrestasie-band kon geneem het waar dit ook voorkom. Maar hy is verkeerd. Hoewel dit gemene saak is dat dit dieselfde deur is, klink die geluid in die arrestasie-band nie presies soos dié in bew 10A nie. Dan is daar die aantal voetstappe wat hoorbaar is toe die persoon wat Van Zyl heet te wees, van sy motor na die agterdeur geloop het. Atkinson het probeer aantoon dat daar 'n paar voetstappe meer moes gewees het. Sy poging het nie geslaag nie en al wat hy bewerkstellig het, was om aandag te vestig op die merkwaardige mate van ooreenstemming tussen die aantal hoorbare voetstappe en die afstand wat Van Zyl moes afgelê het. Dieselfde geld ook vir die tyd wat dit sou neem om van die kombuis na die studeerkamer te loop en die rytyd vanaf

/177

die Geloftefeesterrein na Rondawel. Ook in hierdie opsigte is daar 'n merkwaardige mate van ooreenstemming.

Ten slotte is daar die feit dat daar in bew 10A dinge voorkom wat die indruk van 'n vervalsing kan skep. Ek dink hier aan dinge soos die vreemde stem wat volgens Atkinson en Pretorius hoorbaar is en klikgeluide wat volgens Atkinson aanduidings van sg "edits" is. Die vraag is nou: indien daar sulke opsigtelike tekens is, waarom het die vervalser dit nie verwyder nie soos wat hy volgens Atkinson maklik kon gedoen het? Neem maar die woord wat vir Atkinson na "sersant-majoor" of "majoor" geklink het en sy scenario daaromtrent. Indien dit is wat inderdaad gebeur het, waarom is so 'n duidelike spoor van 'n knoeiery

wat so maklik verwyder kon gewees het op die band gelaat? Toe hierdie vraag aan Atkinson gevra is, was die beste antwoord wat hy kon aanbied dat die vervalser nie so venuftig was as wat ander gedeeltes van die opname waar hy vir knap stukkies vervalsing verantwoordelik was, hom voordoen nie.

Word al die voorafgaande in ag geneem, kan ek nie anders nie as om saam te stem met die verhoorhof se bevinding dat daar nie 'n vreemde stem in bew 10A voorkom nie en dat die egtheid van die opname bewys is. Mnr De Villiers het ons verwys na wat hy duidelike aanduidings van onegtheid genoem het. In hierdie verband het hy oa genoem dat daar geen voetstappe hoorbaar is toe appellant en Van Zyl oor die plaveisel buite die huis na laasgenoemde se voertuig

/179

gestap het nie en dat Van Zyl se klop aan die agterdeur toe hy by die huis opgedaag het, ook nie hoorbaar is nie. Waarom hierdie geluide nie opgeneem is nie, is nie bevredigend deur die getuies verklaar nie. Dit is egter opvallend dat die geluid van die klop aan die deur toe Van Zyl later in geselskap van die polisie na Rondawel teruggekeer het, ook nie op die arrestasie-band hoorbaar is nie hoewel die opnemer op daardie stadium aangeskakel was. Dit moet derhalwe aanvaar word dat geluide wat na verwagting hoorbaar behoort te gewees het, om die een of ander onverklaarbare rede nie opgeneem is nie. Die afwesigheid van sulke geluide regverdig nie 'n afleiding van 'n vals opname nie. Die ander punte wat Mnr De Villiers genoem het soos die feit

/180

dat Van Zyl se getuienis in sommige opsigte verskil van wat op bew 10A hoorbaar is, dat die geluid van sy rit terug na die Geloftefeesterrein kortgeknip moes gewees het hoewel Van Zyl beweer het dat hy die opnemer nie afgeskakel het nie, en dat Pool en een van die ander polisiemanne die aand van 23 Julie 'n verwysing na 'n "swartetjie" (dit is blykbaar na 'n swart diamant) in die opname moes gehoor het wat tans nie daarin voorkom nie, is bevredigend in die verhoorhof se uitspraak behandel. Dit is onnodig om dit weer te bespreek.

Myns insiens is appellant se skuld op die derde aanklag duidelik bewys. Die kerngeskil op hierdie aanklag is die aard van die transaksie wat die aand van 23 Julie

1982 in die huis op Rondawel tussen Van Zyl en die appellant beklink is. Die kumulatiewe effek van appellant se optrede toe die polisie kort daarna op die toneel verskyn het, sy versuim om hulle te vertel dat hy die geld wat in Van Zyl se motor gevind is aan hom geleen het, sy versuim om hulle te vertel van wat hy Van Zyl buite die huis sien doen het en sy vermoede daaromtrent, sy versuim om aan die polisie te sê dat dit nie sy stem op die bandopname was nie, en die deursigtige leuens wat hy by die verhoor vertel het, is op sigself alreeds sterk aanduidend van die waarheid van Van Zyl se getuienis dat daar 'n diamant transaksie beklink is. En dat dit inderdaad die aard van die transaksie was, word buite alle twyfel gestel deur bew 10A.

Die appèl teen die skuldigbevinding op hierdie aanklag kan dus nie slaag nie.

Klagte 1

Dit is raadsaam om Van Zyl se getuienis ten opsigte van die eerste aanklag in herinnering te roep. Volgens hom het Cilliers die diamante by die finale herwinningsaanslag gesteel en in CDM se myngebeid versteek vanwaar Van Zyl dit verwyder en aan appellant gaan verkoop het. Na Van Zyl se bedanking aan die einde van April 1981 het Otto sy rol oorgeneem. Laasgenoemde het telkens die gesteelde diamante aan Van Zyl besorg wat dit op sy beurt soos in die verlede aan appellant gaan verkoop het. Cilliers het gedurende Februarie 1982 ook uit CDM se diens bedank. Na

sy vertrek kon die stelery nie voortgaan nie tensy iemand anders in sy plek gevind kon word.

Van Zyl was 'n medepligtige ten opsigte van klagte 1. Daarom, en wees die redes wat reeds genoem is, was die verhoorhof ook wat hierdie aanklag betref, slegs bereid om sy getuienis te aanvaar in die mate waartoe dit deur ander aanneemlike getuienis gestaaf is. Sodanige stawing is gevind in bew 10A en in die verklaring wat appellant op 29 Julie 1982 met die oog op De Beer se lokval aan Majoor Meintjies gemaak het (bew ZZ). (Hierdie bewysstuknommer is eintlik toegeken aan die transkripsie van die bandopname van die verklaring maar daarna

is dit deurgaans gebruik as 'n verwysing na die verklaring self. In hierdie uitspraak word dieselfde gedoen.)

Bew 10A

Ek is nie van voorneme om elke relevante gedeelte van dié opname aan te haal nie. Wat by die aanhoor daarvan dadelik opval is dat dit nie vir Van Zyl nodig was om die doel van sy besoek te openbaar nie; appellant het klaarblyklik by sy aankoms reeds geweet dat hy diamante kom verkoop het. Volgens Van Zyl was hy 7 maande vantevore gedurende Desember 1981 laas op die plaas en dat dit so is, word bevestig in die opname. Nogtans het appellant geweet waarom hy weer daar was. Dit pas in by Van Zyl se getuienis dat die verwysing na 'n "slagding" -wat hy die

vorige dag gebruik het toe hy die appellant geskakel het - die kode tussen hulle was om 'n diamant transaksie te beskryf.

Verder val dit op dat appellant geweet het wie Otto was en wat die rol was wat hy gespeel het, en dat hy ook bewus moes gewees het van Cilliers se bedanking. Dat dit so is , blyk uit Van Zyl se herhaalde verwysing tydens die gesprek na Otto by name en na 'n "nuwe man". Aan die begin van die gesprek het Van Zyl bv gesê: "Jy weet ek het jou mos gesê dis nou 'n nuwe man wat in die ....storie kom." Boonop is daar herhaaldelik in die gesprek na 'n "nuwe besigheid" verwys wat aan die gang gesit moes word. Trouens, het Van Zyl aan appellant verduidelik, dit was juis

omdat die nuwe man eers wou sien of dit "in geld omgesit" kon word dat hy met so min diamante na appellant gekom het. Maar dit was klaarblyklik nie 'n totaal nuwe besigheid nie want uit verdere opmerkings blyk dit dat Van Zyl en appellant geweet het van vroeëre transaksies. Van Zyl het bv opgemerk dat hy bly was "die ouens raak nou weer aan die gang met die .....stories" en later het appellant ook sy blydskap uitgespreek met die woorde:"Jy weet ek is nou maar bly dat dit al so ver is ..... om nou net weer die ding aan die rol te kry ....net eers weer geld in die .... ding betrokke te kry". Elders het die appellant opgemerk dat hy weens sy eie gierigheid geld verloor het op die laaste transaksie. Dit sluit aan by wat hy later gesê

het toe hy aan Van Zyl verduidelik het hoe hulle besigheid moet wees. Sy woorde was:

> "..... dit moet 'n lekker, dit moet 'n smokkel besigheid wees om geld te maak. Kyk 'n smokkel besigheid is iets wat jy vir so 'n prys verkoop dat jy hom maklik verkoop. Maar om te, soos ons hom hier laas, jy weet op, op regte pryse probeer het. Dit is bietjie te veel. O God ek kan dit nie doen nie."

Die vorige besigheid was klaarblyklik ook nie van geringe omvang nie. Terwyl appellant besig was om die diamante te weeg en gekla het omdat hulle so klein was, het die volgende gesprek plaasgevind:

> "Appellant: .... waar's die dae toe ons hulle so handevol gewerk het.
>
> Van Zyl: ... hy moet mos nou weer kom of hoe.
>
> Appellant: Ja....die man moet die hoeveelhede werk.
>
> Van Zyl : Ja nee nee nee
>
> Appellant: 'n Omset maak ....."

Die gesprek is afgesluit net voor Van Zyl gery het, met die volgende opmerkings:

"Appellant: Nee maar wat ek dink die pad is nou oop. Jy het alweer jou besigheid aan die gang.
Van Zyl : Attie, goed gaan ou maat.
Appellant: Sê maar net die manne moet nou met die grawe skep en hulle prys laag hou
Van Zyl : Ja
Appellant: ..... voor alle donners bedank."

Volgens die verhoorregter pas die gesprek soos 'n legkaart in by Van Zyl se getuienis. Ek stem saam. Dit bevestig dat daar vantevore verskeie groot diamant transaksies met die appellant moes gewees het en dat laasgenoemde presies geweet het waar die diamante vandaan gekom het en hoe Van Zyl dit in die hande gekry het.

/189

Bew ZZ

Die toelaatbaarheid van bew ZZ en die oorsprong van die bewerings daarin was in gedrang in die verhoorhof sowel as in hierdie hof. Hierdie aspekte word later behandel in die bespreking van die tweede aanklag waar aangetoon sal word waarom die verhoorhof die verklaring tereg as toelaatbare getuienis teen die appellant beskou het en sy getuienis verwerp het dat hy op Pool se aandrang doelbewus 'n vals verklaring afgelê het.

Wat die inhoud van bew ZZ betref, is dit voldoende om te sê dat dit gewis stawing bied vir Van Zyl se getuienis. Die verklaring handel grotendeels oor transaksies tussen appellant en De Beer maar, hoewel appellant daarin

/190

te kenne gegee het dat hy huiwerig was om oor Van Zyl te praat het hy onomwonde aangedui dat die diamante wat hy aan De Beer verkoop het, van die myn op Oranjemund afkomstig was en dat Van Zyl die bron was van wie hy dit gekry het.

By die verhoor het Mnr De Villiers op grond daarvan dat die Staat in sy opsomming van wesenlike feite tien spesifieke geleenthede genoem het waarop diamante wat by die myn gesteel is, aan die appellant verkoop is, aangevoer dat die stawing wat bews 10A en ZZ in die algemeen vir Van Zyl se getuienis mag bied, nie voldoende is nie en dat stawing ten opsigte van elke spesifieke geleentheid vereis is. Die verhoorregter het egter daarop gewys dat die appellant slegs op een klag van diefstal wat op verskeie geleenthede gedurende

die tydperk vanaf Desember 1979 tot Desember 1981 gepleeg is, tereg gestaan het en nie op tien afsonderlike klagtes nie. Daarom het hy opgemerk:

> "Die vereistes van die versigtigheidsreël sal derhalwe nagekom word indien daar stawing is vir Van Zyl se getuienis dat beskuldigde diefstal gepleeg het soos dit hom in die akte van beskuldiging ten laste gelê is, dit wil sê op net een klag wat betrekking het op diefstal wat by verskeie geleenthede oor 'n tydperk gepleeg was, en dat stawing ten opsigte van elk van die 10 geleenthede nie nodig is nie."

Mnr De Villiers se betoog in hierdie hof oor bews 10A en ZZ was 'n aangepaste weergawe van sy betoog in die verhoorhof. Hier het hy tereg aanvaar dat die Staat nie gebonde was aan die opsomming van wesenlike feite nie en dat die formulering van die eerste aanklag as een algemene

klag van diefstal wat oor 'n tydperk gepleeg is, deur art 94 van die Strafproseswet veroorloof is. Hy het egter aangevoer dat die reeks van transaksies wat in die opsomming van wesenlike feite beweer is en gekoppel is aan benaderde datums, benaderde hoeveelhede van diamante en die vergoeding daarvoor op elke geleentheid, die essensie van die Staat se saak was en dat dit ook dié basis was waarop die getuienis aangebied is by die verhoor. Dít, volgens hom, was die saak wat die appellant geroepe was om te ontmoet en daarom was stawing nodig vir Van Zyl se getuienis oor elke afsonderlike transaksie. Voorts het hy twee belangrike bewerings in die klagstaat genoem. Die eerste is dat appellant vir Van Zyl aangestig het om diamante van C D M te steel, en die tweede,

dat appellant gedurende die tydperk vanaf ongeveer Desember 1979 tot Desember 1981 ongeveer 25 vuurhoutjiedosies vol diamante, in die uitvoering van 'n gemeenskaplike doel met Van Zyl, van C D M gesteel het. Mnr De Villiers het daarop gewys dat die verhoorhof die beweerde aanhitsing as nie bewese bevind het omdat aanvaarbare stawing vir Van Zyl se bewerings daaromtrent ontbreek het, en dat die beweerde gemeenskaplike doel nie in die uitspraak behandel is nie. Soos vantevore aangedui, is die appellant skuldig bevind op klagte 1 op die basis dat hy diamante wat hy vir sy eie voordeel wou aanwend, van Van Zyl ontvang het wetende dat dit gesteel was. Volgens Mnr De Villiers het die "hof in wese 'n nuwe saak teen appellant probeer bou op die

/194

basis van beweerde erkennings of selfs skuldbekentenisse, in stukkies en brokkies, wat op hul beste onvolledig en gebrekkiglik te voorskyn kom uit 'n uiters swak bandopname."

(Aldus die skriftelike betoogpunte.)

Hierdie betoog - wat eers in repliek geopper is nadat bykomende betoogpunte op die tippie ingehandig is - het myns insiens niks om die lyf nie. Klagte 1 is soos volg in die klagstaat geformuleer:

"NADEMAAL :

1. Die beskuldigde gedurende die laaste gedeelte van 1979 en te die plaas Klipdam naby Garies in die distrik Namakwaland in 'n mondelinge gesprek vir (BERNARDUS LAMBERTUS VAN ZYL (hierna 'Van Zyl' genoem) aangestig het om ruwe of ongeslypte diamante van Van Zyl se werkgewer, Consolidated Diamand Mines (Edms) Bpk (hierna 'CDM' genoem) te steel en onderneem het om

sodanige diamante van Van Zyl te ontvang en hom daarvoor te vergoed.

2. VAN ZYL hierop in samewerking met sekere ander werknemers van CDM by verskeie geleenthede gedurende die periode vanaf Desember 1979 tot Desember 1981 ruwe of ongeslypte diamante van CDM gesteel het en aan die beskuldigde op die plaas Rondawel naby Garies in die distrik Namakwaland, gelewer het.

3. Die beskuldigde VAN ZYL telkens vir die diamante in kontant vergoed het, behalwe by een geleentheid toe geen vergoeding deur VAN ZYL ontvang was nie.

4. Die beskuldigde deurgaans daarvan bewus was dat die betrokke diamante van CDM gesteel was.

5. CDM te alle tersaaklike tye 'n diamantmyn te Oranjemund in Suidwes-Afrika/Namibië bedryf het.

NOU DEURDAT die beskuldigde gedurende die tydperk Desember 1979 tot Desember 1981 en te of naby Garies

in die distrik Namakwaland en te Oranjemund in die distrik Lüderitz wederregtelik en in die uitvoering van 'n gemeenskaplike doel met BERNARDUS LAMBERTUS VAN ZYL ongeveer 25 vuurhoutjiedosies vol ruwe of ongeslypte diamante, die eiendom of in die regmatige besit van Consolidate Diamand Mines (Edms) Bpk gesteel het;

Derhalwe is die beskuldigde skuldig aan die misdaad van Diefstal."

Dit moes vir die appellant duidelik gewees het by die verhoor dat die bewering teen hom nie bloot was dat hy die diefstal aangestig het nie, maar dat sy aanstigting die begin was van Van Zyl se stelselmatige diefstal van diamante wat hy teen vergoeding aan appellant besorg het. Hierdie stelselmatige diefstal, die feit dat die gesteelde diamante in appellant se hande beland het en dat hy geweet het dat

dit gesteel was, was kennelik die kern van die Staat se saak. Trouens, die bewering dat hy die diefstal aangestig het en dat hy in die uitvoering van 'n gemeenskaplike doel opgetree het, was oorbodig vir die staatsaak. Word dit, en sy uitgesproke ongeneentheid om Van Zyl se ongestaafde getuienis te aanvaar, in gedagte gehou, is die verhoorhof se finale bevindings volkome verstaanbaar. Dit is soos volg genotuleer:

> "Daar is geen stawing van Van Zyl se getuienis dat hy deur die beskuldigde aangestig is om diamante te steel nie en die Hof bevind dat hierdie bewering nie bo redelike t wyfel deur die Staat bewys is nie. Soos blyk uit die getuienis as geheel is is dit egter bo redelike twyfel bewys dat die diamante wat Van Zyl aan beskuldigde gelewer het, inderdaad van CDM gesteel was ingevolge 'n sisteem waarby verskeie persone, onder andere Van Zyl,

Cilliers en Otto, betrokke was. Alhoewel dit nie duidelik is of die beskuldigde met al die besonderhede van die sisteem vertroud was nie, of geweet het wie almal daarby betrokke was nie, bevind die hof dat die staat nogtans bo redelike twyfel bewys het dat beskuldigde geweet het dat die diamante wat hy van Van Zyl ontvang het, van CDM gesteel was ooreenkomstig genoemde sisteem. Dit volg dat hy gesteelde diamante ontvang het wel wetend dat dit gesteel was. Hy sou dus ingevolge artikel 264(1)(a) van die Strafproseswet aan ontvangs van gesteelde goedere skuldig bevind kon word. Dit is egter duidelik dat hy die diamante wat hy ontvang het, vir sy eie voordeel wou aanwend en is hy gevolglik aan diefstal skuldig. Kyk Ex Parte Minister of Justice: In re Rex v Maserow and Another, 1942 A.D. 164 op 169-170; R v Arbee 1956(4) SA 438 (A) op 441. Kyk ook Hunt: South African Criminal Law and Procedure, Vol 2, 643; De Wet en Swanepoel; Strafreg 4e uitg. 352-3; Snyman : Strafreg 461-2. "

Daar is niks in hierdie redenasie wat nie gedek is deur die bewerings in die klagstaat nie.

/199-

Dit is waar dat die Staat se opsomming van wesenlike feite die benaderde datums van die beweerde transaksies en die benaderde hoeveelheid diamante en die bedrag van die vergoeding by elkeen betrokke, aangedui het en dat Van Zyl se getuienis grotendeels in ooreenstemming met hierdie bewerings gelei is. Dat dit so is, raak egter nòg die saak waarteen appellant hom moes verweer nòg die basis van sy skuldigbevinding nòg die aard of omvang van die stawing waarvoor die verhoorhof op die uitkyk was. Hoe dit gekom het dat hy skuldig bevind is aan die diefstal van 'n onbepaalbare hoeveelheid diamante blyk uit die volgende aanhaling uit die uitspraak (bew D1 waarna daarin verwys word, is die transkripsie van bew 10A):

"Die oorblywende vraag is of hy ten opsigte van die hoeveelheid diamante soos in die besonderhede van die akte van beskuldiging gemeld, naamlik 'ongeveer 25 vuurhoutjiedosies' vol ruwe of ongeslypte diamante, skuldig bevind kan word. Die Staat het na die Hof se mening tereg toegegee dat die genoemde hoeveelheid diamante nie bo redelike twyfel bewys was nie. Hierdie toegewing was gemaak op die basis dat Van Zyl onseker was oor die presiese hoeveelheid diamante en ook omdat daar verskille is tussen die getuienis van Cilliers en Otto oor presies hoeveel vuurhoutjiedosies by geleentheid aan Van Zyl oorhandig was en presies wanneer dit gebeur het.

Die Staat het egter betoog dat wat wel bo redelike twyfel bewys is, is dat dit 'n groot hoeveelheid diamante was wat ingevolge die sisteem by verskeie geleenthede gesteel en aan beskuldigde gelewer was. Hiermee gaan die Hof akkoord.

Soos uit die reeds aangehaalde passasies uit Bewysstuk D.1 blyk, het die beskuldigde aansienlike hoeveelhede ruwe en ongeslypte diamante van tyd tot tyd van Van Zyl ontvang. Die trant van die gesprek in Bewysstuk D.1 dui ook daarop dat in verhouding met die transaksies waaraan hulle gewoond was, die lokval transaksie waarby 17 diamante

betrokke was, deur hul as 'n betreklike klein een beskou was. Die getuienis dui ook aan dat die transaksies meestal by wyse van vuurhoutjiedosies vol en nie slegs enkele of 'n paar diamante gedoen was nie. Die bedrae wat hande verander het, dui ook aan dat meeste van die transaksies van 'n substansiële aaard was en nie oor onbenulligheede gegaan het nie. Daarbenewens dui die beskuldigde se aanvaarding - in Bewysstuk ZZ - dat die diamante van 'n 'bron' afkomstig was, daarop dat dit nie slegs enkele en uitsonderlike maar meermalige en herhaalde transaksies was."

Hierdie uitlatings verg geen verdere toeligting nie. Opsommenderwys hoef slegs gesê te word dat die verhoorhof nie bereid was om Van Zyl se ongestaafde bewerings te aanvaar nie; sy getuienis oor die datums van die transaksies en die hoeveelheid diamante by elkeen betrokke, was nie net onseker in sommige opsigte nie maar was boonop

/202

grotendeels ongestaaf en selfs strydig met die getuienis van ander staatsgetuies; maar, dat daar wel transaksies was en dat 'n groot hoeveelheid diamante daarby betrokke was, is ten volle gestaaf deur bews 10A en ZZ; vandaar die skuldigbevinding. Om te beweer dat dit nie die saak was waarteen die appellant geroepe was om hom te verdedig nie, is alles behalwe korrek.

By die verhoor het die Staat ook die getuienis van Cilliers en Otto aangebied ter ondersteuning van Van Zyl se bewerings. In die lig van die sterk stawing wat bew 10A bied, is dit nie nodig om hierdie getuienis te behandel nie. Cilliers en Otto het Van Zyl se bewerings, veral oor die manier waarop die diefstalle gepleeg is, wel gestaaf

maar hulle getuienis inkrimineer die appellant nie direk nie behalwe in een betreklik geringe opsig wat nie genoem hoef te word nie. In sy betoog in hierdie hof het appellant gewag gemaak van 'n weerspreking tussen Van Zyl en Cilliers oor die tydperk waarin die diefstalle gepleeg is in 'n poging om aan te toon dat Van Zyl nie oor 'n bron beskik het gedurende die hele tydperk waarin hy na bewering diamante aan hom, appellant, verkoop het nie. Die verhoorhof het egter aan die hand van die getuienis van twee ander werknemers bevind dat Cilliers 'n fout gemaak het met die jaar van sy indiensneming; en dat hy inderdaad daardie fout gemaak het, is klaarblyklik so. Hierdie weerspreking doen nie wesenlik afbreuk aan Van Zyl se getuienis nie.

In die lig van sy getuienis en die stawing daarvan in bews 10A en ZZ moet appellant se skuldigbevinding op die eerste aanklag gehandhaaf word.

/ 204

Klagte 2

Dit sal onthou word dat hierdie aanklag te make het met diamante wat appellant na bewering oor 'n tydperk van ietwat meer as twee jaar aan De Beer verkoop het. Dit is gemene saak dat daar gedurende die betrokke periode wel besigheidstransaksies tussen appellant en De Beer was en dat De Beer groot bedrae geld aan appellant betaal het. Die geskil wentel om die aard van die transaksies en die rede vir die betalings: teenoor die Staat se bewering dat dit alles gegaan het oor ongeslypte diamante beweer die appellant dat die betalings gemaak is uit hoofde van volkome wettige kontrakte. Die Staat erken dat die kontrakte waarop die appellant steun, inderdaad aangegaan

is maar beweer op sy beurt dat dit skyn-ooreenkomste was wat aangegaan is om geen ander rede nie as om diamant transaksies te verbloem en die appellant in staat te stel om rekenskap te gee van die geld wat hy van De Beer ontvang het.

In die getuienis word herhaaldelik na twee maatskappye verwys. Die een is Dikdoorn Diamante (Eiendoms) Bpk ("Dikdoorn"), 'n dormante maatskappy waarin appellant die enigste aandeelhouer was, en die ander, Property Gems Investments (Eiendoms) Bpk ("P G I") waarin De Beer, 'n sakeman wat op Margate gewoon het en oa betrokke was by die ontginning van diamante langs die Weskus, 'n belang gehad het. As agtergrond kan genoem word dat die

prospektering na edelgesteentes 'n betreklik algemene bedryf in Namakwaland skyn te wees en dat die appellant op 'n stadium na diamante geprospekteer het op die plaas Bowater waar hy 'n klompie klein diamantjies gevind het . Die reg om op Bowater te prospekteer en die opsie om die eienaar se aandeel in enige ontdekking te koop is deur sy swaer, Louwtjie Schreuder, by wyse van 'n Notariële Akte aan hom verleen.

Volgens De Beer het die appellant hom by hulle eerste ontmoeting teen die einde van 1979 gevra of hy belang stel in die aankoop van ongeslypte diamante. Sy bevestigende antwoord het daartoe gelei dat hy ongeveer 14 dae later na Rondawel is waar appellant 7 ongeslypte

diamante aan hom oorhandig het met die reëling dat De Beer sou kyk wat hy daarvoor kon kry. Hy het dit verkoop en appellant se deel van die opbrengs aan hom besorg. Daarna het hy by verskeie geleenthede en op verskillende plekke groot hoeveelhede ongeslypte diamante - tot 1 000 karaat op 'n slag - van die appellant gekoop waarvoor hy appellant gewoonlik in kontant betaal het. Weens 'n kontantvloei probleem kon hy egter nie altyd die volle koopsom betaal nie en gevolglik het hy in die skuld by appellant geraak. Gedurende Oktober 1980 het appellant laat blyk dat hy grond aangekoop het en dat hy van die diamantgeld "deur sy boeke wou kry" om vir die grond te betaal. Daar is toe besluit dat De Beer vir die skyn 49 van die 100

waardelose aandele in Dikdoorn vir R49 000 sou koop. 'n Skriftelike ooreenkoms in dier voege (bew J) is later die maand onderteken. Die koper was egter nie De Beer persoonlik nie maar P G I. R20 000 van die koopprys was betaalbaar binne 10 dae na 27 Oktober 1980 en die balans van R29 000 op die datum waarop appellant sy reg, titel en belang in die Notariële Akte waarkragtens hy die prospekteerregte op Bowater gehou het, aan Dikdoorn sou sedeer, of waarop Dikdoorn by wyse van 'n nuwe Notariële Akte gesubstitueer sou word vir die appellant. Appellant het sy regte op 15 Januarie 1981 aan Dikdoorn gesedeer. Intussen het De Beer reeds op 7 en 14 November 1980 twee P G I tjeks (bew K1 en K2 onderskeidelik) ten bedrae

van R25 000 elk aan appellant gegee. Op 4 Desember 1980 het hy 'n verdere P G I tjek vir 'n bedrag van R28 600 getrek ten gunste van Dikdoorn, aan appellant laat toekom. Agter op die tjek het De Beer geskryf "Lening aan Dikdoorn Diamante" maar hy het getuig dat dit in werklikheid diamantgeld was wat hy die appellant op daardie stadium geskuld het.

Gedurende 1981 het De Beer en die appellant hulle onwettige diamantbedrywighede voortgesit. Op 'n stadium het appellant voorgestel dat De Beer die oorblywende aandele in Dikdoorn ook vir die skyn aankoop vir R51 000. Weereens is 'n skyn-ooreenkoms (bew L) op 13 Augustus 1981 onderteken en daarna het appellant twee tjeks ontvang.

Die een was vir R25 700 en getrek op De Beer se persoonlike bankrekening (bew M1), en die ander, 'n P G I tjek vir R20 000 (bew M2). Daarbenewens het Mev De Beer op 21 Januarie 1982 'n bedrag van R30 000 telegrafies laat oorplaas na appellant se bankrekening.

Volgens De Beer het die laaste diamant transaksie in ongeveer Maart of April 1982 plaasgevind. Op daardie stadium het hy die appellant nog geld geskuld wat hy gedeeltelik afbetaal het sodat hy hom teen Julie 1982 R30 000 geskuld het. Sy getuienis is dat die totale hoeveelheid diamante wat hy oor die tydperk van appellant gekoop het ongeveer 5 000 karaat was ten opsigte waarvan hy meer as R500 000 aan appellant betaal het.

Om De Beer se getuienis af te sluit, moet gemeld word dat hy namens P G I op 24 April 1982 'n ooreenkoms (bew U) onderteken het waarvolgens al die aandele in Dikdoorn terug verkoop is aan die appellant vir 'n bedrag van R1 000.

In sy getuienis het die appellant elke wesenlike aspek van De Beer se getuienis weerspreek. Baie kortliks kom sy getuienis daarop neer dat hy nooit 'n enkele diamant aan De Beer verkoop het nie en dat al die ooreenkomste waarna reeds verwys is bona fide aangegaan is en in alle opsigte eg is. In die bespreking van sy getuienis wat later volg, sal besondere aspekte daarvan meer breedvoerig uitgelig word.

/212

Ten tyde van appellant se verhoor was De Beer op parool vrygelaat nadat hy 10½ maande uitgedien het van die drie jaar effektiewe gevangenisstraf wat hom opgelê is weens sy onwettige transaksie met Luitenant Van Dyk. Ten opsigte van die tweede aanklag teen appellant is hy as 'n medepligtige beskou. Boonop het Kaptein Pool aan hom dieselfde spesiale gunste bewys as dié wat hy aan Van Zyl bewys het. Gedagtig verder aan die moontlikheid dat hy die appellant uit wraaksug sou wou inkrimineer, was die verhoorhof se uitgangspunt dat die kern vraag was of daar voldoende stawing vir De Beer se getuienis was. Stawing is gevind in die ooreenkomste wat die hof bevind

/213

het vir die skyn aangegaan is, en in bew ZZ.

Die uitslag van die appèl hang af van die korrektheid van die hof se bevindings (1) dat die ooreenkomste vir die skyn aangegaan is, (2) dat bew ZZ toelaatbaar was en (3) dat Kaptein Pool die appellant nie voorgesê het oor die inhoud van bew ZZ nie. (2) en (3) word eerste behandel.

Bew ZZ

Ten einde die betoog oor die toelaatbaarheid van bew ZZ behoorlik te begryp, moet in in gedagte gehou word dat daar op 29 Julie 1982 eers 'n gesprek tussen appellant en Kaptein

Pool in laasgenoemde se kantoor was. Hoe hierdie gesprek verloop het, is in geskil en ek sal later aandui wat die onderskeie weergawes daarvan is. Dit is egter gemene saak dat Majoor Meintjies ingeroep is, dat appellant toe sekere mededelings aan hom gemaak het betreffende diamanttransaksies in die verlede tussen hom en De Beer en ingewillig het om die polisie te help met 'n lokval vir De Beer, en dat hy daarna die sg beriggewers-verklaring mondeling afgelê het wat op band opgeneem is en waarvan bew ZZ 'n transkripsie is. Verder moet verwys word na die verhoorhof se uitsprake wat gerapporteer is as S v Nieuwoudt (3) 1985 (4) S A 510 en S v Nieuwoudt (4) 1985(4) S A 519, en opgelet word dat die Staat aanvanklik slegs gepoog het

/215

om getuienis te lei oor die mondelinge mededelings wat aan Meintjies gemaak is voor die verklaring wat op band opgeneem is. Nadat uitspraak in Nieuwoudt (3) gelewer is, het die Staat Meintjies en Pool se getuienis gelei op die basis beskryf op 512 H- 513 C van die uitspraak. Appellant het nie in die binneverhoor getuig nie. Sy advokaat het Majoor Meintjies egter gekruisvra aan die hand van die inhoud van bew ZZ hoofsaaklik om aan te dui dat hy vooraf aan die appellant te kenne gegee het dat niks wat hy in 'n beriggewers-verklaring sou sê, as getuienis teen hom gebruik sou word nie. Meintjies het erken dat hy die appellant so 'n versekering gegee het. Later, toe die verhoorregter gevra is vir 'n beslissing oor die toe-

/216

laatbaarheid van bew ZZ en van die voorafgaande mededelings aan Meintjies (wat wesenlik ooreenstem met bew ZZ), het appellant se advokaat aangevoer dat beide ontoelaatbaar was synde bekentenisse ten opsigte waarvan daar nie voldoen is aan die vereistes van art 217(1) van die Strafproseswet 51 van 1977 nie. In Nieuwoudt (4) het die verhoorregter hom gelyk gegee.

Kort na hierdie uitspraak is die Staatsaak gesluit. Toe appellant daarna op die meriete van die aanklagte teen hom getuig het, het hy sy gesprekke met Kaptein Pool en Majoor Meintjies op 29 Julie opgehaal. Tydens appellant se kruisondervraging het die Staat se advokaat weer die toelaatbaarheid van bew

ZZ geopper omdat, so het hy aangvoer, appellant se getuienis oor sy gesprek met kaptein Pool bewerings bevat het in verband met bew ZZ wat vir hom gunstig was, met die gevolg dat bew ZZ toelaatbaar geword het ooreenkomstig art 217(3) van die Strafproseswet. Hierdie bepaling lui soos volg:

> " (3) 'n Bekentenis wat ingevolge subartikel (1) as getuienis ontoelaatbaar is teen die persoon wat dit gedoen het, word teen hom toelaatbaar-
>
> (a) indien hy in die betrokke verrigtinge getuienis, hetsy regstreeks of tydens kruisondervraging van 'n getuie, voorlê van 'n mondelinge of skriftelike verklaring deur hom gedoen as deel van of in verband met so 'n bekentenis; en
>
> (b) indien bedoelde getuienis, na die oordeel

van die regter of regterlike amptenaar wat by bedoelde verrigtinge voorsit, vir daardie persoon gunstig is."

Die verhoorregter het die Staat se betoog gehandhaaf en bew ZZ toegelaat (in 'n uitspraak wat nie gerapporteer is nie). In sy slotbetoog het sy advokaat nogmaals die toelaatbaarheid van die verklaring geopper met die versoek dat die hof sy vroeëre bevinding heroorweeg. Dit is gedoen en in die finale uitspraak is die bevinding bevestig.

Die getuienis van die appellant wat volgens die verhoorregter vir hom gunstig was, verskyn in sy weergawe van sy gesprek met Pool voordat Meintjies ingeroep is. Hy het getuig dat hy by Pool

gekla het oor die lokvalle wat vir hom gestel is en vir hom gesê het "hulle moet ophou om lokvalle vir my te stel. Ek smokkel nie met diamante nie. " Daarop het Pool hom begin pols oor De Beer; hy wou weet of appellant vir De Beer geken het wat volgens hom groot hoeveelhede diamante die land laat uitgaan het wat van die Weskus afkomstig was. Pool het te kenne gegee dat Van Zyl "deel aan die beginpunt gehad het ", en dat die polisie op soek was na die skakel tussen Van Zyl en De Beer wat een van vier persone kon gewees het waarvan appellant een was. Appellant se reaksie hierop was:

/ 220

"..... van myself weet ek. Dit is nie ek nie."

Appellant se verdere getuienis lui soos volg:

"Hy het my toe verder gevra of ek moontlik sal bereid wees om vir die Staat te help met 'n optrede om vir De Beer aan die man te probeer bring. Ek het aanvanklik, het ek geweier, want ek het gesê dat ek weet nie of Frikkie De Beer hom met sulke dinge bemoei nie. Dit kan die polisie se vermoedens wees, maar ek weet dit nie uit eie kennis uit nie ..... ek het vir hom huiwerig gesê dat ek dit sal oorweeg. Eintlik het hy my daar omgepraat, maar hy het toe vir my gesê dat ek bereid sal moet wees dan om 'n verklaring vir hulle te maak dat hulle teen hom kan optree. Hy het - maar ek het vir hom gesê ek het nie die kennis om 'n verklaring te kan maak nie. Dit sal 'n vals verklaring dan wees. Ek kan nie 'n verklaring maak nie. Daarop het Kaptein Pool vir my gesê hy sal vir my die kennis gee. Nie werklik nie, maar hy sal vir my sê naastenby wat ek kan sê dat dit geloofwaardig sal klink. ...hy het dit vir my genoem dat hy nou vir Majoor Meinjies sal inbring en laat ek aanvanklik 'n bietjie huiwerig dan sal wees. Dit was ons afspraak

en dat ek dan sal maak asof ek bereid is om die polisie te help en ons het ook net so gedoen soos wat ons afgespreek het."

Voordat die vraag bespreek word of hierdie getuienis, en veral die dele daarvan wat ek beklemtoon het, die appellant binne die perke van art 217(3) gebring het, is dit nodig om ook aan te dui wat Pool se weergawe was. Volgens hom het hy die appellant reeds die aand van 23 Julie laat verstaan dat hy belang gestel het in die persoon aan wie hy, appellant, diamante verkoop het. Hy het die appellant genooi om die polisie behulpsaam te wees met opvolgwerk in daardie verband en om die Diamant- en Goudtak te besoek wanneer hy weer in Kaapstad was. Dit is hoe dit gekom het dat appellant op 29 Julie by sy kantoor

opgedaag het. Pool se getuienis is dat hulle gesprek baie kort was voordat Meintjies ingeroep is en weinig meer behels het as om te groet en na mekaar se welstand te verneem. Hy het vermoed dat appellant daar was as gevolg van die uitnodiging en op die punt was om inligting te verskaf. Daarom het hy Majoor Meintjies ingeroep. Eers nadat laasgenoemde by gekom het, het appellant oor De Beer begin praat - van hom het die polisie op daardie stadium nie eens geweet nie - en wat appellant toe vir Meintjeis vertel het van hom en De Beer se bedrywighede, het spontaan gekom sonder dat hy voorgesê is.

Die toelaatbaarheidsvereistes wat in art 217(3) gestel word vir 'n andersins ontoelaatbare bekentenis is -

(1) getuienis deur die beskuldigde voorgelê,

(2) wat na die oordeel van die regterlike amptenaar vir hom gunstig is,

(3) van 'n verklaring deur hom gemaak

(4) as deel van of

(5) in verband met so 'n ontoelaatbare bekentenis.

In die huidige saak gaan dit oor wat appellant, volgens hom, aan Pool gesê het voordat hy bew ZZ - 'n verklarende ontoelaatbare bekentenis - afgelê het. Dat sy mededelings as 'n verklaring vir doeleindes van die derde vereiste bestempel kan word, is nie in geskil nie; en dat dit nie deel van die bekentenis was nie en vir appellant gunstig was, is ook nie in geskil nie. Daarom is die betoë in hierdie hof

/224

toegespits op die vraag of dit "in verband met" die bekentenis gemaak is soos in art 217(3) bedoel.

Die uitdrukking "in verband met" (("in connection with") is natuurlik 'n wye begrip sonder vaste betekenis. Soos opgemerk in S v Mpetha and Others (1) 1982(2) S A 253 (C) op 257 C-D, dui hierdie woorde op

> " ..... a relationship between two things, but the degree of relationship or connection is undefined and indefinite. These words can quite properly cover the whole spectrum of relationships from a close and direct relationship, at the one end of the scale, to a remote and indirect relationship, at the other end."

Tereg is hieraan toegevoeg:

> "The term is an elastic one and the context and purpose of the statutory provision must be considered in order to assess the degree of elasticity appropriate to the case."

(Kyk ook Secretary for Inland Revenue v Wispeco Housing (Pty) Ltd 1973(1) S A 783 (A) op 793 A-D.) Selfs in die konteks van art 217(3) is dit moeilik om 'n algemeengeldende definisie te vind. Volgens Hoffmann en Zeffertt se The South African Law of Evidence (4de uitg op 232) was art 217(3) die gevolg van die beslissing in Rex v Perkins 1920 A D 307 waarin die beskuldigde 'n gedeelte van 'n ontoelaatbare bekentenis in die kruisondervraging van 'n staatsgetuie ontlok het en hierdie hof (in die afwesigheid van 'n bepaling soortgelyk aan die huidige art 217(3) .) beslis het dat die aanklaer nie toegelaat moes gewees het om die oorblywende deel in herondervraging uit te bring nie. In ag genome dat 'n soortgelyke

/226

bepaling eers 15 jaar na die beslissing in Perkins die lig gesien het (in Wet 46 van 1935) is dit egter te betwyfel of Hoffmann en Zeffertt se opmerking geregverdig is. En selfs al sou dit wees, bied dit nie veel hulp by die vertolking van art 217(3) nie; die gebruik daarin van die uitdrukking "in verband met" naas "as deel van" toon duidelik dat die bepaling nie beperk is tot gevalle waar die beskuldigde die gunstige deel van 'n bekentenis ontlok nie (vgl Lipschitz NO v U D C Bank Ltd 1979 (1) S A 789 (A) op 797 D-E).

In die lig o.a van die klaarblyklike nadeel wat art 217(3) vir 'n aangeklaagde inhou, is dit nietemin ewe duidelik dat "in verband met" eerder restriktief as

ekstensief vertolk moet word en die probleem is om 'n beperking te vind wat, enersyds, nie tot onreg in enige bepaalde geval sal lei nie, en, andersyds, nie geweld doen aan die woorde wat die wetgewer gebruik het nie. Die enigste beslissing wat 'n antwoord op hierdie probleem aanbied, is dié in Rex v Mzimsha 1942 W L D 82 waarin MURRAY R op 85 - 86 opgemerk het:

> "As I regard the meaning of the section the general provision against the admissibility of a confession which is not recorded as required by the formalities of sub-sec. (1) of sec. 273, the Act is altered when evidence has been given of other statements favourable to the person making them, i.e. the person who makes the confession, and the law does not allow the defence to put only one side of the same picture before a jury. If the defence elicits a portion of the verbal conversation or transaction which is favourable to the accused person it does

so at the risk of the unfavourable portion also becoming admissible in evidence, but either the favourable statement must be a natural part of the confession tendered or the two matters, the favourable statement and the confession, must, in my view, be parts of substantially the same transaction. It would, in my opinion, be competent to admit the evidence if the alleged confession took place at a later stage of the same conversation or transaction in which the favourable statement was made. Although then not a part of the confession there is an intimate connection in point of time in that both form a part of the same transaction."

Onderworpe aan die kwalifikasie dat alles wat gedurende dieselfde gesprek gesê word nie noodwendig verbandhoudend is nie, aanvaar ek hierdie benadering hoofsaaklik omdat dit in ooreenstemming is met die reël wat soos volg geformuleer is in Rex v Valachia and Another 1945 A D 826 op 835:

" .....the cases which I have mentioned and others which I have seen since the argument are in favour of the view that when one party to a suit proves against the other party a statement made by the latter then the Court must not disregard any portion of such statement, even though it be in favour of the party who has made the statement; it is its duty to weigh the credibility of such portion and to give such weight to it as in its opinion it deserves, and this applies not only to such portions as explain or qualify any portion adverse to the party who has made the statement, but to everything in the statement which relates to the matter in issue."

Waar 'n aangeklaagde in 'n strafsaak meer as een toelaatbare verklaring gemaak het, word die verklarings ook as geheel beoordeel. (Hoe belangrik so 'n geheel-oordeel vir die aangeklaagde mag wees, blyk uit beslissings soos dié in S v Felix and Another 1980(4) S A 604 (A) op 610 A-C, S v Mphalele and Another 1982(4) S A 505 (A) op 517 H en

S v Ranthlanko 1965(3) S A 814 (0).) Net soos hierdie reëls, stel art 217(3) die hof in staat om 'n aangeklaagde se skuld te beoordeel aan die hand van al sy uitlatings - gunstig sowel as ongunstig - en in die lig van die geheelbeeld wat daardeur geskep word. Wat die bepaling wil voorkom, is dat slegs die gedeelte van die beeld wat vir die aangeklaagde gunstig is en wat 'n verwronge indruk van die werklikheid mag skep, voor die hof gelê word. En, in die besef dat so 'n indruk geskep kan word, nie slegs deur die onthulling van 'n gunstige gedeelte van 'n bekentenis wat die Staat nie mag bewys nie, maar ook deur getuienis oor die inhoud van 'n ander verklaring, het die wetgewer dit goedgevind om die bekentenis toe te laat ook wanneer die

ander verklaring daarmee verband hou. Ek meen nie dat dit moontlik of selfs raadsaam is om die aard van die vereiste verband nader te omskryf as wat MURRAY R dit in die Mzimsha saak gedoen het nie. Of daar so 'n noue verhouding tussen die bekentenis en die ander verklaring is dat altwee beskou kan word as dele van dieselfde transaksie, sal in elke geval aan die hand van die feite bepaal moet word.

In die onderhawige geval het die appellant al sy mededelings aan Pool in die hof openbaar. Dit het behels (1) dat hy nie met diamante smokkel nie, (2) dat hy nie die skakel tussen Van Zyl en De Beer was nie, (3) dat hy nie bewus was van enige onwettige diamant transaksies waarby De Beer betrokke was nie,

(4) dat hy nie in staat was om op grond van sy eie kennis 'n verklaring oor sulke transaksies te maak nie en

(5) dat 'n verklaring wat hy daaroor sou maak, gevolglik vals sou wees. Dat al hierdie mededelings vir hom gunstig was, ly geen twyfel nie; en dat dit ten nouste verbonde was aan die bekentenis wat hy daarna gemaak het, kan myns insiens ook nie betwyfel word nie. Dit is op dieselfde geleentheid en wesenlik in dieselfde gesprek gemaak (hoewel die bekentenis gemaak is nadat Majoor Meintjies geroep is) ten opsigte van dieselfde persone en dieselfde bedrywighede. Boonop is die getuienis oor sy mededelings aan Pool aangebied as verduideliking waarom hy 'n bekentenis gemaak het en om aan te toon dat dit vals

was. 'n Bevinding dat dit nie in verband gestaan het met die bekentenis nie sal meer as gekunsteld wees.

Mnr De Villiers het betoog dat bew ZZ nogtans nie onder art 217(3) toelaatbaar geword het nie omdat appellant se getuienis oor sy mededelings aan Pool aangebied is om Pool en Meintjies se getuienis oor die gebeure op 29 Julie wat steeds voor die hof was ten spyte van die aanvanklike uitsluiting van bew ZZ, te weerlê. Hy het aangevoer dat art 217(3) slegs van toepassing is wanneer 'n beskuldigde, soos hy dit gestel het, die inisiatief neem by die voorlegging van gunstige getuienis, en nie wanneer hy dit doen met die oog op die weerlegging van bewerings wat reeds deur staatsgetuies gemaak is nie.

Ek stem nie saam nie. Hoewel Mnr De Villiers te kenne gegee het dat sy submissie nie 'n toelaatbaarheidsvereiste veronderstel wat nie in art 217(3) genoem word nie en bloot 'n manier aandui waarop "in verband met" beperk moet word, kan die resultaat waarvoor hy betoog nie bereik word sonder dat woorde by die bepaling ingelees word wat nie daarin verskyn nie. By die toepassing van art 217(3) kan daar klaarblyklik nie 'n verskil getrek word tussen 'n verklaring wat deel uitmaak van die bekentenis en een wat in verband met die bekentenis staan nie, en indien die betoog korrek is, sal die bekentenis ook uitgesluit moet word wanneer die beskuldigde, in antwoord op bewerings van staatsgetuies, getuienis lei of ontlok oor 'n gunstige deel daarvan.

Die bewoording van art 217(3) regverdig nie so 'n toepassing nie, en 'n verklaring wat in verband staan met die bekentenis kan nie anders benader word onder die dekmantel van die vertolking van die woorde "in verband met" nie.

Dit is in elk geval moeilik te begryp hoe hierdie betoog tot die appellant se voordeel toegepas kan word. Volgens Mnr De Villiers dui Pool se getuienis daarop dat die appellant by sy kantoor opgedaag het as gevolg van sy uitnodiging die aand van 23 Julie. Indien onbeantwoord, skep dit, tesame met sy verdere getuienis dat appellant hom toe

/236

bereid verklaar het om sy samewerking te verleen en 'n verklaring te maak, en daarna inderdaad saamgewerk het in De Beer se lokval (waarvoor die voorbereidings reeds op 29 Julie begin het toe appellant vir De Beer uit Pool se kantoor probeer skakel het),

> " ... onvermydelik die indruk ... dat die beskuldigde, strydig met sy ontkenning dat hy enige transaksie van 'n onwettige aard in diamante met De Beer gehad het, spontaan die polisie ingelig het of teenoor hulle laat blyk het dat hy onwettige diamante aan De Beer verkoop het."

Hierdie aanhaling uit Mnr De Villiers se skriftelike betoogpunte openbaar die gebrek in sy argument. Dat die appellant inderdaad aan Meintjies te kenne gegee het dat hy diamante onwettig aan De Beer verkoop het was nooit

/237

in geskil nie. Maar hy het dit gedoen in bekentenisse wat ontoelaatbaar verklaar is en na die uitspraak in Nieuwoudt (4) kon dit nie op enige manier of vir enige doel teen hom gebruik word nie (vgl S v Bontsi 1985(4) S A 544 (B G D) op 546 B-D). Ek is nie oortuig dat die getuienis waarna verwys is 'n nadelige afleiding sou regverdig nie maar, selfs al was dit die geval, kon die afleiding geensins teen die appellant tel nie. Om hierdie eenvoudige rede was getuienis om dit uit te skakel totaal oorbodig.

Mnr De Villiers het verder aangevoer dat art 217 (3) slegs van toepassing is wanneer 'n beskuldigde doelbewus " 'n eleksie maak" om getuienis te lei of te ontlok wat die gevolg sal hê dat die bepaling in werking tree,

en slegs wanneer die getuienis wat hy lei of ontlok oor die inhoud van die bekentenis gaan. Net soos die vorige een, veronderstel hierdie betoog toelaatbaarheidsvereistes wat nie in art 217(3) verskyn nie; en weereens is dit moeilik om die toepassing daarvan in die huidige saak te begryp. Appellant se mededelings aan Pool gaan, minstens ten dele, inderdaad oor die inhoud van bew ZZ. En wat die sg eleksie betref, is dit so dat Mnr De Villiers die verhoorhof duidelik laat verstaan het dat hy nie van voorneme was om getuienis te lei oor die inhoud van bew ZZ nie. Maar wat hy in hierdie hof skynbaar uit die oog verloor het, is dat art 217(3) nie alleen as gevolg van die voorlegging van getuienis oor 'n gunstige deel van 'n

ontoelaatbare bekentenis in werking tree nie. In die huidige geval het dit in werking getree as gevolg van appellant se gunstige getuienis oor sy mededelings aan Pool wat, soos reeds aangedui, in verband gestaan het met bew ZZ.

Uit hoofde van die voorafgaande moet die verhoorhof se bevinding dat bew ZZ toelaatbaar geword het, gehandhaaf word.

Met die bevinding dat Kaptein Pool die appellant nie voorgesê het oor die inhoud van bew ZZ nie, kan ook nie fout gevind word nie. Sonder om op besonderhede in te gaan hoef slegs gesê te word dat Pool onmoontlik vooraf bewus kon gewees het van alles wat in die bewysstuk

verskyn; dat dit in al die omstandighede so onwaarskynlik is dat hy die appellant voorgesê het dat dit nie as 'n redelike moontlikheid beskou kan word nie; en dat appellant se getuienis oor die gebeure op 29 Julie so onbevredigend is dat die verhoorhof tereg nie bereid was om daarop peil te trek nie.

Wat ten slotte nagegaan moet word, is die mate van steun wat bew ZZ aan De Beer se getuienis verleen. Hieroor hoef ook nie uitgewei te word nie; dit is immers gemene saak dat bew ZZ 'n bekentenis is. Opsommenderwys hoef slegs gemeld te word dat appellant daarin te kenne gegee het dat hy oor 'n tydperk van ongeveer twee jaar voor April tot Mei 1982 op verskillende geleenthede en plekke groot

hoeveelhede diamante wat hy in totaal op 6 000 of 7 000 karaat geskat het, aan De Beer verkoop het vir meer as een miljoen rand; en dat die besonderhede in die verklaring in belangrike opsigte ooreenstem met De Beer se getuienis. Daar is verskille ook maar daardeur word nie afbreuk gedoen aan die groot mate van stawing wat bew ZZ bied nie.

Bews J, L en U.

In die lig van die sterk stawing vir De Beer se getuienis in bew ZZ is dit nie werklik nodig om oorweging te skenk aan die vraag of die verhoorhof se bevinding dat bews J, L en U skyn-ooreenkomste was, korrek is nie. Weens redes wat later sal blyk, is ek nogtans van voorneme om hierdie vraag kortliks te behandel.

/242

Die bevinding is hoofsaaklik gebaseer op -

(1) die feit dat die betalings wat De Beer aan appellant gemaak het en waarna vroeër verwys is, nie in ooreenstemming met die ooreenkomste geskied het nie. Die bedrag van R25 000 wat volgens bew J betaal moes word by registrasie van die sessie van die Notariële Akte is reeds ongeveer twee maande voor die sessie betaal, terwyl die bedrag van R50 000 wat volgens bew L by rekenmeesters in Margate inbetaal moes gewees het in trust vir die appellant hangende o a die oordrag van die aandele, die lewering van die maatskappy se boeke en appellant se bedanking as direkteur, direk aan appellant betaal is sonder

dat enige van die verpligtings wat aan die betaling gekoppel was (behalwe moontlik die oordrag van die aandele) ooit nagekom is;

(2) die feit dat appellant na, en ten spyte van, die ondertekening van bew L, voortgegaan het om as direkteur van Dikdoorn op te tree. Die verhoorhof het sy optrede soos volg beskryf:

> "Die beskuldigde wat die enigste direkteur van Dikdoorn was, het nie bedank nie; geen boeke of rekords van die maatskappy was aan De Beer of PGI gelewer nie en geen besluit was geneem ten einde die aanstelling van die koper as enigste direkteur te bewerkstellig nie. Gevolglik het die beskuldigde, nieteenstaande die feit dat hy al sy aandele verkoop het en as direkteur moes bedank het, in volle beheer van die maatskappy gebly. Selfs die reg om op die bankrekening van die maatskappy te opereer het die

/244

beskuldigde bly behou. De Beer of enige benoemde van PGI het geen tekeningsreg gekry nie."

Omdat hy nog steeds op die bankrekening geopereer het, het appellant bv twee trekkers en twee bakkies vir homself aangekoop en die koopprys (R18 254 in totaal) en 'n persoonlike skuld ten bedrae van R3 600 met Dikdoorn tjeks betaal;

(3) die feit dat appellant die bedrae van R28 600 en R25 700, bo en behalwe die koopprys, na die aangaan van bews J en L onderskeidelik ontvang het. Volgens hom het hierdie betalings die uitgawes verteenwoordig wat hy met sy prospekteerwerk op Bowater gehad

het voor en na die ondertekening van bew J. Sy uiteensetting van die uitgawes en sy verduideliking waarom die eerste bedrag as 'n lening aan Dikdoorn aangemerk is, was so "deurmekaar, verward, onduidelik en onoortuigend" dat die verhoorhof dit as leuenagtig verwerp het;

(4) die feit dat De Beer vir die totale bedrag van R154 300 wat hy aan appellant betaal het in werklikheid niks meer ontvang het as die regte waarvoor die Notariële Akte voorsiening gemaak het nie en dat hy, na die ondertekening van bew U, selfs dit nie behou het nie. (In bew U het appellant onderneem om al sy regte aan PGI oor te dra, maar

persoonlik het hy geen regte gehad nie en daar was in elk geval ook nooit daadwerklike oordrag van enige regte aan PGI nie.)

Hierdie feite is van so 'n aard dat, tensy daar 'n bevredigende verduideliking is, dit redelikerwys onmoontlik is om tot 'n ander gevolgtrekking te kom as dat die oor-eenkoms vir die skyn aangegaan is. Appellant se verduideliking is alles behalwe bevredigend. Aan die wortel daarvan lê sy bewering dat De Beer prospekteerregte en opsies wou bekom wat hy aan buitelandse beleggers wou verkoop. Wat in werklikheid gebeur het na die aangaan van bew J kan nie met so 'n voorneme versoen word nie. Geen poging is aangewend om sulke regte te bekom nie, trouens, al wat

volgens appellant se eie weergawe gebeur het, was dat De Beer tentatiewe navrae by een grondeienaar gedoen het en daarna onverrigter sake en skynbaar volkome belangeloos terug is huistoe. Die gevolg was dat De Beer of Dikdoorn nooit oor ander regte as dié ten opsigte van Bowater beskik het nie. Oor die waarde en verhandelbaarheid van hierdie regte kon slegs bespiegel word. Al wat bekend was, was dat die appellant met al sy prospekteerwerk niks meer gevind het nie as 'n klompie klein diamantjies ter waarde van ongeveer R400. Watter vooruitsigte het De Beer dan gehad om die regte aan 'n belegger te verkoop waar hy niks anders gehad het om aan 'n voornemende koper te toon as 'n paar minderwaardige diamantjies nie? Daar was

/248

nooit 'n geologiese opname nie en die prospekteerwerk het vir alle praktiese doeleindes tot stilstand gekom nog voordat bew 3 onderteken is. (Soos appellant self getuig het, is die betaling van R28 600 as 'n lening aan Dikdoorn voorgedoen en het hy, al was dit dan nou ook vir sy eie voordeel, op die maatskappy se bankrekening bly opereer om die skyn van 'n aktiewe onderneming te wek.) Appellant se naïewe poging om hierdie hof te oorreed dat die geringe hoeveelheid diamante wat gevind is nie ter sake was nie, kan niemand beïndruk nie. Hy het De Beer aan ons voorgehou as 'n dobbelaar eerder as 'n spekulant maar, selfs al sou dit so wees, kan dieselfde nie gesê word van enigiemand wat bereid sou wees om die regte te koop vir die ontsaglike

bedrag wat De Beer volgens appellant in gedagte gehad het nie. Ek meen nie ek oordryf nie as ek sê dat De Beer goed sou geweet het dat sy vooruitsigte om die regte voordelig te verkoop omtrent nul was. Maar volgens appellant was dit juis sy vooruitsigte op 'n vet wins wat hom laat besluit het om die Dikdoorn aandele te koop.

Presies hoe onsinnig De Beer se optrede volgens appellant was, word nog verder geïllustreer deur laasgenoemde se aankoop van die oorblywende 51 aandele en sy latere terugverkoping van al die aandele aan die appellant. Nadat De Beer die eerste aandele gekoop het, het die diamant-mark, om appellant se eie woorde te gebruik, heeltemal in duie gestort. Dit het De Beer egter nie verhoed om die ander

aandele te koop en nog R50 000 te spandeer nie. Ek aanvaar dat daar spekulante is wat aankope op 'n dalende mark voordelig vind maar, indien De Beer so 'n persoon is, word sy terugverkoping van al die aandele vir 'n skamele R1 000 (wat hy nooit ontvang het nie) skaars 'n jaar nadat hy dit gekoop het, die optrede van iemand wat daarop uit was om homself geldelik te ruïneer.

Daar is nog ander aanduidings van appellant se onbetroubaarheid maar ek meen nie dat dit nodig is om almal op te noem nie. Myns insiens het die verhoorhof alle rede gehad om sy getuienis oor bews J,L en U te verwerp. Die bevinding dat die ooreenkomste vir die skyn aangegaan is, moet gehandhaaf word. Hieruit, en uit wat reeds gesê is ten opsigte van bew ZZ, volg dit dat die skuldigbevinding op die tweede aanklag ook moet bly staan.

/251

Klagte 4

Na sy gesprek op 29 Julie 1982 met Majoor Meintjies en Kaptein Pool het appellant 'n ontmoeting gereël tussen De Beer en Luitenant Van Dyk. Dit het op 24 Augustus 1982 in 'n hotel in Bellville plaasgevind waar Van Dyk,wat voorgestel is as Gert, 'n ou kennis van die appellant, 'n aantal ongeslypte diamante aan De Beer getoon het en dit ooreengekom is dat de Beer dit vir R90 000 sou koop by 'n tweede ontmoeting wat deur die appellant gereël sou word. Die tweede ontmoeting was die een op 31 Augustus 1982 in Kaapstad waar De Beer, soos vantevore aangedui, die diamante gekoop het en gearresteer is.

Ek het reeds genoem dat appellant en De Beer in

/252

eersgenoemde se motor na die hotel is waar Van Dyk met die diamante gewag het. Dit was nadat hulle Van Dyk vroeër die dag ontmoet het in geselskap van Mnr Smuts, 'n diamantslyper met wie De Beer voorheen sake gedoen het Smuts se skoonseun, Mnr Snyman. Hierdie twee here en Mnr Smuts se vrou het die geld vir die transaksie beskikbaar gestel. Nadat Smuts en Snyman die diamante bekyk het, is hulle saam met De Beer en die appellant terug na hulle hotel vanwaar laasgenoemde twee later vertrek het met 'n bedrag van R100 000. Hiervan was R90 000 bestem vir die aankoop van die diamante en R10 000 vir appellant. Ek het ook reeds genoem dat appellant en De Beer op pad na Van Dyk se hotel R28 000 uit die koffer

waarin die geld was, geneem het en daarmee na Van Dyk is, en dat appellant later na sy vrylating weggery het met die R72 000 wat in sy motor agtergebly het. Waarom die geld verdeel is, is in geskil: volgens De Beer het appellant voorgestel dat hulle die verkoper slegs R30 000 as 'n deposito op die diamante aanbied en die res van die geld gebruik om nog diamante later van hom te koop; volgens appellant was De Beer bang vir 'n lokval en daarom het hulle besluit om eers net R30 000 te neem en die ander geld te gaan haal as hulle tevrede was dat hulle nie in 'n lokval ingelei is nie. (Dit is gemene saak dat R28 000 uit die koffer geneem is omdat die geld in pakke was van R4 000 elk. By De Beer se arrestasie het die polisie beslag gelê op

hierdie geld.)

Wat na 31 Augustus gebeur het, is grotendeels ook in geskil. Kort na sy arrestasie is De Beer op borgtog vrygelaat. Dit is gemene saak dat hy die appellant daarna uit Pretoria geskakel en sy blydskap uitgespreek het omdat die polisie, soos hy gemeen het, nie op al die geld beslag gelê het nie. Volgens hom het appellant hom ontnugter met die nuus dat die polisie inderdaad ook op die R72 000 beslag gelê het, maar volgens appellant het hy ontwykend gereageer en nie openbaar wat van die geld geword het nie omdat hy bevrees was dat hy dalk 'n oortreding teenoor die "staatskas" begaan het deur die geld te neem en nie geweet het

of De Beer toe nie dalk op sy beurt besig was om die polisie te help om hóm te betrap nie.

Op 13 September 1982 het appellant se prokureur 'n brief, bew Q, aan De Beer geskryf wat soos volg lees:

"Ek skrywe aan u op versoek van mnr Adrian Nieuwoudt van Rondawel, Garies.

Kliënt deel my mee dat u onlangs telefonies sekere eise aan hom gestel het met betrekking tot 'n beweerde R100 000 wat beweerdelik in 'n koffer van hom geplaas sou gewees het deur u. Hierdie geld was waarskynlik bedoel deur u vir 'n onwettige diamanttransaksie en hoe minder u daaroor praat hoe beter vir uself.

Die bedrag wat u in die groot koffer geplaas het (wat dit ookal mag gewees het) was weer deur uself in mnr Nieuwoudt se aanwesigheid uit die groot koffer gehaal en in 'n kleiner tas geplaas en die geld van die kleiner tas was deur die Goudstaf amptenare daar uitgetel in u aanwesigheid en vorm tans deel van die corpus delicti wat gewoonlik nog in 'n komende saak teen u gebruik

sal word.

Enige eise van hierdie aard wat u na verwys het is absoluut onsin en u moet asseblief kennis neem dat u my kliënt moet uitlos..

Dreigemente van enige aard teenoor hom sal u al verder in die moeilikhied laat beland.

Ek het mnr Nieuwoudt versoek om nie met u in verbinding te tree nie en derhalwe skryf ek hierdie brief namens hom.

Die uwe

(Geteken)

A J BURGER "

Volgens De Beer was hy verstom toe hy hierdie brief ontvang het aangesien daar sedert sy telefoonoproep uit Pretoria geen kommunikasie tussen hom en die appellant was nie. Volgens die appellant egter is hy na sy prokureur nadat De Beer hom weereens geskakel en te kenne gegee het dat hy vermoed het dat appellant nooit gearresteer was nie en dat appellant "die dag sou berou het wat ek dit aan hom

gedoen het".

Op 19 Oktober 1982 het appellant en De Beer saam in die landdroshof in Kaapstad verskyn. Die vorige dag het De Beer by Majoor Meintjies verneem dat die polisie slegs op R28 000 beslag gelê het. Nadat hulle verhoor op 19 Oktober uitgestel is, het appellant aan De Beer gesê dat hy hom sou "regsien" waarmee hy bedoel het dat hy die R72 000 aan De Beer sou terugbetaal. Van die terugbetaling het volgens De Beer niks gekom nie. Appellant, daarenteen, het getuig dat De Beer een aand gedurende Februarie 1983 op Rondawel opgedaag het nadat hy vroeër die dag blykbaar vanaf 'n naburige dorp gebel het, en dat hy toe die R72 000 aan De Beer betaal het in die teenwoor-

digheid van Kalfie Engelbrecht, 'n ou skoolvriend van hom wat toe op Malmesbury gewoon het en toevallig op besoek op Rondawel was. Engelbrecht het hierdie getuienis as verdedigingsgetuie bevestig.

Die laaste insident wat genoem moet word, is appellant se arrestasie deur Kaptein Pool in Kaapstad gedurende Junie 1984 op 'n aanklag van diefstal van die R72 000. By daardie geleentheid het appellant geweier om 'n sg waarskuwingsverklaring te onderteken. Hy het nogtans geantwoord op vrae wat Pool aan hom gestel het en wat soos volg in die ongetekende verklaring (bew AAA) genotuleer is:

"Vraag : Is daar enigiets wat jy wil sê aangaande die bewerings teen jou?
Antwoord : Dis belaglik.
Vraag : Nog iets?
Antwoord : Nee, wat kan ek dan sê."

Die verhoorhof het appellant se getuienis en ook dié van Engelbrecht, in elke wesenlike opsig verwerp. De Beer se getuienis is aanvaar. Van hom het die verhoorregter gesê:

> "De Beer is 'n enkelgetuie oor die vraag of die voorstel om die R72 000 terug te hou van hom of die beskuldigde gekom het en ook of die R72 000 aan hom terugbetaal was. Sy getuienis moet derhalwe met versigtigheid benader word en moet in elke wesenlike opsig bevredigend wees. Die Hof het ook die feit dat daar kwaaivriendskap tussen hom en die beskuldigde was in aanmerking geneem as 'n faktor wat streng versigtigheid verg. Inaggenome al hierdie faktore is die Hof egter tevrede dat De Beer se getuienis op hierdie klagte aanvaar kan word. Dit is in alle wesenlike opsigte bevredigend."

Myns insiens is daar minstens twee opsigte waarin De Beer se getuienis nie bevredigend is nie. Eerstens is daar sy getuienis oor bew Q. Volgens hom was daar

voor die ontvangs van die brief slegs die een telefoon-
gesprek tussen hom en appellant waarna reeds verwys is,
en het hy gelate aanvaar dat die polisie beslag gelê het
op die geld in die motor. Sy bewering dat daar niks
plaasgevind het wat enige rede vir bew Q kon bied nie,
kan egter nie waar wees nie. Indien daar net een ge-
sprek was en indien dit verloop het soos De Beer beweer,
maak die brief nie sin nie; in daardie geval was daar
geen rede vir die appellant om enigsins na 'n prokureur
te gaan nie en nog minder om 'n brief in die trant van bew Q
te laat skryf. De Beer se bewering dat hy geen dreigemente
teenoor appellant geuiter het nie, is ewe onaanvaarbaar.
Waarom sou appellant sy prokureur van dreigemente vertel

wat nooit geuiter is nie? En wat het hy gehoop om met so 'n vals bewering te bereik? Die Staat se advokaat was nie in staat om enige antwoord op hierdie vrae aan die hand te doen nie.

Die tweede onbevredigende aspek van De Beer se getuienis wat ek wil noem, het betrekking op die gebeure op 31 Augustus 1982. Ek het reeds aangedui dat sy verduideliking vir die verdeling van die geld op pad na Van Dyk se hotel behels het dat die R72 000 op appellant se voorstel gebruik sou word vir die aankoop van ander diamante. (Tydens die ontmoeting op 24 Augustus het Van Dyk inderdaad te kenne gegee dat hy nog ander diamante gehad het wat hy ook wou verkoop en die trant van die gesprek wat daarna gevolg het, was dat daar verdere transaksies in die toekoms sou wees maar dat De Beer meer belang gestel het

in kleiner stene as dié wat Van Dyk op 24 Augustus by hom gehad het.) In kruisondervraging het De Beer die reëling soos volg beskryf:

"Verduidelik u nou vir die Hof wat was die redenasie gewees by mnr Nieuwoudt en u oor die terughou van die R70 000,00, wat toe op die ou end R72 000,00 geword het? --- Ons het ook gepraat oor kleiner diamantjies.

Wie is die 'ons'? --- Ek en mnr Nieuwoudt en Gert. En Gert sou 'n 1 000 kt klein diamantjies saamgebring het. Maar die verhaal wat aan my vertel was, is dat Gert het bang geword langs die pad en die diamante langs die pad begrawe. En mnr Nieuwoudt het vir my gesê : 'Kom ons gee vir Gert R30 000,00 en dan vat ek die ander geld en dan gaan koop ek die kleintjies by die man.'

By watter man? --- By Gert.

By Gert, ja. --- 'Dan gaan koop ek die kleintjies by die man.' En toe ons die geld uittel, toe is die geld opgemaak in pakke van R4 000,00 ...

Ja, dié het u verduidelik. Toe het die R30 000,00 verander na R28 000,00. --- Na R28 000,00.

En toe het ons net R28 000,00. Mnr Nieuwoudt het R28 000,00 in sy aktetassie gesit. En die res het in sy koffer agtergebly.

Ja, dié het ek nou nie vir u gevra nie. Wat ek vir u vra, is hoe u koppe gewerk het oor die terughou van daardie geld, die R72 000,00. ---Mnr Nieuwoudt sou gaan klein diamantjies koop het daarmee.

Het u dan nie reeds vroeër die maand met Gert 'n ooreenkoms gemaak dat u R90 000,00 sou betaal vir die diamante wat hy by hom gehad het nie? --- Dis reg, dit is so.

Nou hoe het u dan verwag dat nadat u daardie afspraak met Gert gemaak het, hy daarmee tevrede sou wees om vir u nog verder diamante te gee vir dieselfde geld? --- Gert was baie ongelukkig oor die toedrag van sake. Mnr Nieuwoudt...

Nee, ek vra nie dit vir u nie. Ek vra hoe het u koppe gewerk daaroor? Hoe het u verwag dat hy sou instem daarmee dat hy nou vir dieselfde geld vir u nog ander diamante moet bygee en die diamante wat hy by hom het, waarvoor u alreeds belowe het om R90 000,00 te betaal, die moet hy nou vir u gee vir R30 000,00. --- Ek sou R100 000,00 minder in my sak gehad het en ek sou 'n handvol

groot diamante gehad het. Die klein diamantjies sou mnr Nieuwoudt nog by Gert moes gaan koop het. Met ander woorde wanneer ek die volgende Vrydag sou gekom het en die balans van die geld sou gebring het wat ek nou sou verskuldig gewees het op die groot diamante, dan sou mnr Nieuwoudt aan my die klein diamantjies gegee het. Dis hoe ek en mnr Nieuwoudt die saak afgespreek het.

Sou u met ander woorde vir Gert sê: 'Gee vir ons uitstel wat R70 000,00 betref' of dan op die ou end R72 000,00? ---Nee, mnr Nieuwoudt sou R10 000,00 gekry het. Gert sou net R90 000,00 gekry het.

Goed, dan R60 000,00 of R62 000,00. --- Dis korrek.

Hy moet dan daarvoor vir u uitstel gee? --- Dis reg. Mnr Nieuwoudt het vir hom gesê...

En dan gaan dieselfde geld na hom toe en u gaan koop die klein diamantjies intussen? --- Nie ek nie, mnr Nieuwoudt sou. As hy en Gert teruggegaan het huis toe, sou mnr Nieuwoudt die klein diamantjies by Gert gekoop het en ek sou dan al op pad terug gewees het.

Maar u sien, ek kan verstaan dat u na Gert toe kan gaan en vir hom kan sê: 'Kyk hier, ek het

nie nou al die geld nie, maar ek gee vir u R28 000,00. Gee vir my die diamante en ek bring die ander geld later. --- Dis wat ek vir hom gesê het.

Hy kon dan selfs vir u gesê het: 'Ek gee vir u minder diamante in die tussentyd.' --- Ja.

Dit is 'n transaksie wat vir my lyk asof dit sin kon maak van die oogpunt dat u bekommerd is dat die geld verlore kan raak. --- Gert het vir my - hy het R28 000,00 geneem, wel wetend dat ek vir hom by 'n volgende geleentheid, naamlik die Vrydag, 'n verdere R62 000,00 sou bring.

Hoe moes hy dit weet, het u gedink? ---Ons het dit met hom bespreek.

En hy het u pas ontmoet? --- Nee, ek het Gert al 'n paar weke vantevore mos ontmoet, soos ek in my getuienis gesê het, die eerste keer in die Holiday Inn. Die tweede keer het ek Gert - 'n week daarna het ek Gert ontmoet by Woodstock en mnr Nieuwoudt het basies die hele onderhandeling gevoer met Gert en gesê: 'Gert, gee maar vir die man hierdie diamante vir net R28 000,00. Ek staan goed vir die balans. Jy ken my mos.' En toe sê ek vir mnr Nieuwoudt nog: 'Man, as jy nou terugry, gaan trek asseblief geld uit die bouvereniging uit en dan gaan koop jy daardie klein diamantjies, dan

het Gert darem 'n groot bedrag geld. En dan hou julle die klein diamantjies en as ek Vrydag kom, dan gee julle my die klein diamantjies en ek gee vir jou die balans op die groot diamante.'

En Gert val toe vir daardie storie? ---Ek dink Gert was heeltemal beveilig. Hy het geen risiko geloop nie.

Ek wil aan u stel dat u aan Gert gesê het u het net daardie bedrag beskikbaar, u sal later die res van die bedrag kom betaal vir daardie diamante. --- Ek het so vir Gert gesê.

Maar hoekom het u dit vir hom gesê? ---Ek het vir hom gesê, omdat ek en mnr Nieuwoudt vooraf bespreek het dat ons vir Gert net R28 000,00 sou gee en die balans sou mnr Nieuwoudt dan gebruik het om die klein diamantjies te gaan koop. Maar Gert moenie weet dat ons die balans van die geld beskikbaar het nie.

So, dit is nie met Gert bespreek nie, daardie kopery van die balans van die diamantjies nie? --- Van die klein diamantjies is nie met Gert bespreek toe ek en mnr Nieuwoudt in die motor na die Capetonian toe ry nie. Toe ons daar arriveer, toe sê mnr Nieuwoudt vir Gert: 'Die man het net R28 000,00 en jy moet maar vir hom die diamante

gee, ek staan goed daarvoor. Jy ken my mos.' Hy sê: 'Die ding werk nou maar net so, vertrou my.' En ek het Gert probeer kalmeer, Gert was baie ontstoke en ontsteld gewees daaroor. Maar hy het toe uiteindelik maar vir my die diamante gegee en die R28 000,00 geneem, vas onder die indruk daar is geen verdere geld nie. Maar ek en mnr Nieuwoudt was deeglik bewus daarvan daar was nog R72 000,00 agter in die kar se kattebak. En dit is toe wat ek vir mnr Nieuwoudt sê: 'Ry nou maar om by 'n bouvereniging en gaan maak 'n plan en kry geld.' Mnr Nieuwoudt het gesê : 'Ja, ek het nog baie geld by die bouvereniging, dan gaan koop jy daardie geld, dan gaan koop jy die klein diamantjies by Gert.'

Maar die klein diamantjies was nie deel van die afspraak by Gert nie. --- Gert moes die klein diamantjies saamgebring het daardie dag, maar hy het bang geword en dit langs die pad begrawe.

Maar u het nie daardie aand, toe u vir hom net R28 000,00 in plaas van R90 000,00 aangebied het, toé gepraat van die klein diamantjies nie?---Op daardie oomblik nie, maar 'n paar minute daarna, nadat ons die transaksie beklink het, toe het ons vir Gert gesê: 'As julle nou huis toe ry, dan

gaan haal julle die ander diamantjies. Mnr Nieuwoudt sal by 'n bouvereniging om ry en hy sal gaan geld trek en vir jou die klein diamantjies betaal.'

Maar die transaksie met Gert was bloot geheel en al - dit lyk vir my ons stem nou op daardie punt saam - bloot 'n kwessie dat u vir hom gesê het u het nie meer geld nou beskikbaar nie, hy moet vir u uitstel gee op die balans. --- Dis korrek. HOF: Waar, het u gedink, sou u die balans van die koopsom kry? --- U sou mos R72 000,00 in die hande moes kry. --- Ek sou daardie diamante wat ek dan gekry het daardie dag, sou ek gaan reël het om dit vinnig van die hand te sit en dan weer R72 000,00 of R62 000,00 te bring die volgende Vrydag. Ek wou 'n week speling gehad het om my finansies in orde te kry.

En u het gemeen dat binne 'n week u die geld sou kon gekry het? --- Ek het gedink ek sou dit kon regkry."

Ek moet eerstens daarop wys dat De Beer se bewering dat hy in die hotelkamer sou gesê het "as julle nou huistoe ry, dan gaan haal julle die ander diamantjies. Mnr

Nieuwoudt sal by 'n bouvereniging om ry en hy sal gaan geld trek en vir jou vir die klein diamantjies betaal" nie in ooreenstemming is met die transkripsie (bew D1) van die band-opname wat vanuit 'n aangrensende kamer van die gesprek gemaak is nie. Die enigste verwysing in die gesprek na 'n bouvereniging was toe Nieuwoudt opgemerk het dat hy "darem in 'n bouvereniging se boek redelik belê" het. Hierdie opmerking het nie in verband gestaan met die klein diamantjies nie, maar met De Beer se voorstel dat appellant iewers moes gaan geld trek om 'n deposito van R50 000 op die groter stene moontlik te maak. Volgens die transkripsie was daar geen sprake dat appellant die kleiner stene op pad huistoe sou koop nie.

/270

Dit is egter nie die enigste beswaar wat ek teen hierdie gedeelte van De Beer se getuienis het nie. Wat verder hinderlik daaromtrent is, is dat hy sonder enige denkbare rede ingeval het met appellant se voorstel. Dat De Beer versigtig te werk gegaan het wanneer dit by die koop van diamante kom, blyk uit sy optrede by die vorige ontmoeting met Van Dyk. By daardie geleentheid het hy elke diamant noukeurig bekyk en hulle daarna sorgvuldig in 'n botteltjie verseël ten einde te verseker dat dit nie omgeruil word nie. Boonop het hy by daardie geleentheid reeds te kenne gegee dat hy graag 'n "tweede opinie" wou inwin en op 31 Augustus het hy eers vir Smuts en Snyman gestuur om die groot stene behoorlik te ondersoek voordat

besluit is om dit te koop. Maar toe appellant die moontlikheid geopper het om die kleiner stene ook te koop, was hy dadelik bereid om R70 000 (wat nie eens sy geld was nie) aan appellant toe te vertrou vir die aankoop van diamante wat hy nog nie gesien het nie en van die waarde waarvan hy geen benul gehad het nie. Waarom hy Van Dyk moes bedrieg met die voorwendsel dat hy slegs R28 000 beskikbaar het en waarom hy die appellant moes stuur om die ander diamante te gaan koop, bly in elk geval 'n raaisel. Dit was nie dat hy dringend 'n plan moes beraam om die klein diamantjies ook in die hande te kry nie; op 24 Augustus is dit reeds gereël dat Van Dyk dit, en nog verdere besendings, vir hom sou bring. Hy het geen rede gehad om toe

te stem tot die skielike wending wat appellant voorgestel het nie en boonop kon hy niks daarmee bereik wat hy nie volgens sy bestaande reëling met Van Dyk kon bereik nie.

Afgesien hiervan kan ek my nie voorstel dat De Beer werklik kon gedink het dat Van Dyk bereid sou wees om diamante waarvan die ooreengekome prys R90 000 was, uit sy besit te laat gaan teen betaling van 'n deposito van minder as 'n derde en 'n blote onderneming om die balans binne enkele dae te betaal nie. Nog minder kan ek my voorstel dat hy werklik kon gedink het dat Van Dyk die storie dat hy slegs R28 000 beskikbaar gehad het, sou glo. By hulle vorige ontmoeting het hy juis probeer om Van Dyk

te beïndruk met die groot transaksies wat hy en die appellant in die verlede gehad het. Op daardie stadium was daar geen sprake dat hy die R90 000 nie sou kon bybring nie en ook nie toe hy saam met Smuts en Snyman die diamante op 31 Augustus besigtig het en weg is om die geld te gaan haal nie. Indien die transaksie met Van Dyk 'n egte een was soos wat De Beer geglo het, kon hy nie die minste verwagtinge gehad het om die diamante in die hande te kry op die manier wat appellant voorgestel het nie.

In die lig hiervan kan ek nie met die verhoorhof saamstem dat De Beer se verduideliking vir die verdeling van die geld meer waarskynlik is as appellant s'n nie. In die uitspraak word gemeld dat De Beer selfs nie die

R28 000 op die spel sou plaas nie indien hy die minste vermoede gehad het dat hy hom dalk in 'n lokval kon vasloop. Dit mag so wees maar dit is nie die enigste oorweging nie. Indien die oorwegings waarna ek so pas verwys het ook in aanmerking geneem word, meen ek nie dat die waarskynlikhede die Staat op hierdie punt begunstig nie.

Afgesien daarvan dat De Beer se weergawe in hier die opsigte onbevredigend is, is daar 'n ander probleem daarmee wat myns insiens deur die verhoorhof onderskat is. Een van die redes waarom sy getuienis tereg met versigtigheid behandel is, is dat daar 'n moontlikheid bestaan dat hy die appellant valslik by 'n diefstalklag kon betrek het uit weerwraak vir sy verraad. Presies hoe wesenlik

hierdie moontlikheid werklik is, kan slegs besef word indien in ag geneem word dat daar, soos reeds aangedui, 'n sterk waarskynlikheid is dat De Beer kort na die lokval 'n dreigement teenoor die appellant geuiter het, en dat hy by die verhoor gepoog het om dit te verbloem. Hierdie probleem kom veral na vore by die beoordeling van sy ontkenning dat appellant die geld aan hom terugbetaal het. So 'n ontkenning was waarskynlik die maklikste manier waarop hy appellant kon laat boet. Waar dit die geval is, meen ek dat die aanvaarding van sy getuienis, en veral van sy ontkenning van die terugbetaling, besondere redes geverg het. En ek beskou die redes wat in die uitspraak verskaf is, nie as voldoende nie. Basies is dit aanvaar

in die lig van die verwerping van appellant se getuienis en, wat die beweerde terugbetaling betref, ook die verwerping van Engelbrecht s'n.

Ek kan die totale verwerping van Engelbrecht se getuienis nie ondersteun nie. In hierdie hof het Mnr Vermeulen wat klagte 4 namens die Staat beredeneer het, Engelbrecht aan ons voorgehou as 'n persoon wat doelbewus meineed gepleeg het met "gefabriseerde" getuienis oa omdat dit te veel besonderhede bevat wat hy kwalik sou kon onthou het en omdat dit uitermate groot ooreenstemming toon met appellant se weergawe. In die Staat se betoog en in die verhoorhof se uitspraak was daar verdere punte van kritiek waarvan sommige geregverdig, maar ander myns insiens

ongeregverdig was. Ek kon bv nie help om op te merk nie dat, waar Mnr Vermeulen hom enersyds gekritiseer het omdat sy getuienis oormatig ooreenkom met appellant s'n, hy hom andersins gekapittel het weens die enkele keer wat hy die appellant weerspreek het. Hierdie weerspreking het te make met die tyd waarop De Beer na bewering geskakel het om te sê dat hy die aand op Rondawel sou wees, en is deur die verhoorhof ook geopper. Myns insiens is dit nie wesenlik nie. My geheelindruk van sy getuienis is dat, hoewel dit nie in alle opsigte bevredigend is nie en by die leser daarvan selfs 'n mate van agterdog mag skep, dit nie sonder meer as leuenagtig verwerp kan word nie. In sekere opsigte is dit waarskynlik aangedik maar ek meen nie dat

die gevolgtrekking geregverdig is dat hy getuig het oor 'n voorval wat nooit plaasgevind het nie.

Wat appellant betref, het die verhoorregter die belangrikste besware teen sy getuienis soos volg aangestip:

"(1) Beskuldigde het nooit op enige stadium aan De Beer te kenne gegee dat hy nog in besit van die geld was nie.

(2) Selfs indien beskuldigde dit aanvanklik raadsaam geag het om ontwykend daaromtrent te wees, is daar geen rede waarom hy met sodanige houding moes volhou nie.

(3) Op 19 Oktober 1982 toe hy en De Beer saam in die hof verskyn het, het hy De Beer meegedeel dat hy hom sou 'reg sien'. Indien dit aanvaar word dat beskuldigde op daardie stadium bedoel het om geld aan De Beer terug te betaal, het hy selfs op sy eie getuienis, geen stappe hoegenaamd geneem om met De Beer in aanraking te kom of om die geld aan hom te oorhandig nie.

(4) Die brief (Bewysstuk Q) wat sy prokureur op

13 September 1982 aan De Beer geskryf het, is vir slegs een uitleg vatbaar, naamlik dat beskuldigde De Beer wou laat verstaan dat die polisie op die volle bedrag van R100 000 beslag gelê het en datthy nie in besit van enige deel daarvan was nie.

(5) (i) Toe die polisie heelwat later, naamlik op 6 Junie 1984, hom op hierdie klagte gearresteer het, het die beskuldigde versuim om aan hulle te verduidelik wat die posisie in verband met die R72 000 was of dat hy dit aan De Beer terugbetaal het ....

(ii) Beskuldigde het getuig dat hy nie vir die polisie in daardie stadium wou sê dat hy die geld aan De Beer terugbetaal het nie en hy het inkonsekwente verduidelikings vir hierdie houding gegee. Een verduideliking was dat hy dit as belaglik beskou het dat die Staat so lank gewag het om hom van die diefstal aan te kla. 'n Ander verduideliking wat hy later gegee het, was dat die polisie hulle nie sou steur aan wat hy sê nie, en het te kenne gegee dat hy nie die polisie vertrou nie. 'n Verdere

rede was dat Pool hom eintlik gesê het dat hy aangekla word, nie van diefstal van De Beer nie, maar dat hy die geld van die Staat gesteel het.

(iii) Met betrekking tot beskuldigde se bewering dat Pool aan hom gestel het dat hy aangekla word van diefstal van die Staat, dien dit daarop gelet te word dat op 2452 die Hof pertinent vir Pool gevra het of hy vir die beskuldigde die besonderhede verskaf het van die beweerde diefstal, en dat Pool soos volg daarop geantwoord het:

> 'U Edele ja-nee, ek het vir hom meegedeel wat die bewering is. Volledig soos wat De Beer vir ons gesê het wat daar - wat De Beer se weergawe aan ons was. Dit het ek vir die beskuldigde gesê.'

Pool was nie verder hieroor gekruisvra nie.

(iv) Beskuldigde se verskillende weergawes waarom, toe hy op hierdie klagte gearresteer was, hy nie vir die polisie gesê het dat hy die geld terugbetaal het nie, is totaal onaanvaarbaar en word verwerp.

(6) Beskuldigde het ook nie aan die polisie verdui-

hoe dit gekom het dat die R72 000 in sy besit gebly het.

(7) Die beskuldigde se getuienis oor die telefoon-oproepe wat hy van De Beer sou ontvang het en wat tot die brief, bewysstuk Q, aanleiding gegee het was vol weersprekings en hy het ook dikwels sy grond verskuif. Hierdie getuienis is heeltemal onbevredigend en onaanvaarbaar."

Die eerste, tweede en vyfde beswaar is myns insiens volkome geregverdig en wat daarin gesê is, moet ongetwyfeld teen die appellant tel. Wat die derde een betref, hoef slegs opgemerk te word dat wat vir die appellant geld, eweseer vir De Beer geld. Hy moes teen hierdie tyd geweet het dat sy geld by appellant was en volgens hom was hulle meermale na die gesprek met mekaar in aanraking. Waarom het hy niks gedoen om dit terug te kry nie? (Ek mag byvoeg dat appellant se onderneming om De Beer "reg te sien" <u>prima facie</u> strydig is met 'n bedoeling om te steel en dat ek dit moeilik

/282

vind om te glo dat appellant nie bewus was dat De Beer op 18 Oktober vasgestel het dat die polisie nie op die R72 000 beslag gelê het nie, en dat hy daarna nie die geld aan De Beer sou terug besorg het nie - al het dit hom vier maande geneem om dit te doen.) Wat die vierde beswaar betref, kan ek nie saamstem met die verhoorhof se vertolking van bew Q nie. Dit is waar, soos elders in die hof se uitspraak opgemerk, dat appellant se getuienis oor die inligting en opdrag wat hy aan sy prokureur gegee het deurspek is met weersprekings en alles behalwe oortuigend is; maar ek meen nie dat sy verduideliking sondermeer aan die hand van die inhoud van bew Q verwerp kan word nie. Wat die prokureur werklik in die brief te kenne gegee het oor die R100 000

is 'n raaisel. Eers word verwys na 'n "beweerde" R100 000 wat De Beer "beweerdelik" in appellant se koffer geplaas het. Later word gesê dat die bedrag wat hy in die "groot koffer geplaas het (wat dit ookal mag wees)" later in 'n kleiner tas geplaas is en "deur die Goudstaf amptenare daar uitgetel is" en tans "deel van die corpus delicti" vorm. De Beer het goed geweet dat die klein tassie waarmee hy en die appellant na Van Dyk se kamer is, net R28 000 bevat het wat inderdaad in sy teenwoordigheid deur die polisie getel is. Appellant se bewering dat sy prokureur De Beer op 'n bedekte wyse moes laat verstaan dat daar slegs op die R28 000 beslag gelê is, is dus nie so vergesog nie. Indien die bedoeling werklik was om te bevestig dat die

R72 000 nie in appellant se besit was nie, wonder mens waarom dit nie onomwonde gesê is nie en waarom die brief so geheimsinnig bewoord is.

In die sesde beswaar word appellant se versuim om die polisie in te lig oor hoe dit gekom het dat die geld in sy besit gebly het, genoem. Dat hy versuim het om dit te doen is so, maar ek meen dat in aanmerking geneem moet word dat die appellant hewig onthuts was oor sy arrestasie en oor die feit dat die pers dadelik daarvan te hore gekom het. Sy gemoedstoestand spreek duidelik uit sy getuienis en uit die onsinnige antwoord wat hy blykens bew AAA gegee het toe Pool hom gevra het of hy deur enigiemand aangerand of gedreig is om die verklaring te maak. Sy antwoord was:—

"Nee, ek was verplig om dit te sê . Ek is uit my eie gewete verplig om dit te sê."

Appellant se getuienis waarna in die laaste beswaar verwys word, is ongetwyfeld onbevredigend maar weereens moet die vir hom gunstige faktore nie uit die oog verloor word nie. Ek het reeds aangedui dat De Beer se getuienis dat daar net een telefoonoproep voor die ontvangs van bew Q was, eenvoudig nie waar kan wees nie. Appellant se bewering dat daar nog 'n oproep was waarin De Beer hom gedreig het, kom vir my baie meer aanvaarbaar voor. Sy probleem was dat hy daardie oproep aanvanklik gekoppel het aan 'n operasie wat sy dogter in die hospitaal op Springbok ondergaan het; sy getuienis was aanvanklik dat hy die oproep

in die hotel op Springbok ontvang het die aand voor die operasie. Toe dit aan hom uitgewys is dat die operasie uitgevoer is die dag nadat bew Q geskryf is, was hy heeltemal verward en het hy te kenne gegee dat die oproep wat hy in gedagte gehad het, vroeër moes gewees het maar dat hy dit nie spesifiek kon onthou nie. In ag genome dat daar op die waarskynlikhede voor bew Q 'n tweede oproep van De Beer moes gewees het, kan hy nie oormatig verkwalik word oor hierdie getuienis nie. Dit kom my duidelik voor dat sy geheue hom werklik in hierdie opsig in die steek gelaat het.

Dit is natuurlik moeilik om nie beïnvloed te word deur die leuens wat die appellant vrylik by die verhoor

verkondig het nie; dat hy dit gedoen het, kan trouens nie geïgnoreer word nie en nog minder kan die onbevredigende aspekte van sy getuienis oor die R72 000 oor die hoof gesien word. Maar op die keper beskou, gaan dit by die vierde aanklag oor hoe hy, met al die gebreke wat aan sy getuienis kleef, as getuie opgeweeg het teen De Beer, met al die gebreke wat aan sý getuienis kleef. Gedagtig aan die ligging van die bewyslas bestaan daar myns insiens nie voldoende rede om voorkeur aan laasgenoemde te verleen nie. Daarom kan die skuldigbevinding op die vierde aanklag nie bly staan nie.

Daar is 'n laaste aangeleentheid wat ek wil opper.

In die skriftelike betoogpunte sowel as in die mondelinge betoog is daar 'n onnodig skerp aanval teen die verhoorhof se uitspraak geloods. Ek het vroeër bv verwys na die ongeregverdigde submissie dat die verhoorhof 'n nuwe saak op die eerste aanklag teen die appellant probeer bou het. Elders in die skriftelike betoogpunte is, weereens sonder regverdiging, beweer dat die hof die appellant met 'n bewyslas beswaar het, nie aandag geskenk het aan sekere aspekte van die staatsgetuienis nie en in die algemeen onnodiglik kritïes gestaan het teenoor verdedigingsgetuies. En om die kroon te span, het die appellant in die deel van die betoog wat hy persoonlik behartig het, melding gemaak van besluite wat die verhoorregter vooraf sou geneem het. Dit is jammer.

dat dít die trant van die betoog was. Wat my juis getref het by die lees van die oorkonde was die sorg waarmee die finale uitspraak en die reeks interlokutêre uitsprake wat dit voorafgegaan het, voorberei is en die byna pynlike manier waarop elke puntjie wat deur die verdediging geopper is, oorweeg en behandel is. Die verhoorregter het die verhoor wat ongetwyfeld 'n bron van vermoeiens geword het vir almal wat daarby betrokke was, boonop met prysenswaardige geduld en tegemoetkomendheid behartig. Appellant het onomwonde te kenne gegee dat al die magte van die Staat teen hom gemonster is in 'n poging om sy persoonlike aansien en 'n bedryf waarby hy ten tyde van sy verhoor nog betrokke was (maar wat niks te make gehad het met die klagtes

teen hom nie), te skaad. Daarom het ek, anders as wat gewoonlik gebeur met 'n appèl wat hoofsaaklik teen geloofwaardigheidsbevindings gemik is, probeer aantoon, nie net dat ek nie oortuig is dat die verhoorhof se bevindings op klagtes 1, 2 en 3 verkeerd was nie, maar dat dit inderdaad korrek was.

Die resultaat is dat die appèl teen die skuldigbevindings op klagtes 1, 2 en 3 afgewys, en die appèl teen die skuldigbevinding op klagte 4 gehandhaaf word. Die skuldigbevinding en vonnis op klagte 4 word vernietig.

J J F HEFER AR.

NESTADT AR)
VIVIER) STEM SAAM.